UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VAN DORPSPLEIN TOT KANSEL

## ‘N PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE INVLOED VAN HUISBESOEK OP DIE PREDIKING

**deur**

**CHRISTOFFEL JOHANNES OBERHOLZER**

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD M.A. (TEOL.) IN PRAKTIESE TEOLOGIE, FAKULTEIT TEOLOGIE, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER : PROFESSOR HJC PIETERSE**
**MEDE-STUDIELEIER : PROFESSOR CJA VOS**

**NOVEMBER 2005**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SUMMARY**

In view of the overall dissatisfaction with the preaching of God's Word in general, it is necessary to find a practical theological solution to the problem. The importance of a personal house call by the minister or preacher with a view to actual and topical preaching already seems to pose an answer. A visit by the preacher gives the member of his congregation an opportunity to make a contribution to the sermon/message. The preacher must not only give a thorough exergesis of the text, but it is imperative that he should also be familiar with his listeners. The text as well as its context is of cardinal importance for the actual preaching. Knowledge of the context creates space for the text to make the message topical under the guidance of the Holy Spirit. The listeners want to hear the Lord in their own circumstances as well as to experience Him as their personal living redeemer. When either the context or the listeners' participation in the preaching is underrated, the listeners remain untouched by the message and hardly experience a Word- or Spiritual event. The dialogical communication process requires personal contact between preacher and listeners during which not only the preacher hears the voice of God and delivers a message in the course of his visit, but so that the church member will also be able to share his experience with God with the preacher, and then with the congregation. Members of the congregation are also biblically tasked to uplift one another with the Word of God. It is a source of great concern that more and more preachers and church councils have come to regard personal home visits as old-fashioned or even obsolete. The empirical research has strongly supported the concern and needs of church members as regards fruitful home visits by officials of the church. Church councils and spiritual leaders should firmly establish the practice of house calls as one of the basic cornerstones of a healthy and constructive communication with the view to the practical and topical preaching of God's Word.

**- - - - - - oo0oo - - - - - -**

**OPSOMMING**

In die lig van die ontevredenheid met die prediking in die algemeen, is dit nodig om ‘n prakties-teologiese antwoord te vind vir die oplossing van die probleem. Die belangrikheid van persoonlike huisbesoek deur die leraar of prediker met die oog op aktuele prediking blyk steeds ‘n antwoord op die probleem te wees. Die besoek van die prediker bied aan die lidmaat die geleentheid om as hoorder ‘n bydrae tot die prediking te maak. Die prediker moet wel deeglike teksuitleg doen maar dis baie belangrik dat hy ook sy hoorders ken. Die teks sowel as die konteks is van kardinale belang vir aktuele prediking. Kennis van die konteks skep ruimte vir die teks om die boodskap aktueel te maak onder leiding van die Heilige Gees. Die hoorders wil die Here hoor in hul eie omstandighede, maar ook beleef as lewende Verlosser. Word die konteks of die lidmaat se rol tot die prediking onderskat, vlieg die boodskap bo-oor hul koppe en van ‘n woordgebeure is daar min sprake. Die dialogiese kommunikasieproses vereis persoonlike kontak tussen prediker en hoorder, waar nie alleen die prediker die stem van God hoor en ‘n boodskap tydens sy besoek aflewer nie, maar waar die lidmaat ook sy ervaring met God met die prediker en dan die gemeente kan deel. Die lidmate het as hoorders ook die opdrag om mekaar met die Woord op te bou. Die bekommernis is dat al hoe meer predikers en kerkrade persoonlike huisbesoek deur die prediker en kerkraad as oudmodies of uitgedien afskryf. Die empiriese ondersoek het die bekommernis en behoefte van lidamte tot vrugbare huisbesoek deur die ampte sterk ondersteun. Kerkrade en geestelike leiers behoort huisbesoek as een van die basiese hoekstene van gesonde en opbouende kommunikasie met die oog op aktuele prediking te vestig.

- - - - - - oo0oo - - - - - -

## INHOUDSOPGAWE

BLADSY


| | | | |
|---|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | | **1** |
| | 1.1 | Prediking as opdrag | 1 |
| | 1.2 | Prediking as ervaring | 2 |
| | 1.3 | Prediking as lewensaar | 2 |
| | 1.4 | Prediking en huisbesoek in vennootskap | 3 |
| | 1.5 | Op die dorpsplein | 4 |
| **2.** | **PROBLEEMSTELLING** | | **4** |
| | 2.1 | Lidmate se verwagtings | 4 |
| | 2.2 | Leraar se waardebepaling | 5 |
| | 2.3 | Die stem van die gemeente word stil | 5 |
| | 2.4 | Omgeegroepe as middeweg | 5 |
| | 2.5 | Kerkmodelle en huisbesoek | 6 |
| | 2.6 | Huisbesoek en pastoraat | 7 |
| | 2.7 | Vervreemding | 7 |
| | 2.8 | Opbou | 7 |
| | 2.9 | Lidmate as klankbord | 8 |
| | 2.10 | As Termometer | 8 |
| **HOOFSTUK 1** | | | **10** |
| **1.** | **HERMENEUTIESE AANPAK** | | **10** |
| | 1.1 | K. Barth | 10 |
| | 1.2 | H.G. Gadamer | 12 |
| | 1.3 | Gerhard Ebeling | 13 |
| | | 1.3.1. Klem op verkondiging | 13 |
| | | 1.3.2. Teologie as hermeneutiek | 13 |
| | | 1.3.3. Taalbeskouing | 14 |
| | | 1.3.4 Van teks na preek | 15 |
| | 1.4 | Homiletiese eksegese en prediking | 16 |
| | 1.5 | Die situasie van die gemeente | 16 |
| **2.** | **HUISBESOEK AS KOMMUNIKASIE** | | **17** |
| | 2.1 | Die Ou Testament | 18 |
| | 2.2 | Die Nuwe Testament | 18 |
| | 2.3 | Verwording | 19 |
| | 2.4 | Johannes Calvyn | 19 |
| | 2.5 | Ander standpunte | 20 |
| **3.** | **SEKULARISASIE** | | **21** |
| | 3.1 | Sekularisasie | 21 |
| | 3.2 | Sekularisme | 21 |
| **4.** | **ONTLEDING VAN GEMEENTES** | | **22** |
| | 4.1 | Makro gemeentes | 22 |
| | 4.2 | Kleiner gemeentes | 22 |

**5. HUISBESOEK EN PASTORAAT** **23**

5.1 Informele kontak 24
5.2 Pastorale arbeid 25
5.3 Formele kontak 26

5.3.1 Bring die kerk huistoe 26
5.3.2 Bou verhoudings 27
5.3.3 Bring die kerk se aanbidding huistoe 27
5.3.4 Leemte 28

**6. DIE KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORIE** **28**

6.1 S. Kierkegaard 29
6.2 Jurgen Habermas 29
6.3 Koningkrykswaardes 30

6.3.1 Onvoorwaardelike vryheid 31
6.3.2 Onvoorwaardelike aanvaarding 32
6.3.3 Die mens as wese van God 32
6.3.4 Gepaste kommunikasie 32

**7. PREDIKING AS KOMMUNIKASIE** **32**

7.1 Definisies 33

7.1.1 Prediking 33
7.1.2 Dialogiese prediking 35

7.1.2.1 Die waarde van dialogiese prediking 37

7.1.3 Gemeentlike dialoog 38

7.1.3.1 Dialoog voor prediking 39
7.1.3.2 Dialoog tydens die prediking 40
7.1.3.3 Dialoog na die prediking of gedeelde dialoog 41

7.1.4 Aktuele prediking 42

7.2 Die gemeente en prediking 43

7.2.1 Kritiese vrae oor gemeente en prediking 45

7.2.1.1 God se woord 45
7.2.1.2 Die gemeente se oorsprong 46
7.2.1.3 Gemeente se opdrag 46

7.3 Die prediking as ambivalensie 49

7.3.1 Die Gees spreek 49
7.3.2 Die prediker spreek 50
7.3.3 Kommunikasiepunt tussen spreker en hoorder 50
7.3.4 Volgehoue kommunikasie 54

**8. KERKBESKOUING 55**

8.1 ‘n Prakties-teologiese ekklesiologie 55
8.2 Die Woord skep 55
8.3 Die gemeente is ‘n gemeenskap 56

8.3.1 Die Woord en die Gees skep die kerk 56
8.3.2 Die gemeente is ‘n unieke gemeenskap 57
8.3.3 Volharding van die kerk 57
8.3.4 Die Gees bring ekstra dimensie 57
8.3.5 Die werk van die mens as kerk 58
8.3.6 Uniek deur geloof 58

8.4 Die gemeente is verbondsgemeenskap 59
8.5 Die gemeente is ‘n belydenisgemeenskap 59
8.6 Die gemeente is ‘n diensgemeenskap 59

8.6.1 Diens as opdrag 60

8.7 Die geestelike gawes 61

**9. EKKLESIOLOGIESE MODELLE 61**

9.1 Die kerugmatiese model 62
9.2 Die diensmodel 62

9.2.1 Diakonie 62
9.2.2 Die sosiale situasie 63
9.2.3 Politieke verandering 63
9.2.4 God transformeer 64
9.2.5 Christus as voorbeeld 64

9.3 Die koinonia model 64

9.3.1 Behoefte aan kleingroepe 65
9.3.2 Opmerkings oor selgroepe 65
9.3.3 Gevaartekens 66
9.3.4 Bybelse beginsels 67

9.4 Die transformasiemodel 67

9.4.1 Versoening 68
9.4.2 Skrifgebruik 68
9.4.3 Kommunikasie 69

**10. WANGESTALTES VAN DIE KERK 69**

**11. DIE NUWE GEMEENSKAP 71**

**12. SLOTBESKOUING 71**

**HOOFSTUK 2** 74

**EMPIRIESE ONDERSOEK** 74

1. Inleiding 74
2. Die Woord en weer-woord met huisbesoek 74
3. Navorsingsdoelstelling en ondersoekmetode 75
4. Gemeente-analise en biografiese gegewens 76
5. Tabel 1 (Vraag 1) 77
6. Tabel 2 (Vraag 2) 84
7. Tabel 3 (Vraag 3) 88
8. Tabel 4 (Vraag 4) 91
9. Tabel 5 (Vraag 5) 95
10. Samevattende interpretasie 98
11. Die wisselwerking tussen literatuur en die resultate van die Empiriese ondersoek 100

    11.1 Huisbesoek 100
    11.2 Erediens 101
    11.3 Beleef God 102
    11.4 Nood van die wêreld 102
    11.5 Insette tot die prediking 103

12. Samevattend 104

**HOOFSTUK 3** 106

**RIGLYNE** 106

1. Die Kerkorde 106
2. Visitasie 106
3. Dialoog 107
4. Frekwensie van besoeke 107
5. Inhoud van gesprek 107
6. Leraar se program 108
7. Jeug 108
8. Vertroulike gesprek 110
9. Huisbesoekprogram 110
10. Nuwe intrekkers 110
11. Nood van die wêreld 110
12. Hoopvolle visie 110

**BYLAE A** 111

**BYLAE B** 113

**BRONNELYS** 134

## 1. INLEIDING

Vir eeue was niks so vas en seker in die christendom as die vorm van die aanbidding nie. Vandag is niks seker nie. Die verskillende style van christelike aanbidding reflekteer "*the patchwork of world cultures and the caleidoscopic tastes of current entertainment*" (Clowney, 1995:117). En hier moet die prediking sy rol vervul as verkondiging van Godswoord.

Dit is nie 'n aangename gedagte of onbelangrike saak wanneer mens besef dat die kerk se boodskap deur die prediking vanaf die kansel, nie sonder meer die mens vandag blinkoog en opgewonde maak nie. Baie het verander in die wêreld en so ook wat die meeste gemeentes in die N.G. Kerk se eredienste betref. Dit is verblydend dat die kerk nie so verstrik geraak het, dat vernuwing as onnodig beskou is of as onbybels geag is nie. Wat die prediking betref, is die aangeleentheid nog in 'n noute of drukgang wat roep om besinning, sodat die hoorder die Woord weer met blydskap en entoesiasme kan hoor. Die inhoud bly die goeie boodskap van die gekruisigde JESUS en die Opgestane Verlosser, maar die verkondiging hiervan verdien 'n pad van besinning wat die gemeente opgewonde kan maak. Die feit bly staan dat die mens van die hede die tradisies en praktyke van die kerk bevraagteken, sodat die kerk geensins kan vasklem aan gebruike wat die mens nog verder van geleenthede om die waarheid te hoor, kan vervreem nie. Die invloed van sekularisering het die mens se hart kom opeis.

### 1.1 PREDIKING AS OPDRAG

Die gemeente is gelowiges in Jesus Christus en vergader as gemeente om God te aanbid. Tog is daar baie lidmate wat in Jesus glo, maar nie op 'n Sondag gereeld aanbid nie. Sondag is hulle rusdag en ontspanning - 'n dag vir reis, familiesake, lees en televisie. Heelwat christene voel dat die kerk nie so noodsaaklik vir hulle christelike lewe is nie. Sommige beweer selfs dat hulle nader aan God voel op die golfbaan of as hulle in die veld stap, meer as wat hulle God in die erediens beleef (Alston jr, 2002:31).

Die evangeliedienaar moet hiervan kennis neem, want ons het die opdrag van die KONING van alle konings om tydig en ontydig Sy boodskap van redding en versoening te laat hoor. Vir baie is die prediking onnodig en van verbygaande aard, omdat die Woord van God skynbaar nie meer dieselfde trefkrag het en belewing bring as in die vorige geslag nie. König (1998:65) stel dat lidmate vir die grootste deel van die erediens passief is, selfs met huisbesoek. Die gepredikte Woord word as te stereotiep, oninteressant en doods verklaar. Die rede hiervoor is dat die atmosfeer in die erediens baie styf en formeel is met min spontaniteit. Lidmate is te onbetrokke

en doen nie moeite om hulle in die liturgie in te leef nie. Van ‘n ervaring met God is daar min sprake (König, 1998:50). Ander ervaar dat dit lewens- en wêreldvreemd is (Smuts, 1988:40). Dis ‘n pynlike gedagte as aanvaar word dat die boodskap van Jesus Christus as Lewende Here, lewe wek en God se pad van genade na die mens openbaar. Die wêreld met sy denke oor God en die kerk het nie net in die gedagtes van die buite-kerklike mens negatiewe reaksies teweeggebring nie, maar aan die ander kant weer betekenisvolle verwagtinge in die denke van die lidmate van die kerk laat groei na ‘n ontmoeting met die Lewende Here Jesus in elke erediens.

## 1.2 PREDIKING AS ERVARING

Baie is al geskryf oor die problematiek van die prediking en veral oor die monologiese aard daarvan. Dit blyk dat die preek wat sedert sy ontstaan in die vorm van ‘n lering of onderrig was, hoorders genoop het om stil en ordelik te wees. Die gemeente moes goed kon hoor en verstaan. Tans leef ons in ‘n kultuur wat minder formeel is, meer ontspanne en waar mense behoefte het om nader aan mekaar te kom (König, 1998: 70, 71). Hierdie studie is ‘n beskeie poging om die prediking te laat leef as gebeure in die hart van die gemeente met elke erediens. Dis wat die lidmate soek, naamlik ‘n ervaring met die Lewende Here Jesus. Die vraag is hoe kan dit gebeur? Dit is nogal ‘n groot struikelblok om lidmate in die erediens betrokke te maak, want die deursnee N.G. lidmaat het ‘n baie arm godsdienstige lewe. Daar is min direkte godsdienstige aktiwiteit of betrokkenheid en min blootstelling aan sinvolle Bybelstudie of geestelike gesprekke oor die evangelie en oor samelewingsprobleme in die lig van die evangelie (König, 1998:97).

‘n Verandering is alleen moontlik deur die Heilige Gees. Tog is my gevoel dat die kerk deur sy leraars wel ook uit genade ‘n besondere bydrae kan maak. Die prediker sal sy oog en oor tydens die voorbereiding van Sondag se prediking, op diegene moet rig wat die erediens bywoon. Hy moet nie alleen die teks as belangrik beskou nie, maar ook die konteks van die gehoor. Hy moet ernstig poog om die mens in sy werklike situasie te bereik (Jonker, 1970:211). My oortuiging is dat huisbesoek by die woonplek van die lidmaat ‘n verskil behoort te maak, mits die doel van huisbesoek reg verstaan en toegepas word. In ‘n tyd waarin die anonieme mens gedurig op soek is om sy eensaamheid weg te jaag, het hy juis groot behoefte aan die warme gemeenskap van die geloof waarin hy tot rus kan kom (Müller, 1985:99).

## 1.3 PREDIKING AS LEWENSAAR

Alston (jr) tipeer die kerk as ‘n gemeenskap van behoeftes. Wanneer die gemeente goed funksioneer as ‘n menslike gemeenskap dien dit as ‘n skakel tusssen God se vernuwende werk in die wêreld en die behoeftes van mense. Dit beteken nie dat die evangelie beset word deur die behoeftes van mense nie. Dit neem ook nie die goddelike inisiatief weg wat die evangelie

proklameer nie. Inteendeel, dit bevestig God se liefde en sorg vir mense met egte nood. Om die gemeente as ‘n gemeenskap van behoeftes te beskou, sê bloot dat tensy die kommunikasie en viering van die evangelie nie gekoppel word aan die nood van mense nie, die kerklike lewe vrugteloos word, ‘n roetine, irrelevant en baie vervelig (Alston jr, 2002:69).

Met al die stemme wat opgaan, het ek die gevoel dat die ampte dalk eendag, wanneer groot geestelike armoede en talle bedieningsgeleenthede verlore gegaan het, dan groot pogings sal wil ontwikkel om huisbesoek, as belangrike element tot aktuele prediking, weer te propageer en as belangrike slagaar van die pastoraat en prediking weer op die spoor te kry. Leraars mag anders dink en redeneer, maar die feit bly staan dat lidmate en hul behoeftes nie sonder meer weggevee kan word nie. Daar is twee kante van die saak. Adams (1981:77) verteenwoordig die een kant van die spektrum waar hy sê: ”*Indeed in our day of sprawled – out cities, modern communication, rapid transportation etc., making house calls is probably one of the most ineffective and inefficient methods of visitation available”.* Aan die ander kant sê Deddens (1988:161) *“wij hebben niet veel woorden nodig om tot de conclusie te komen dat het huisbezoek in gods gemeente een onmisbaar onderdeel vormt van de ambtelijke dienst…… Wie het huisbezoek uit gods gemeente zou weghalen, zou onberekenbare schade toebrengen aan de kerk”.*

**1.4 PREDIKING EN HUISBESOEK IN VENNOOTSKAP**

Voorstanders mag tussen die pole van huisbesoek en prediking kies oor watter een die belangrikste is. Dit is nie die doel van hierdie studie nie, maar juis om die noue verband tussen die twee sake te bevestig. Dit gaan verder as die gemeente. Die kerk het die opdrag om soos Christus die wêreld in die oog te hou (Matteus 28). God is nie net God van die kerk nie, maar Hy heers ook oor die wêreld wat Hy geskep het en na wie Jesus gestuur is om die wêreld te red. Waar die studie dan ook handel oor die prediking en die mens op die dorpsplein, wil ek veral kyk na die prediking as ervaringsgebeure in die erediens, maar ook waar die lidmate as getuies van Jesus Christus, vanuit hul konteks, ook die woord van GOD kan hoor en die leraar self, deur sy kontak met die lidmate by wyse van huisbesoek, die pastorale gesprek as ‘n Woordgebeure beleef . Dit bring mee dat die leraar as bedienaar van die Woord nie ‘n boodskap by ‘n huis kom aflewer nie, maar self ook deur die kommunikasie met lidmate tydens huisbesoek, gekonfronteer word met die Woord van God. Dit is belangrik om te bevestig dat die Bybel as God se Woord die belangrikste Bron van kennis bly (Smuts, 1988:45). Dit is waar ons God se spreke met die mens verneem. Die prediker as eerste aangesprokene deur die teks, mag nie so deur die stem van die mens en sy situasie aangespreek word dat hy te horisontaal luister en hy nie in die belangrikste plek God se stem hoor nie (Jonker, 1970:214). Die vrae en probleme van die

mens mag by die prediker se uitleg van die Woord in sy hart wees, maar hy verkondig nie vrae en probleme nie, maar die Woord van God vir die mens met sy vrae en probleme (Jonker, 1970:214). Die prediking as kommunikasiegebeure wil ook die boodskap van God rig op die wêreld as deel van God se koninkryk. As kerk mag ons nie vergeet dat ons uit die wêreld gekom het en deur God se genade Sy kerk geword het nie. Die kerk is nog in die wêreld. Die gemeente is nie uit die wêreld gehaal nie. Die kerk is eintlik deur Jesus na die wêreld "teruggestuur " om as Sy getuies, Sy liefde en genade voor te leef. Die gemeente leef nie in isolasie nie en bestaan nie ter wille van haarself nie (Louw, 1980:141). Gemeentes leef tot eer van God en tot heil van die wêreld (Pieterse, 1991:92).

### 1.5 OP DIE DORPSPLEIN

Die dorpsplein sluit dus die mense in wat kontak met die kerk het of wie se name op die registers van die gemeente staan, maar nie meer die behoefte het om die eredienste by te woon nie. Dit sluit ook hulle in wat in die sfeer van die lidmate beweeg wanneer die kerk by die werk of speelplek van die wêreld inbeweeg. Dorpsplein verwys eintlik na die lewe en belange van lidmate sowel as die leefruimtes van mense in die algemeen. Dis op die dorpsplein waar die gemeente 'n lig en sout moet wees vir die ongelowiges. Die nood en die seer van die wêreld moet weer aan die anderkant, die hart van die lidmaat aanraak en in beweging bring om die salf van die Woord as geneesmiddel aan te bied (Müller, 1985:94,95; Sweazey, 1905:311; Jonker, 1976:121). Dis tussen mense waar die Woord troos en hoop en lewe moet bring.

## 2. PROBLEEMSTELLING

### 2.1 LIDMATE SE VERWAGTINGS

Op die platteland waar lidmate baie meer kontak met mekaar het vanweë hul besondere belangstellings in en gemeensaamheid met mekaar, leef daar by hierdie lidmate die verwagting dat die leraars, op 'n gereelde basis persoonlik by hul woonplek besoek sal aflê. Hul motiverings wissel vanaf tradisionele redes, naamlik dat dit van die predikant verwag word om jaarliks by elke lidmaat huisbesoek te doen, soos oorgelewer deur vorige kerkbesluite en tradisies... tot die behoefte aan kontak met die leraar om geestelike groei (Cox, 1985:32). In die stede blyk die oordeel en verwagting ten opsigte van huisbesoek anders te wees. Dit hang met verskeie faktore saam soos privaatheid en onbetrokkenheid van lidmate. Die woonplek word al meer 'n hawe of vesting waar die inwoners hulself wil beskerm teen al die indringers van buite. Die kerk en by name haar ampte, is lankal nie meer die gas wat te eniger tyd met hartlikheid ontvang word nie.

## 2.2 LERAARS SE WAARDEBEPALING

Aan die ander kant blyk dit dat leraars al meer bevry of verskoon wil word van hierdie kommunikasie-geleentheid om ‘n verskeidenheid van redes wat nie in hierdie ondersoek getoets word nie. Die feit is dat persoonlike tradisionele huisbesoek, volgens ‘n huisbesoekprogram, as ‘n onnodigheid en om dit kru te stel, as ‘n irritasie beskou word, wat al meer deur leraars en kerkrade uit hul program geskuif word. Cox (1985:34) merk op dat die predikers met belangstelling die inligtingsbronne raadpleeg om die Woord se boodskap te verstaan, maar nie bronne raadpleeg om die mens tot wie die Woord gerig word, te verstaan nie. Luther het bevestig dat die WOORD van die Here nooit losgemaak kan word van die volk van God nie. Tereg sê Cilliers dat die teks vir die erediens nie aan die prediker behoort nie, maar aan die gemeente en *“moet as’t ware van lidmaat na lidmaat aangegee word om van alle kante bekyk en beluister te word.”* Hy sê voorts: *“om te preek is nie om buitekant of bokant die gemeente te leef nie, dis eerder om in-stemming met die gemeente rondom ‘n Bybelteks te vind”* (2002:HTS Teol Stud).

## 2.3 DIE STEM VAN DIE GEMEENTE WORD STIL

Waar huisbesoek afgewater of afgeskaf raak, word die stem van die gemeente stil in die preekmaakproses. Prediking is nie alleen gerig op die gemeente nie, maar dit kom ook op uit die gemeente (Pieterse, 1988:49).

Die gemeente bring die wyer konteks waar die teks geplant word in sosio–ekonomiese, politieke, ekologiese en etiese situasies (Pieterse, 1988:55). Die verhouding tussen teks en konteks begelei aktuele prediking (Adams, 1982:35), anders praat teks en konteks by mekaar verby (Goedhardt, 1984:58, 61). Klagtes van gemeentelede behels dat prediking te eensydig, monologies is (Dingemans, 1991:21).

## 2.4 OMGEEGROEPE AS MIDDEWEG

Op grond van die Bybelse metafore vir die kerk, soos die “liggaam“ van Christus, “volk “ van God en die feit dat Paulus die medegelowiges aanspreek as “broers“ en “susters“ versterk die gedagte dat die gemeente ook as ‘n familie beskou kan word (Burger, 1997:155). Dit blyk dat waar die vroeë gemeentes eintlik huisgemeentes was op grond van hul kleinerige getalle, die huidige behoefte ook aanwesig is om die gemeente in kleiner groepe te laat verdeel op grond van eie keuse deur lidmate. Die rede vir sodanige behoefte aan kleiner groepe is om die volgende redes, naamlik om mekaar te bedien met hulle geestesgawes en sorg en in die wêreld as sout en lig te

leef. Burger haal ook die waarskuwing van Parker Palmer (The company of strangers) aan wat onrustig voel oor die gedagte van ‘n gemeente in ‘n gemeente. Hoe verhelderend die familiemetafoor om kerkwees te beskryf ookal is, hou die oorbeklemtoning daarvan sekere gevare in, naamlik dat die kleingroep byna ‘n romantiese karakter verkry teenoor gemeente wees wat dan te lomp of onprakties blyk te wees. Hy noem verder dat die metafoor van die familie ‘n beeld kan vorm waarin ons net die intimiteit, rustigheid en warmte van ‘n hegte familie raaksien. Dit kan veroorsaak dat talle lidmate die kerk nie meer beleef as ’n plek van vernuwing en bekering nie, maar eerder as ‘n plek van ontvlugting, ‘n hawe waar jy skuil omdat jy die lewe daarbuite vrees. Palmer, vermeld Burger, sien veral twee verdere probleme met hierdie kerkgroepe wat hulself net as intieme families sien, raak. Sulke groepe is nie gewillig om verskeidenheid en heterogeniteit wat deel van die kerk behoort te wees, te verwelkom nie. Hulle voel bedreig as mense wat “anders“ is die groep sou binnekom. Mettertyd voel sulke mense ontuis en onttrek met groot skade vir die gemeente, vanweë die liefdelose optrede van die bestaande groep se lede.

‘n Kerk wat net as ‘n veilige hawe funksioneer, kweek dikwels onbewustelik ‘n houding van onttrekking aan die samelewing. Met so ‘n houding word die hart van kerkwees verloën, omdat die kerk van Jesus Christus juis geroep is om betrokke te wees by en diens te lewer aan die gemeenskap. Daar sou optredes ingebou kan word om sulke vrese die hoof te bied, maar volgens my standpunt mag die groep se bestaan nooit belangriker word ten koste van die gemeente as geheel nie. Ek aanvaar dat die kleingroep baie meer voordele inhou as nadele, maar wat die prediking en die pastoraat betref, is ek daarvan oortuig dat lidmate in die veiligheid van hul eie woning die leraar wil ontvang om ‘n persoonlike pad met hom of haar te stap.

Omgeegroepe of selgroepe blyk voordelig te wees vir leraars ten opsigte van die prediking, maar ek glo nie dit het dieselfde waarde as ‘n persoonlike aanklop by die adres van die lidmaat nie. Verskeie redes kan aangevoer word waarom persoonlike besoeke meer waarde het. Persoonlike getuienisse en geloofservarings of mislukkings word makliker deur gesinne in hul eie woonplek geopenbaar as in ‘n groep waar die individu dikwels nie maklik deelneem nie. Aktuele prediking is onder druk as persoonlike gesprekke in die gemeente onderskat of ondergrawe word.

## 2.5 KERKMODELLE EN HUISBESOEK

In gemeentes waar die herder-kuddemodel funksioneer, is dit duidelik dat lidmate wat in so ‘n model veilig voel, ‘n baie hoë eis aan die leraar van so ‘n gemeente stel om baie gereeld en baie getrou huisbesoek te doen. Die persepsie heers dat die leraar as gesant van God die lidmate op hul geloofspad ten nouste moet bystaan en help. Behalwe hul verhouding met God, is ‘n goeie

en naby verhouding met die leraar van groot belang. Wie hierdie relasie verwaarloos, kan 'n stem roepende in die woestyn word. Dit sou grens aan die teleurstelling van lidmate. Selfs by die liggaamsmodel waar onderlinge diens en betrokkenheid van lidmate volgens hul geestelike gawes saamgesnoer word in hul eenheid en afhanklikheid van mekaar, kan huisbesoek net beter gemeente betrokkenheid bevorder.

## 2.6 HUISBESOEK EN PASTORAAT

Huisbesoek en die pastoraat kan nie van mekaar geskei word nie (Donald Capps en D.W. de Villiers, 1982:57). Dit sal 'n klein persentasie lidmate wees wat tevrede is met geen huisbesoek van die leraar nie, maar dit sou 'n misleiding wees indien leraars slegs besoeke bring aan lidmate waar siekte of een of ander krisis beleef word. Dis is wel 'n belangrike taak, maar iemand het elders gesê dat al preek jy soos 'n engel maar jy besoek nie die stukkendes en beseerdes nie, sou jy mense nie opgewonde maak oor die krag van die kruis nie. Die vraag is of daar nie te veel klem op die siekes gelê word ten koste van die gesondes wat gesond moet bly nie?

## 2.7 VERVREEMDING

Die vraag bestaan of lidmate wat aan die leraar onbekend is en andersom, wel die vrymoedigheid sal hê om in 'n bepaalde situasie of met 'n pastorale probleem na die leraar te gaan? Is die aanvaarbare nie dat lidmate wat met die leraar bekend is, hul skrede sal wend tot hom wat hul vertrou nie? Huisbesoek behoort 'n besliste invloed op die pastoraat te hê. Dit wil blyk dat huisbesoek voorkomend kan wees en nie net genesend wanneer die leraar geskakel word om te kom bid vir die sieke of moedelose nie. Persoonlike kontak bind die lidmaat aan die gemeente.

## 2.8 OPBOU

Sommige gemeentes het bepaalde praktyke in plek om nuwe intrekkers te verwelkom en tuis te laat voel. By ander is dit die laaste poging om die groei en volledige inskakeling van 'n nuwe lidmaat te bevorder. Die ampte het die opdrag om die gemeente geestelik te begelei en op te bou. In "Die kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1997. Ordinansie 2: 2, 3, 4" word die volgende vasgelê: *"(Ouderlinge) besoek jaarliks saam met die predikant al die gesinne en lidmate."*

Lidmate behoort gelei te word tot lewensverantwoordelikheid binne die praktyk van die alledaagse lewenssituasies. Huisbesoek kan die Lig bring en lidmate bemoedig om anders as die wêreld wat ver van God leef en weinig ruimte vir ander mense bied omdat hulle nie welvarend

of belangrik is nie, die mede-gelowiges asook die ongelowiges met Christus se liefde en barmhartigheid te bly dien. Vanaf die kansel is dit maklik om die eise van die Skrif voor te hou, maar dit bied soveel meer krag waar die Woord op ‘n persoonlike vlak by ‘n lidmaat se tuiste oopgemaak word en die lidmaat met eerlikheid bieg oor die stryd om in die werksplek die eer van God te handhaaf. Die begrip van die leraar vir ‘n lidmaat se kruispad vanweë sy geloof in Christus en die lidmaat se moed om te volhard, kan moeilik op ‘n beter wyse gevestig word as deur ‘n persoonlike besoek van die leraar.

## 2.9 LIDMATE AS KLANKBORD

Huisbesoek kan as die ideale klankbord vir die prediking dien. Tydens huisbesoek het die leraar die geleentheid om die lidmaat uit die Woord van God te lei om sy lewe na die Skrif te vorm. Hoeveel lidmate neem nie hul toevlug tot geestelike dagboeke en word die Woord van God al meer oorbodig, want tekste en trooswoorde is kort en bondig? Daar hoef nie dieper gedelf te word nie. Huisbesoek kan weer die Skrif se waarde en erns bevestig waar lidmate hul lewensvrae en behoeftes openbaar. Terselfdetyd het die leraar die geleentheid om die trefkrag van die prediking te toets of selfs die sake of onderwerpe wat vrae in die gemoed is, in die prediking aan die orde te stel. Huisbesoek stel die geleentheid aan die soekerlidmaat om sy hart voor God bloot te lê en ‘n trooswoord in die prediking te vind.

## 2.10 AS TERMOMETER

Dit blyk dat erediensbywoning soos weergegee in die syfers in die konsistorieboek die enigste maatstaf is wat die meeste gemeentes gebruik om die groei al dan nie van die gemeente te bepaal. Syfers is sekerlik belangrik om tendense te kan bepaal, maar hoe word lidmate se lewensstyl verander? Hoe word doelwitte verander? Wat het geword van die kerklike tug wat veronderstel is om ‘n gemeente se spiere te wees wat die liggaam bymekaar hou en ordelik laat funksioneer? Huisbesoek, veral ook deur die ouderlinge, kan hierdie verwaarloosde krag tot liefde en omgee, weer herstel. Dit is by die lidmaat se tuiste waar hierdie spiere weer versterk moet word met liefde en sorg. Watter kennis het leraars van die kudde, behalwe soms die skinderstories of afgunstigheid van ander lidmate wat floreer in hul liefdeloosheid. Oor die drumpel, in die hart van die gemeente word die polsslag gevoel. Die kansel is soms so vêr oor die eerste leë kerkbanke, dat relasies moeilik gebou word in ‘n erediens, ten spyte van die leraar se erns met die liturgie om die kloof tussen God en mens en leraar en gemeente te oorbrug.

Daar word dus in die studie gepoog om die belangrikheid van die lidmaat se bydrae tot prediking te ondersoek asook die leraar se noodsaaklike kommunikasie met lidmate ten einde aktuele prediking te vestig.

Daar sal veral aandag gegee word aan die kommunikasiegebeure in die erediens en tydens huisbesoek. Dit sal 'n literatuurstudie wees met klem op die rol van die lidmaat in die preekmaakproses.

Die tweede hoofstuk word gewy aan 'n kwalitatiewe ondersoek in twee gemeentes van die Ring van Heidelberg wat hoofsaaklik op die platteland gevestig is, hoewel talle lidmate in die stede en groter sentra werksaam is. Onderhoude is met lidmate gevoer aan die hand van vrae om hul bydrae tot aktuele prediking en hul verwagtinge van die prediking te bepaal asook die behoefte of waarde van die leraar se besoek aan huis van die lidmaat.

Die derde hoofstuk lê die gevolgtrekkings bloot en bied enkele riglyne.

## HOOFSTUK EEN

In hierdie hoofstuk word 'n hele aantal faktore wat 'n rol in die geloofskommunikasie speel kortliks bespreek. Die doel daarvan is om 'n raamwerk te bou waarin die kontak en kommunikasie in die prediking en huisbesoek op 'n deurslaggewende wyse op mekaar inspeel. In die hoofstuk dra paragrawe 2 en 7 dus sleutelkonsepte.

### 1. HERMENEUTIESE AANPAK VIR DIE VERSTAAN VAN DIE TEKS VIR PREDIKING EN HUISBESOEK

Daar word aanvaar dat daar 'n spanningsveld tussen die teks en die huidige hoorder van die teks bestaan, waar die hoorder probeer om in te dring in die teks vanuit sy eie konteks. Dingemans (1991:15) toon drie soorte hoorders, te wete:

a) die mense tot wie die woorde gerig word binne die teks
b) die eerste lesers van die tekse
c) die hoorders op 'n afstand, die huidige kerkgangers.

Die oorspronklike lesers en hoorders van die Bybelse geskrifte het die teks vanuit hulle spesifieke agtergrond gehoor en die skrywers het daarmee rekening gehou. Die skrywers het by die lesers baie sake veronderstel, want hulle het in dieselfde wêreld geleef. Ons weet niks hiervan nie. Hierdie tekste het gefunksioneer in 'n spesifieke hermeneutiese konteks. Hermeneutiek is die leer van die verstaan. Ons kan die teks of letterlik, of simbolies of allegories lees volgens Dingemans (1991:69), want taal is nie net feite nie, maar ook gevoelens.

Sonder om in te gaan in die vroeë denke van geleerdes rondom hermeneutiek, wil ons by die mees resente skeppers verwyl, ten einde hulle bydrae tot die verstaan van die teks en die hoorder, te kan verstaan.

#### 1.1 K.Barth

Sy Romeinebrief het die groot wending gebring ten opsigte van die ou begrip van die teologiese hermeneutiek, wat behels het dat dit slegs die reëls vir die eksegese uitspel. Dit het bloot as hulpmiddel vir die metode van Skrifuitleg gegeld, terwyl met eksegese die uitleg self bedoel is. Barth se Skrifbeskouing is vanuit die inkarnasie te verstaan, naamlik dat dit 'n eenheid is van Godswoord en mensewoord. Hy onderskei tussen drie vorme van die een Woord, naamlik :

a) die Woord van God in die oorspronklike openbaring van Christus

b) die Woord van God in die Bybel wat die getuienis is van die oorspronklike openbaring

c) die Woord van God in die prediking van die kerk (Pieterse 1979:23)

Die Bybel is die Woord van God, maar nie vanself nie. Dit kan Godswoord word wanneer daar 'n wonder gebeur en God deur 'n sondige mens spreek en dit dan God se Woord word.

Soos die twee nature van Christus, so word God se Woord en die mens se woord onderskei. Hiemee poog Barth om die tweeslagtigheid van die historisme, naamlik 'n wetenskaplike en praktiese Skrifuitleg uit te wis. Vir hom is God nie 'n Fenomeen wat ondersoek kan word nie. Die Objek van die teologie wat Subjek geword het, moet weer Objek word, sodat die prediking weer 'n gebeure kan wees. Dit is in die prediking, deur die hoor en verstaan deur die werk van die Gees, dat die Skrif God se Woord word. Die Hermeneutiek is die wyse waarop die gaping oorbrug word. Vir Barth is die soewereiniteit van God belangrik, want so kon God weer deur die mens gehoor word. Volgens Barth het die histories-kritiese metode gefaal, deurdat dit min waarde toon vir die verkondiging en die teologie. Die metode ignoreer die werklikheid van die mens se bestaan. Hy ontwikkel so die teologiese eksegese. Hier kom die Bybel as Woord van God aan die orde en nie die skrywers of historiese ontwikkeling nie. Sy teologiese eksegese is gerig op die verstaan van die Skrif vir die huidige lewe.

R. Bultmann het by Barth aangesluit met sy metode van "ontmitologisering" waar hy klem plaas op die suiwer Woord van God deur alle onsuiwerhede uit te skakel, sodat slegs God se Woord weer gehoor kon word. Heyns (1966:26) soos aangehaal deur Pieterse se omskrywing van mitologie is soos volg: *"wanneer tipiese aardse verskynsels en gebeurtenisse as ingryping van bonatuurlike goddelike of demoniese magte beskrywe word. Die mitologiese denke beteken dat wat wêrelds is, as nie-wêrelds beskrywe word, wat menslik is, as goddelik en wat in die wêreld is as bo die wêreld beskrywe word. Maar dan is die omgekeerde ook waar, van die bonatuurlike word in terme van die natuurlike gespreek en die onsigbare word in terme van die sigbare uitgedruk"* (1979:31).

Hy lê groot klem op die vertolking en verstaan van die Skrif omdat hy die evangelie verstaanbaar wou maak vir die moderne mens. Hy verklaar dat die wêreld van die Nuwe Testament mitologies is, wat meebring dat die huidige mens wat beïnvloed is deur die wetenskap en teologie, nie hierdie mitologiese wêreld aanvaar en verstaan nie. Vir hom word die leefwêreld van die huidige mens te min in aanmerking geneem. Daar moet begrip wees vir die kloof tussen die moderne mens en die Skrif se ontstaantyd (Pieterse, 1979:26, 28). Hy vra dat daar nie soveel van die mens verwag word om die Skrifwaarhede blindelings te aanvaar nie. Dis moeilik om historiese

dokumente te verstaan. Die verstaan is belangrik, voordat dit iets vir die huidige mens kan sê. Die historiese Jesus is vir Bultmann onbelangrik. Wat saak maak is die gepredikte Jesus. Hy verryk die Hermeneutiek in die sin dat hy die evangelie in hierdie gesekulariseerde wêreld in eietydse terme en op 'n aktuele wyse tuisbring. Maar sy hermeneuse het die Woord ingekluister sodat die sprekende dinamiek van die Woord ontmagtig is, asook dat 'n verskraling van die inhoud en die sentrale motief van die Skrif gevolg het en uiteindelik 'n onvermoë om die appél van die aktuele Woord in die hede uit te druk (Pieterse, 1979:32).

### 1.2 H.G.Gadamer

Hy sluit aan by Heidegger se syns–analise: mense kom tot ver-staan, omdat hulle bestaan. Hulle is gegrond en gewortel in die syn van die werklikheid. Die wetenskap interpreteer die werklikheid so presies moontlik met behulp van matematiese modelle, hulle stel 'n netwerk van begrippe en formules oor die werklikheid wat natuur genoem word. In menslike kontak interpreteer ons miskien minder feitelik, maar ons doen in feite dieselfde: ons poog om die werklikheid te vang in 'n netwerk van taal, woorde, verhale, simbole en beelde. Ons lê altyd 'n verstaansnetwerk oor die werklikheid (Dingemans, 1991:73-74).

Gadamer verset hom juis teen starre "metodes". Hy sê ons verstaan is gegrond in 'n "*voorland",* 'n direkte relasie tussen die werklikheid wat ons interpreteer of die teks wat ons lees en onsself. Ook die verhouding met God word aan ons gebied in 'n tradisie van godsdienstige ervarings: 'n voorland wat aan ons interpretasies en bestudering voorafgaan. Dit bring ons tot 'n oordeel; dit spreek ons aan of nie. Daarom het ons 'n vooroordeel of 'n voormening. Die vooroordeel word getoets en aangepas namate jy weer en weer kyk en hoor. So word jou mening reggestel deur die kyk en praat. Kritiek hierteen is dat lesers te willekeurig met die teks omgaan. Dit moet wetenskaplik nagevors word.

Gadamer sê tekse het 'n interpretasiegeskiedenis. Die wisselwerking tussen die teks en die hoorders/lesers is 'n belangrike feit in die interpretasie van die teks. Hy sê ons kan tekse nooit onbevooroordeeld en objektief lees en verklaar nie, maar dat ons altyd vanuit 'n voorgegewe kader en lang tradisie, nie buite kan gaan staan nie, maar dat die Bybel steeds opnuut uitgelê en geïnterpreteer moet word. Elke tyd en kultuur moet die Bybel op 'n eie wyse lees en verstaan. Hy praat van *"horisonversmelting",* bedoelende dat die horison van netwerke van die verlede en hede moet saamvloei (Dingemans, 1991:79). Die gedagte behels dat die wêreld van die verlede en die hede nooit kan saamval nie, maar die horisonne kan saamvloei of oorvloei. Die gesprek of dialoog is 'n belangrike middel om tot verstaan te kom. In die gesprek tussen teks en leser, verlede en hede lê die waarheid (1991:80). Die interpreteerder hoef nie sy eie situasie te verloën

wanneer hy hom verplaas in die wêreld van die skrywer van die teks nie (Pieterse, 1979:34). Hierby sluit Ebeling aan. Die syn is dan in die taal self. Waar taal is, is werklikheid. Hy ondersoek dus die werklikheid in die taal (van die teks) wat sigself uitspreek.

### 1.3 Gerhard Ebeling

Hermeneutiek is nou nie meer 'n eksegetiese hulpmiddel nie, maar word die leer van die verstaansproses, want waar gepraat word en die taal gebesig word, is daar altyd gebeure. Ebeling vra eintlik hoe ons verantwoordelik oor God kan praat in 'n tyd en wêreld waar spreke oor God nie so vanselfsprekend is nie. Die kern van sy teologie is dat daar 'n sterk relasie is tussen Woord en geloof. Die mens het 'n behoefte aan 'n egte Woord, die Woord van God. Waar hierdie Woord die mens reg aanspreek, kom geloof. Omdat die verstaanshorison van elke geslag verskil en die gebeure wat die grondwaarhede van die geloof is in die verlede lê, het ons vandag 'n vertaalprosedure nodig om reg te kan verstaan. Die teologie moet dus die interpretatiewe middele voorsien wat die aktuele verkondiging kan help.

#### 1.3.1 Klem op Verkondiging

Die mens kan nie sonder God bestaan nie. Daarom moet die teologie maniere daarstel waar God weer opnuut ter sprake kom in 'n nuwe situasie. Die verkondiging klink vreemd, omdat dit so min met die werklikheid te doen het. Dit is nie Godswoord in vandag se taal nie. Die prediking sê Pieterse (1979:36) moet weer laat gebeur wat eens gebeur het. Hy is duidelik waar hy sê dat die geskiede kerugma nie weer tot 'n hier en nou geskiedende kerugma gemaak kan word deur blote repetisie van die teks nie. Dit is juis die probleem met die verkondiging van die huidige tyd. Dit hang dalk saam met die feit dat die prediking in 'n ander verstaansituasie is. Die situasie verskil van die situasie waarin die kerugma sy oorspronklike neerslag gevind het (Pieterse, 1979:37). Egte verkondiging is wanneer die Woord aan die woord kom, want die heil word bemiddel deur die mondelinge gestalte van die Woord van God. Dit is in die gebeure van die prediking waar die ganse lewe van die mens verander.

#### 1.3.2 Teologie as hermeneutiek

Daar is 'n vertaalprosedure nodig om die Boodskap in die hede te laat leef. Waar die teologie hulp verleen aan die verkondiging, moet dit hermeneutiese teologie wees. Volgens Ebeling het Hermeneutiek te doen met die totale teologiese aktiwiteit soos dit afspeel tussen die gegewe Skrifteks uit die verlede en die aktuele prediking in die hede. Die teologie het dus die taak om die teks tot verstaan te bring, sodat die Woord van God tot spreke kom (Pieterse, 1979:39).

### 1.3.3 Taalbeskouing

Ons moet sy werklikheidsbegrip ontleed. Die openbaring is wel histories, maar dit geld vir alle tye. Dit beteken dat ‘n gegewe tyd wel ‘n ander werklikheidsverstaan kan hê as ‘n voorafgaande tyd. Dit maak dit noodsaaklik dat die geloofswaarhede wat heilsnoodwendig is, vir alle mense, telkens in elke nuwe situasie verantwoord en verwoord moet word. Die teologie het met die werklikheid in sy totaliteit te doen. Ook die spreke oor God kan nie apart van ons konkrete lewe gedoen word nie. Daarom word God, mens en wêreld saam as een werklikheid gesien. By Ebeling geld die nuwe transendensiemodel waarvolgens God en mens wel onderskei word, maar nie geskei word nie.

Vir taal as lewende gebeure is die tyd van die grootste belang, want die woord geskied as tydmatige gebeure (Pieterse, 1979:42). Die wese van die taal moet gesoek word in die woord as gebeure en dis ‘n woord wat in die tyd gespreek word. Onder “woord” verstaan Ebeling nie die enkel vokaal, maar die geheel van ‘n uitspraak. Hier word nie gevra na die inhoud van die woord nie, maar wat die woord tot stand bring, die uitwerking. Dit bewerk verstandhouding tussen mense, dus mededeling.

Die verhouding van taal tot die woord hou die probleem van verstaan in, wat beteken om in ‘n ander taal te vertaal, moet daar nuut gedink word. Elke geslag moet hulle dus verantwoord, deur die werklikheid nuut onder woorde te bring. Taal word geskep wat verstaan moontlik maak. So kan die woordgebeure plaasvind. Die woordgebeure skep die moontlikheid om die werklikheid onder woorde te bring en te begryp en die nuwe werklikheid in ons eie taal te verwoord. Die proses word taling genoem. Die woordgebeure skep ‘n verhouding tussen mense, omdat taal mense laat deelneem en open so die toekoms. Dit is woordgebeure in kommunikatiewe sin.

Oor sy mensbeskouing sê Ebeling dat God, mens en wêreld een is. Ons kan net Godskennis hê as ons kennis van die mens het en omgekeerd. Tog kan ons nie oor God praat los van die wêreld nie.

Die begrip “ Woord van God “ het met ‘n gebeure te doen, naamlik die beweging van die teks van die Bybel na die prediking in die hede, sodat Woord van God en prediking ten nouste verbonde is. Tog sê Ebeling dat die Woord van God en die Heilige Skrif nie sonder meer aan mekaar gelyk gestel kan word nie. Hy wil die Skrif eerder sien as die oorspronklike getuienis waarop die Woord van God geskied het. Die Skrif speel ‘n bemiddelende rol in die opwek van die geloof en die deelkry aan God in die geloof (Pieterse, 1979:52). Die Skrif bewerk die ontmoeting met Christus. Volgens Ebeling het die Woord van God in Christus gekonkretiseer, want Jesus as die Getuie

van die geloof het die grond van die geloof geword. Die Christologie, sê Ebeling, het niks anders om ter sprake te bring, as wat in Jesus self ter sprake gekom het nie. Uit die woorde van Jesus as die aansprekende Woord ontspring die herhalende Woordgebeure wat weer en weer in die mond van die prediker plaasvind. Jesus konkretiseer die Woord van God. Hy is die sentrum van die Skrif (Pieterse, 1979:57).

Ebeling se siening is dus dat die wyse van ontmoeting tussen God, mens en wêreld alleen deur die Woord kan wees en hierdie ontmoeting vind plaas by die mededeling van die geloof deur die Woord, want Jesus is die Grond van die geloof. Die wyse waarop die woord God op 'n verantwoorde wyse ter sprake bring, heet geloof (Wethmar, 1977). Die Woord (teks) stel dus geloofsmoontlikhede vry. Hy sê verder dat wanneer die werklikheid in die geloof ervaar word, gaan daar ook 'n invloed van die geloof in die wêreld uit (Pieterse, 1979:63).

### 1.3.4 Van teks na preek

Ebeling konstateer dat daar 'n beweging van die geskiede verkondiging na die geskiedende verkondiging moet plaasvind. Hierdie hele aksie is vir hom Woordgebeure. Vir hom is die prediking die uitvoering van die teks, maar nie dat die teks uitgelê word nie, want die teks kom self aan die Woord. Waar die Woord en die Skrif volgens hom nie gelyk gestel kan word nie, lê die Skrif se belang daarin dat die Skrif die mens in ontmoeting met Christus bring. Daarom is nie elke teks preekteks nie, maar word dit wanneer dit die mens in ontmoeting met Christus bring, wanneer die teks die verkondiging van die Woord van God wil dien. Hierdie preekteks bring vir die mens lewe.

Om die hindernisse in die spreke van die teks uit te skakel, met ander woorde om die verlede en die hede in verband te bring, is 'n grondige kennis van die teenwoordige werklikheid nodig, maar tesame moet 'n diepe eksegese van die teks gedoen word. Die mens moet in sy huidige werklikheid ontmoet word, daarom moet die teks vir die hede konkreet gemaak word. So min van hierdie verkondiging vind deesdae plaas. Die intensie van die teks moet dus vasgestel word, want die teks het 'n bepaalde historiese agtergrond wat nie verontagsaam kan word nie, eers hierna begin die talingsproses om die Woord in die teks te taal in die taal van die eie tyd en situasie. Hiermee help die Heilige Gees om die Woord lewend en effektief te maak.

Dit het wel 'n effek op die prediker, *"want dit gaan ook teen sy natuur in. Konkrete prediking vind plaas wanneer dit die lewe van die mens in sy wydste en mees verborge samehange verlig en tot sy reg laat kom en wel so, dat iedere lewenssituasie, alle lewensgebeure daardeur wesenlik geraak word"* (Pieterse, 1979:75).

## 1.4 HOMILETIESE EKSEGESE EN PREDIKING

Die klem het sterk verskuif na die situasie van die hoorder en in besonder die prediking. Die teologie probeer om 'n brug te slaan van die hoorder na die teks (Dingemans, 1991).

Ek wil graag enkele sake aanstip (Pieterse, 1979:85). Ons het in die Bybel met verkondiging te doen wat geskiede het, maar die begeerte het om weer te geskied. Die teks van die Skrif is sonder teëspraak, preekteks, want ons het met verkondiging te doen wat plaasgevind het, volgens die Skrif, maar weer verkondig wat in die hede geskied. Prediking is dan beweging van die Skrifwoord na die mondelinge woord, 'n Woordgebeure waar God aan die woord kom. Dit is ons belydenis dat die Skrif God se Woord is wat Hy in die verlede tot die mens gespreek het. Die Bybel is dan God se Woord in mensetaal.

In die prediking het ons te doen met die verkondiging van God se Woord. Hy spreek en die prediker is met naspreke besig. Daar is dus 'n noue verband tussen die preek en die Skrif. Die Skrifgeworde Woord moet deur die vertolking in die konkrete situasie van die gemeente as lewende Woord gehoor word. Dit kan alleen deur die Gees van God wat harte verlig. Die Woord raak my, nie alleen omdat mense van die verre verlede aangespreek is nie, maar ook beloftes van verlossing vir die huidige mens inhou. Die Bybel is die lewende Woord van GOD in die gestalte van die gesproke woord van die prediking, omdat Christus as die Opgestane Here in die prediking teenwoordig is (Pieterse, 1979:89). Die Skrif kan daarom eers reg verstaan word as ons die Skrif vanuit Christus vertolk. So moet ook die werklikheid van die verlede en die hede vanuit Hom vertolk word.

Calvyn lê klem op die noue band tussen Skrif, Gees en verkondiging. Sonder die Gees is daar geen verkondiging van die Woord nie. Die verkondiging geskied nie in'n leë ruimte nie, maar in die gemeente waar die Gees die gemeente versterk om die Woord konkreet te gaan leef (Pieterse, 1979:93).

Wat die prediker en die teks betref, sal die teks duister bly totdat die prediker die Skrif as God se Woord en as 'n magswoord van God, benader. Dit geld ook die teks, want die mens kan nie praat as God nie voorgespreek het nie.

## 1.5 DIE SITUASIE VAN DIE GEMEENTE

Groot klem word gelê op die verstaan van die eie situasie en tyd, want indien die tyd se verstaanshorison nie geken en verstaan word nie, kan die taling nie plaasvind nie (C. Wethmar,

1977). Dit is van belang dat die prediking gerig sal wees op die situasie van die hoorder in ‘n bepaalde gemeente. God verlang kontak met die mens van die tyd. Die teks word dus eers vrugbaar wanneer dit die mens in sy konkrete situasie ontmoet (Pieterse, 1979:97).

Vir die prediker is dit belangrik om die situasie van die gemeente te ken met die oog op die ontmoeting tussen teks en konteks, want soos God in die Skrif gespreek het in ’n spesifieke situasie, so wil Hy weer in ‘n ander situasie spreek. Die prediking is dus gemeentegerig, op lidmate met hul eie leef- en verstaanswêreld. Hier moet die boodskap van die teks konkreet gemaak word. Dit vra van die prediker dat hy onder sy gemeentelede beweeg en hul leer ken in hulle leefwêreld. Daar moet net gewaak word teen inlegkunde en buikspraak deur die gemeentesituasie met die Skrifsituasie blindelings te verbind. God se spreke verbind die hede met die verlede (Pieterse, 1979:101). Die prediker het van God die opdrag om te preek, om die Woord aan ‘n konkrete gemeente te bedien. Hy sal dus die teks met ‘n homiletiese bril moet benader, waar hy die teks wetenskaplik-eksegeties benader met begrip vir die werklike situasie van die gemeente en hoorders. Daar leef ‘n wisselwerking, ‘n konfrontasie tussen die teks en die situasie van die prediking waar ‘n Woordgebeure plaasvind en die prediker so aanspreek dat ‘n talende spreke volg tot opbou van die gemeente. Die prediker staan in ‘n dialogiese situasie tussen teks en gemeente. Dit sê Pieterse: *“help die prediker om in die taal van die gemeente verstaanbaar te kommunikeer. Dialogiese prediking verbreek die taalverstarring en bring die gemeente by die poort waar God in die verkondigingsgebeure ontmoet word”* (Pieterse, 1979:124). Vir hierdie dialoog moet die geleenthede wat die pastoraat, kategese, kerkraadsbyeenkomste, erediensbesprekings, Bybelstudie, wyk en kleingroepe bied, benut word. Die werksterrein van die prediking is die gemeente van God met ‘n uitsig op die wêreld wat bedien moet word met die Woord van die Lewende Jesus Christus, die Inhoud en Kontinuïteit van die boodskap van verlossing.

## 2. HUISBESOEK AS KOMMUNIKASIE

Dit is geensins moontlik om uit die Bybel ‘n beskrywing te vind oor wat huisbesoek moet wees nie. Die algemene aanvaarding is dat dit die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus in die vorm van ‘n gesprek aan die enkeling of enkel huisgesinne is, midde in die konkrete situasie waarin die betrokkenes hulle bevind (Beukes, 1981:1; Theron,1982). Dit was die verstaan en praktyk van huisbesoek dat die leraar die besoek sou gebruik om die Woord as verkondiger te bring, eintlik af te lewer, want die hoorder is dikwels passief gelaat om bloot te bepeins oor die leraar se Woord sonder om ‘n eie woord te kon deel met die “gestuurde“ oor God se Woord vir die gemeente. Ek vermoed hierdie siening bestaan omdat die gestuurde beleef is as die een wat die Woord met groter gesag kon hanteer. So is geglo en geleer. Dit het die

praktyk gevestig dat die gemeente alleen as hoorders beskou is, terwyl die leraar die een is wat die boodskap van die HERE ontvang het om aan die gemeente te preek. Erg monologies. Dit het bygedra dat die hoorders óf hande geklap het… óf gekla het oor die prediker se "performance''. Dit was die gemeente se aandeel tot "aktuele prediking".

**2.1 DIE OU TESTAMENT**

In die Ou Testament veral in die eerste Boeke, staan die familie baie sterk op die voorgrond. Veral die vader van die gesin het die verantwoordelikheid gedra om die huisgenote geestelik te versorg (Genesis 18:19 en Eksodus 12:25).

Tydens GOD se verlossing van Israel uit die slawerny in Egipte, het hierdie genadedaad van die HERE groot betekenis vir die volk en veral vir die huisgesin gehad, want die kinders sou by hul ouers navraag doen oor hierdie magsdaad van die HERE. Die vader moes dan aan die kinders verduidelik wat gebeur het. Dit was 'n plig wat op die hele volk gerus het.

Op grond van God se redding, het Hy verwag dat die volk Hom moet dien en eer en liefhê.

Profete is na mense gestuur in opdrag van God om sekere funksies uit te voer of bepaalde boodskappe oor te dra. Die profeet moes duidelik sê: "so sê die HERE". Die gesprek het gehandel oor GOD se Woord aan die mens. Vergelyk Esegiël 33 waar 'n waarskuwing tot die mens gerig word indien die mens ongehoorsaam sou wees en nie GOD se woord aan mense bekend sou maak nie. Gewis het GOD sy volk nie alleen kollektief, maar ook individueel versorg. Die Goeie Herder steek sy genadehand na die volk sowel as na die enkeling uit.

**2.2 DIE NUWE TESTAMENT**

Jesus se lering het veral in die sinagoge maar ook buite die sinagoge plaasgevind. Waar mense om Hom saamgedrom het, het Jesus gevoed en geleer (Mat. 4:23; 13:54; Mark. 1:21; 2:13; 3:7, 8; Luk.4:15, 16). In Jesus se gelykenisse het die enkeling 'n besondere plek ingeneem. Christus gee aan Sy dissipels opdrag om Sy getuies in die wêreld te wees (Hand 1:8). In Efes. 4:12 tot 16 word die feit onderstreep dat herderlike sorg aan die heiliges moes plaasvind, sodat hulle opgebou kon word om geestelik volwasse te word. Die opbou het ten doel dat die gelowiges bekwaam gemaak moes word om te dien.

Die verkondiging van die Blye Boodskap aan enkelinge of klein groepe word treffend weergegee in die volgende Nuwe Testament begrippe:

| | | |
|---|---|---|
| **Episkopein** | - | opsig hou, besoek, omsien na, bekommer oor. |
| **Parakalein** | - | troos, bemoedig, beraad versoek, vermaan. |
| **Nouthetein** | - | waarsku, teregwys, vermaan. |
| **Sterizein** | - | versterk, weerstand bied teen. |
| **Katartizein** | - | toerus en volkome maak. |

## 2.3 VERWORDING

Die verkondiging van God se wil is dus gerig tot die mens in sy konkrete situasie. In die praktyk is alles nie altyd so sterk Woordgerig nie, want huisbesoek het huidiglik in baie gemeentes verword tot allerlei skewe beelde. Dit het soms verval in kuiersessies, bolangse gesprekke, mini preekbeurte, bespreking van sosiale sake, die oplos van irritasies (Beukes, 1981:69).

Die verwording van 'n kosbare Woordgebeure tot blote gesprekke het die nadraai dat leraars en lidmate met hul oorvol programme geen begeerte meer het tot huisbesoek nie. Wie sou so 'n tydverkwisting wou suurstof gee as die essensie waaroor dit behoort te gaan, nie meer belangrik geag word nie. Wie kan ontken dat getroue huisbesoek met die Woord van die Here in die sentrum, veeleisend en vermoeiend is? Behalwe om ander praktiese redes wat leraars mag aanvoer en wat mag bestaan, bly huisbesoek nie 'n maklike bediening nie. Daar is heelwat vrug op die akker van die getroue pastor, maar ook net soveel frustrasies vir die geestelike leier wat huisbesoek as Woordgebeure ondermyn of onderskat.

## 2.4 JOHANNES CALVYN

Akademici stem saam dat huisbesoek deur predikante en ouderlinge sy oorsprong by die Reformasie het en in die besonder by Johannes Calvyn (Beukes, 1981:31 en Van 't Spijker et al., 1990:155). Dit is belangrik om na sy ekklesiogie te kyk. Dit hang saam met die grondbeginsel van Calvinisme, naamlik die soewereiniteit van die Drie-enige God. God is die Ewige, die Almagtige, volkome in wysheid en in trou. Rossouw (1988:142) en Hanekom (1964:152) sê die groot verskil tussen Rome en Calvyn is daarin geleë dat Rome ekklesiokraties was en Calvyn christokraties (Graafland, 1998:49). Calvyn bevestig die Skrif wat leer dat Christus die Opperherder van die kerk is.

Verder stel König (1966:106) dat Calvyn bevestig dat Christus vir die regering van die kerk die ampte gebruik. Wat die belangrikheid van die Skrif betref, moes daar nie net reg gepreek word nie, maar ook reg gehoor word. Graafland som Calvyn se siening op as: *"waar het Woord is, daar is de kerk"* (Graafland, 1989:74). Die kerk is nie die heil self nie, maar die instrument van

heil. Dit is ook sy siening van die ampte, hoewel hy die ampte *“zwakke krachten“* noem. Dit beteken nie dat hy die ampte as oorbodig beskou het nie, maar juis dat die Woord en ampte onlosmaaklik aan mekaar verbonde is.

Wat huisbesoek by Calvyn betref, maak hy die onderskeid tussen gereelde en amptelike besoeke (visitatio domestica ordinata vel stata) en geleentheidsbesoeke (visitatio occasionata) byvoorbeeeld siekes of bedroefdes (Van Zyl, 1995:104). Graafland meen dat Calvyn nie huisbesoek as interpersoonlike kontak, sosiale, maatskaplike of “mentale“ hulpverlening gesien het nie, maar dat hy deur die pastoraat *“mensen, ook in hul persoonlijke relaties, worden geplaast in het licht van de genade van Christus“* (1989:102). Dit blyk dat huisbesoek vir Calvyn die instrument was om te bepaal of die Woord wat gehoor is in die konteks van die gesin gestalte kry. Twee sake staan dus uit wat Calvyn se huisbesoek betref: by hom was die persoonlike geloofsgroei van die lidmaat belangrik en om dit te peil het hy persoonlike gesprekke met lidmate gevoer. Die belange van die lidmaat was vir hom essensieël (Rossouw, 1988:131). ‘n Verdere saak was sy klem op die liefde, wat meegebring het dat hy ‘n groot belangstelling en meelewing met lidmate gehad het (Plomp, 1969:76).

Ek is van mening dat die doelloosheid by talle leraars ten opsigte van huisbesoek, aanleiding gee tot frustrasie en so ook by lidmate wat nie die doel verstaan nie. Heitink beskou huisbesoek as een van die grondvoorwaardes vir ‘n lewende gemeenskap (1982:303). Hendriks sê hy kan en mag nie besig wees net met organisasie of groepswerk of liturgie of administrasie nie. Dit is die *“dood in die pot “* (1982:312).

## 2.5 ANDER STANDPUNTE

Nader aan vandag, het Brillenburg Wurth huisbesoek meer priesterlik van aard as profeties-verkondigend beskou. Dit sou ons die eduktiewe vorm van huisbesoek kon noem waar die klem meer op die pastor se medemenslikheid, aanvaarding van ander en sy ontferming oor die mens in nood sou val, eerder as op die verkondiging van die Woord.

De Klerk beskou huisbesoek as verkondiging van die Woord in die vorm van ‘n gesprek en hy noem dit *“gesprekmatige verkondiging“* (1978:11). As gesprekmatige verkondiging moet dit ‘n gesprek wees in die volle sin van die woord, namlik ‘n dialogiese gesprek en nie ‘n alleengesprek nie.

# 3. SEKULARISASIE

## 3.1 Sekularisasie

Dit hou verband met die vraag van die moderne mens oor die betekenis van die BYBEL. Die mens is op soek na 'n eietydse verstaan van die Bybel (Beukes, 1981:109). Die Christendom van die verlede, met sy sterk bande aan belydenisskrifte en die kerk, is nie sonder meer aanvaarbaar vir die moderne mens nie. Hy is nie bereid om sonder deeglike oortuiging te buig voor instellings en wette uit die verlede nie. In die greep van moderne tegnologiese ontwikkeling, ekonomiese vooruitgang, sedeloosheid en dun waardesisteme, het die lewe vir baie mense 'n doellose gejaag na wind geword. Daar is geen sekerheid wat die toekoms betref nie. Beukes (1981:110) noem dat die mens vroeër rustig was met die gedagte van 'n mag buite die mens wat alles beheer het. Die moderne mens is nie sonder meer bereid om sy lewe te laat bepaal deur 'n mag buite homself nie (Pieterse, 2005:20[1]). Die denke van die mens word nou beset deur sekularisasie en horisontalisme. Heyns omskryf sekularisme as*: "die veelsydige historiese proses waarin die mens bewus geword het van die belangrikheid van die wêreld, sy roeping en taak in hierdie wêreld opnuut ontdek het, en die insig verwerf het dat die kerk en die teologie nie oor al die lewensterreine mag heers nie, en hy dus met sy selfstandige ondersoek van die wêreld moet kan voortgaan"* (Sekularistiese Teologie:2). God word onttroon, maar meer as dit - die mens neem beheer oor die wêreld en is self daarvoor verantwoordelik.

## 3.2 Sekularisme

Dit dui op die resultaat of konsekwensies van die sekularisasie. Die mens het vry geword van die gesag van die kerk en die Skrif omdat hy ten diepste van God en sy openbaring losgeraak het. Die rede van die mens is die as waaromheen alles wentel. Vir hierdie mens behoort kerk en godsdiens, geloof en God tot die verlede. Die geskapene, die menslike word van God losgemaak en self vergoddelik (Barnard, 1981:13).

Dis 'n vals vryheid, want dit maak die mens slaaf van afgode. Die kruis word terug gedruk sodat die mens op die voorgrond kan staan.

Dit bring noodwendig mee dat die kerk, Skrif en veral prediking, in onguns verval. Die hedendaagse praktyk sal dus 'n negatiewe gevoel bring wat huisbesoek en die gesag van die Bybel betref.

# 4. ONTLEDING VAN GEMEENTES

## 4.1 Makro gemeentes

Uit die Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2004, blyk daar 56 gemeentes uit ‘n totaal van 1121 gemeentes in die Republiek van Suid Afrika en Namibie te wees wat as makro gemeentes bekend staan. Dit is gemeentes met ‘n lidmaattal van meer as 2000 belydende lidmate en wat deur meer as een leraar bedien word. Dit verteenwoordig 5% van die gemeentes in die Republiek. Dit beteken dat 95% van die gemeentes dus kleiner gemeentes is wat deur een of meer leraars bedien mag word. Hierdie gemeentes is in die groot stede of in die soom van die stede geleë. Ek aanvaar die feit dat hierdie gemeentes wel ‘n eiesoortige bedieningstyl het wat beteken dat lidmate in praktiese bedieningsgroepe moet funksioneer. Die groepe behoort gereeld deur die leraars besoek te word ter wille van kennis en behoeftes, sowel as die lidmate se belewing van die erediens en hul bydrae tot dialogiese prediking.

Hierdie gedagte is sekerlik nie gewild nie, maar gesien teen die agtergrond van meer predikantsposte wat verdeling van verantwoordelikhede meebring en spesialisasie van leraars volgens hul gawes, bly huisbesoek se voordeel ook hier geld ten opsigte van die prediking. Kleingroepe of preekmaakgroepe kan ‘n hulp wees, maar is na my oortuiging nie so effektief nie. Te veel lidmate se kontak met die leraars gaan verlore wat tog seker tot ‘n verskraling in die prediking moet lei. Ek is bewus daarvan dat die eise aan die leraars in groot gemeentes enorme energie eis en daarby fyn beplanning vra om al die belangrike afsprake na te kom. Huisbesoek is gewis nie die enigste goue weg nie, omdat dit gewis ook sy beperkings het. Tog blyk dit die effektiefste te wees, soos later aangetoon sal word. Ander groepe is minder effektief omdat die doel en inkleding verskil en lidmate by hul eie huis meer openlik en met vrymoedigheid kommunikeer as in groepverband. Sekere sake op die gemeente se agenda, behoort geen probleem te wees nie en kan vrugbare gespreksmateriaal wees. Daar kan helder lig opgaan by ‘n groep, maar die werklike behoeftes en onkunde of vrese sal onder die oppervlakte bly, omdat minder mense die vrymoedigheid het om hartsake of gevoelige geloofsake in die groep te erken of aan te roer.

## 4.2 Kleiner Gemeentes

Daar is gemeentes op die platteland met groot lidmaatgetalle, maar wat nie as ‘n makro gemeente bekend staan nie. Ek sou hulle klassifiseer as “gemakliker gemeentes“ deurdat daar nie ‘n dramatiese uitbreiding is in lidmaatgetalle of leraarsposte nie. Hierdie gemeentes lê gewoonlik in gebiede wat redelik stabiel of stadiggroeiende gebiede is. Die meeste van hierdie gemeentes is op die platteland waar daar min industriële en deesdae selfs minder boerdery

aktiwiteite aangetref word. Die oorgrote getal gemeentes is dus gemeentes waar amptelike besoeke deur die ampte en veral deur die leraar gedoen kan word. Ek onderskat geensins die denke van die mens wat nie in stedelike gebiede woon of werk nie, want die euwels van die wêreld en die sleepsel van die sonde is oral, maar ek het die aanvoeling dat die meeste lidmate nie 'n stedelike uitkyk het wat huisbesoek of die kerk betref nie. Sou dit dalk voorbarig wees om te konkludeer dat die deure van die meeste lidmate in die kleiner gemeentes nog oopstaan vir die leraars, omdat daar 'n behoefte is aan kommunikasie met die Woord? Die lidmate oor die algemeen beleef die spanning en onsekerheid wat gekom het vanweë die politieke veranderinge na 1994, en hulle worsteling met ekonomiese omstandighede, asook etiese en Bybelse beginsels wat nie meer so duidelik uitgespel en streng voorgehou word soos voorheen nie. Baie is verward en losgeruk van talle bekende ankers wat kultuur en godsdiens betref. Soveel stemme verkondig die nuwe laat moderne "WAARHEID" wat die mens in sy vryheid ophemel en verabsoluteer, dat die kerklidmate asof geskok half op die agtervoet gedwing is op soek na ankers en bevestiging dat alles wat was en so geleer is, nie tevergeefs was nie.

Hierdie is nie 'n pleidooi om die oue tradisies en praktyke in sement te probeer giet en dit krampagtig te bewaar nie. My oortuiging is geleë in die feit dat die Here Jesus Christus die mens steeds liefhet en Sy kerk as Sy hand, na die wêreld uitsteek om die genade aanbod van God se liefde in Christus te aanvaar. Dit is dus die kerk, onder leiding van die Heilige Gees, wat hierdie roeping moet vervul om ons medemens lief te hê en die Woord van God voor te leef as opdrag van Christus om ander hoër as jouself te ag. Vir my word die waarde van huisbesoek hierdeur net meer verhoog. Die christelike liefde is 'n begrip wat nie 'n woord is nie, maar 'n daad van omgee en betrokke wees. In die pastoraat word die hand en soms die hart van hulle wat swak geword het, om watter omstandigheid ookal, met empatie en belangstelling vasgehou.

## 5. HUISBESOEK EN PASTORAAT

Dis verstaanbaar as makro gemeentes vanweë groot lidmaatgetalle, ander weë soek en beproef om lidmate as kosbaar te hanteer, maar dit pla wanneer klagtes ook by kleiner gemeentes opgaan oor kerkrade wat huisbesoek as 'n stiefkind hanteer. Ek is nie bewus van 'n beter geleentheid tot kosbare kontak met lidmate as juis persoonlike huisbesoek nie. Dit gaan nie oor 'n saak wat op 'n ander wyse oorbrug kan word nie. Dit gaan hier oor die prediking van die Woord in mense se lewens wat in 'n bepaalde konteks begerig is na God se Woord en die getuienis dat die leraar se betrokkenheid en teenwoordigheid vir die huisgenote tot groot seën is. Ek ontken nie die waarde van preekmaakgroepe en sel- of omgeegroepe nie. Dit het net wat die prediking betref, soveel meer beperkinge, veral vanweë die feit dat net 'n sekere groep lidmate betrokke is. In 'n sekere mate is dit ook 'n geselekteerde groepie mense wat seker nie vir die

hele gemeente kan instaan wat hul lewensomstandighede en geestelike ervarings of behoeftes betref nie. Jay E. Adams sê daar is drie maniere hoe 'n betroubare prediker sy gemeente kan ken of ontleed, naamlik:

a) deur informele besoeke of kontak;
b) deur pastorale kontak en of kontak;
c) deur formele kontak (1982:34, 35).

Hy sê die leraar behoort al drie te gebruik omdat hulle mekaar aanvul.

**5.1 Informele kontak**

Dis die basiese kontak met lidmate waar leraar skouers skuur terwyl hulle besig is met een of ander aktiwiteit van die gemeente. Adams sê: *"the preacher who remains in his study day and night, and who emerges only to attend some formal function of the body, may think that he knows his people but, as far as knowing their needs, he* is *really out of touch with them. It is one thing to observe a member in action on church turf but quite another to watch him in his home, in his office. To put it simply, in order to preach to people as they really are, you must see and hear them as they really are"* (1982:35). Die leraar moet versigtig wees om nie sy aandag toe te spits op klein groepe alleen nie, maar om elke lidmaat te ken en te besoek. Adams (1982:39) beklemtoon dat as die herder nie sy kudde se behoeftes ken nie - hy nie aktueel kan preek nie. White stel die saak nog skerper as hy sê dat die pastor se rol is groter en wyer as die fisiese of geestelike gesondheid of sosiale rehabilitasie. Sy doel is om die versoening van individue met God te soek, met ander mense en met die lewe, *"which not only establishes the individual in peace and lays the foundation for abiding joy, but releases within the soul such faith, hope and love as enable it to meet all demands with equanimity and resource"* (1976:2).

Hy waarsku tereg dat as die pastor dink hy hoef nie groot moeite te doen met sy prediking nie, omdat sy belangstelling of gawe op die terrein van die pastoraat lê, weldra sal ontdek dat hy geen gemeente het vir wie hy kan besoek of preek nie. Aan die ander kant as 'n leraar sou reken dat prediking die hoofwerksaamheid is, *"that his people can have either his head or his feet but not both, may soon find - or his people will - that his preaching is irrelevant, abstract, unrelated to real life situations, lacking warmth and human persausiveness".*

## 5.2 Pastorale Arbeid

Lidmate kom na hul pastor met probleme. Dit sou verkeerd wees om mense se probleme as hul eie las te beskou aldus Adams, want dit kan die gevolg wees van onvoldoende lering of kudde verwaarlosing of bloot kortsigtigheid van die prediker wat nie die Woord aktueel laat hoor het nie (1982:37). Paulus lê klem in Hand. 20:20 van die dubbele rol of taak van die leraar as verkondiger en onderwyser wat lidmate moet onderrig as hy sê dat hy niks van hulle weerhou het wat tot hulle voordeel kon wees, toe hy by hul in die openbaar gepreek en in hul huise onderrig het nie. Die openbare verkondiging van die Woord was nougebonde aan die privaat toepassing daarvan by families en enkelinge. Hy bevestig hierdie tweeledige arbeid ook in Kol. 1:28. "*Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring*". Wat hier geleer word, is dat die pastoraat prediking benodig en andersom. *"Die kansel en die lewe van die gemeente mag nooit geskei word nie. Die Bybelse tyd mag nooit duisende jare terugdateer word sonder dat dit tot ons eie tyd gemaak word nie"* (De Villiers, 1977:7).

Die probleem is dat as die prediker nie 'n "pastorale prediker" is wat die behoeftes van sy kudde ken deur persoonlike besoeke nie - hy beswaarlik 'n goeie prediker kan wees. Adams is ongenaakbaar as hy konstateer dat 'n leraar wat in die week sy tyd deurbring met kommentare alleen, sal wanneer hy op die kansel staan, klink soos 'n boek. Maar die man wat sy eksegese doen, nie net Sondag op die kansel nie, maar die hele week onder lidmate met probleme leef *"will rattle his people's windows when he preaches. They will say to themselves, 'he understands!' And they will come for help"* (1982:38). Die voordeel is dat die leraar voorkomend arbei. Wat hy in die gemeente ervaar kan hy vanaf die kansel as waarskuwing laat hoor sonder om vertroulikheid te skend. As sy lidmate weet dat hy nie stories opmaak om sy preek gesag of kleur te gee nie, sal die Woord oop ore bereik want hul sal weet dat die pastor hul belange op sy hart dra. Dit gebeur nie met blink skoene agter 'n lessenaar nie, maar met 'n soekende hart na die welsyn van die kudde oor wie die Groot Herder jou aangestel het om Voedsel te bied vir die hongeriges, en salf vir die gebrokenes. Dit lyk so mensgerig, maar dit is hoe God mense wil aanraak deur sy WOORD, maar ook deur die begripvolle diens van 'n nederige dienskneg wat in 'n liefdevolle verhouding met die Lewende Here leef. So kry die gemeente kans om die prediking as 'n lewensgetroue preek te beleef. Dit word 'n ervaring met God. Die versoeking bestaan om te glo dat 'n leraar se eintlike arbeid is om te preek, selfs om elke pastorale sessie in 'n preekgeleentheid te omskep (White, 1976:4). Hy sê voorts: *"The public limelight of the pulpit, and the opportunity for satisfying self-expression in eloquent exposition of sacred things, are both fascinating and rewarding, while the private confidential ministry to individuals is often frustrated, sometimes exasperated, and usually unnoticed. The wider church and the world at large will*

*usually judge a christian leader's reputation by his public performances: his own people will far more often judge him by his private ministry"* (1976:4).

### 5.3 Formele Kontak

Adams maak die stelling dat*: "you are always analyzing congregational members if you love them and care for their welfare"* (1982:38, 39). Dit is in lyn met die gedagte dat leiers moet "waghou" oor die kudde (Heb. 13:17). Ten alle tye moet die herder bedag wees op die gevare wat die gemeente bedreig, op die geestelike siektes wat onder die lede kan posvat, oor verdwaling van die skape ensovoorts. Belangrik om te onthou, is die feit om die informele besoeke op te volg met formele besoeke. Dit bring mee dat die geestelike leier die tendense in sy gemeente in die oog hou wanneer hy biddend die behoeftes van die lidmate voor die Here lê. Baie van die arbeid moet die leraar self doen of delegeer, maar die meeste sal deur huisbesoek en prediking, met opvolg, gedoen moet word.

White sê 'n ongelukkige aanname is om te beweer dat huisbesoek as plig, 'n doellose tradisionele affêre is wat tydrowend, nooit klaar en met min resultate bydrae tot gemeente opbou. Met so 'n houding of traagheid tot begrip is dit vir 'n intelligente mens met 'n program van so dertig besoeke per week, waar hy uitasem jaag van huis tot huis, gemeentekaarte in die een hand en horlosie in die ander hand geen probleem om sy plig na te kom nie. Die waarheid is egter dat sy gemeente die resultaat lagwekkend, sinloos en uitputtend mag vind (1976:38). Dit is baie duidelik dat so 'n leraar geen tyd toelaat vir gesprekke nie, niks ontspan om te luister nie en geen geduld sal hê met lidmate om eers hul gemoedstoestand aan te pas of moed bymekaar te skraap om met vertroue vrae te vra oor sake wat pla nie. Hierdie benadering skyn deur: hierdie leraar het 'n plig om te vervul en dis al. Niemand kan hierby baat behalwe die besoeker wat baie fluks voel nie. 'n Duidelike doel en begrip wat huisbesoek behoort te wees om dit vrugbaar te laat wees, is nodig. White noem drie doelwitte vir vrugbare huisbesoek (1976:39):

#### 5.3.1 Bring die kerk huistoe

Die kloof tussen Sondag en weeksdae moet oorbrug word, tussen kerkperseel en die lidmaat se huis, die "anderse" atmosfeer van die gemeente in aanbidding en die alledaagse lewe van die gesin. Met huisbesoek betree die leraar die binnekring van die gesin en word die gesin aan hom bekend en kan hy groter begrip en simpatie betoon teenoor sy mede gelowiges. Soms kan die omstandighede van die lede nuwe lig werp op hul houding, soos byvoorbeeld 'n invalide wat sorg benodig of 'n vrou of kind wat gemolesteer is of 'n onverwagse werksverlies waar gestoei word

om kop bo water te probeer hou. Hierdie feite openbaar die geheim van die spanning van die gemeentelid.

Die huisgesin beleef die leraar in 'n nuwe "menslike" lig, as 'n normale, aanpasbare vriend wat werklik belangstel en deure oopmaak om te gesels. Die kispak of beste klere asook die onnatuurlike manier van praat wat hoort by die kerkgebou, is verruil vir die informele en intieme gesprek by die kaggel of etenstafel waar geloofsake steeds bespreek word en geloofservaringe gedeel word in 'n gees van warmte en broederskap. Die pastor moet die Woord en die konkrete situasie van die mens so hanteer dat hulle deur God aangespreek word (De Villiers, 1977:6).

White voel dat 'n groepbespreking by die kerkgebou oor kerksake of lewensvrae nie soveel energie of vrymoedigheid kan vrystel soos wanneer huisgenote in die veiligheid van hul woning die raaisels van die lewe met die pastor bespreek of selfs hul eie opinies gee of oplossings bied nie. Vir hom is dit die kerk wat huistoe gebring word na lidmate of mense wat behoefte het aan koinonia of broederskap. "*Any pastoral visit which accomplishes so much is well worth making*" (White, 1976:39).

### 5.3.2 Bou verhoudings

Dis vir hom die belangrikste en mees delikate. Dit gaan nie oor die aantal besoeke nie maar oor die moontlikhede wat geskep is wanneer krisisse of seer beleef word. Waar verhoudinge gebou is, kan die leraar met vrede inbeweeg en salf aanwend deur die Woord. 'n Vreemde kan dit moeilik vermag. 'n Basis moet eers gelê word, 'n vriendskap geskep word waarbinne die potensiaal vir geestelike bediening bestaan. Dit vereis dat die pastor eg menslik en natuurlik sal wees. Die persoon wat gedurig amptelik optree, die kerkamptenaar wat altyd aan diens is sal nie alleen faal om 'n vrugbare verhouding te vestig nie, maar alle opvolgbesoeke sal dit netsomin vermag. So 'n pastor is voortdurend op sy kansel (White, 1976:49).

### 5.3.3. Bring die kerk se aanbidding huistoe

Vir diegene wat vanweë hoë ouderdom, onbeweeglikheid, siekte, vêr afstande of werksomstandighede verhinder word om saam met lidmate in die eredienste te aanbid, is die pastor se besoek die skakel met hierdie gelowiges wat soveel verbeur, 'n aanbidding waarna hul dalk vurig verlang (White, 1976:40).

### 5.3.4 Leemte

Moontlik hou dit verband met White se kerklike milieu of tydperk waarin hy sy gedagtes boekstaaf, maar ek vind dit 'n groot leemte dat hy so eng dink aan huisbesoek in terme van die lidmaat se rol en 'n eensydige plig toeken aan die leraar om die lidmaat te ondersteun. Na my oordeel beskik die lidmaat ook oor die gawes en vermoë om mee te spreek oor die aanbidding en kerkwees in die wêreld asook sy hoor wat die Gees van die Here vir die gemeente sê.

## 6. DIE KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORIE

Waar hierdie studie gaan oor die deelname van die gemeente aan die preekproses, stem ek met Pieterse saam dat 'n grondige teorie oor die gemeente nodig is. Tereg sê hy dat by die prediking daar in die breë drie kommunikasieprosesse is wat as't ware in mekaar oorgaan, naamlik: "*God-Woord-prediker; prediker-preek-gemeente; gemeente-getuienisdiens-wêreld*" (1991:5, 6).

Hieruit vloei weer 'n hele kommunikasienetwerk waarin die prediker en die gemeente betrokke is. Ons sou daarom die tweede netwerk hierbo van prediker-preek-gemeente kon omruil om die belang van die gemeente by die preekproses te beklemtoon en te bevestig en die netwerk soos volg uit te beeld: God-gemeente-prediker-preek-gemeente-wêreld.

In die praktiese teologie gaan dit om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Hierdie handelinge word ten beste verstaan wanneer erken word dat *"God in sy Woord tot die mens in sy wêreld kom deur die spesifieke kommunikatiewe handelinge van mense as intermediër"* (Pieterse, 1991:7). Hierdie handelinge in diens van die evangelie vra dus na 'n teologiese vertolking. 'n Kommunikasieteorie wat hieraan beantwoord, sal sy wortels in ons teologiese tradisie moet hê. (Pieterse, 1991:8).

Hierdie teorie moet dus fundeer in God se kommunikasie met die mens in die openbaring soos in die Bybel aan ons oorgedra. Tereg sê Pieterse dat al die openbarende woorde en dade van God is in hul wese kommunikatief waarvan Jesus Christus se menswording die diepste grond is (1991:8). Dit noem Pieterse die teologiese basis van ons kommunikasieteorie (1991:8). Dis belangrik dat naas die teologiese komponent ons ook by die denkers oor kommunikasie lig sal soek.

## 6.1 S. KIERKEGAARD

Kierkegaard (1813-1855) word as die grondlegger van die kommunikasiekunde van die twintigste eeu beskou. Vanweë sy denke oor kommunikasie kan verwag word dat dit ook ‘n neerslag in sy filosofiese denke sou hê. Kierkegaard het ‘n onvergenoegdheid beleef met die kommunikasie van die kerk en pers omdat dit volgens hom onbevredigende kommunikasie was. Die kern van sy teorie is gebaseer op die sieninge van die self en die mens. Hy vra wat dit beteken om te bestaan en om ‘n christen te word. Volgens Pieterse sê Kierkegaard dat die enkeling die wordende christen is wat hom of haarself deur kommunikasie met God vind en tot die hoogste moontlike mate in kommunikasie met sy medemens verwesenlik (1991:13). Elke mens moet probeer om deur kommunikasie hom of haarself te verwesenlik. Kierkegaard sien die mens as ‘n wordende mens waarin die mens se hele bestaan ‘n bewuswording en verwesenliking van die self is. “*Die mens moet kom tot ‘n eie, selfstandige keuse en besluit oor sy/haar lewe en ‘n eie outentieke bestaan voer in eie verantwoordelikheid. Dit kan bereik word in kommunikasie met God en die medemens*” (Pieterse, 1991:14). Kierkegaard werk in sy denke oor kommunikasie met die dialogiese begrip waar hy sê dat kommunikasie egte dialoog moet wees tussen meer as een persoon in vryheid en selfstandigheid.

Insiggewend is die feit dat hy nie direkte kommunikasie onderskryf nie, maar dat dit indirek moet wees. Hy bedoel die sender of spreker moet die keuses aan die ontvanger oorlaat of voorhou en dan die ontvanger uitlok om selfstandig die boodskap of mededeling te vertolk, dan tot ‘n eie besluit te kom en in die rigting van selfverwesenliking te beweeg. Dit is natuurlik belangrike keuses: soos om te kies tussen tydelike en ewige, noodsaak en vryheid (Pieterse, 1991:14). Wat die prediking betref, is hierdie ‘n baie verhelderende gedagte wat beteken dat die prediker met die kommunikasie van die boodskap, die hoorder hoogstens kan uitlok, die keuses kan belig en so die hoorder tot aksie motiveer*. “Die toeëiening van die boodskap moet deur die enkeling self subjektief deurlewe word in ‘n persoonlike verhouding met God.”*

Met die kommunikasie tussen mens en medemens op gelyke voet en met die gesagvolle spreke van God met ons, kan ons saam strewe na onderlinge begrip. Dis juis hierdie onderlinge begrip oor die betekenis van ons bestaan met God en mekaar wat sin gee aan ons kommunikasie (Pieterse, 1991:14).

## 6.2 JURGEN HABERMAS

Veranderinge in hierdie eeu soos industriële en tegnologiese ontwikkeling het groot stede en gemeenskappe tot stand laat kom wat die mens ‘n nommer gemaak het. Hy het ’n spikkel in die

massas geword. ‘n Onpersoonlike lewenspatroon het ontstaan wat versterk is deur die massakommunikasie wat gerig was op die mens in die algemeen. Die individu wat ‘n sterk faktor was by Kierkegaard, het weinig plek gehad in die opinies van die massa. Nou geld die oorheersing en aanvaarding van een standpunt en die gevolglike miskenning van al die ander. Dis hierdie bedreiging van die mens se outentieke bestaan, individualiteit, vryheid en verantwoordelikheid wat mense soos Habermas en ander diep laat delf het.

Sonder om die hele pad van die ontwikkeling van die dialogiese handelingsteorie te stap, sal ek by Habermas stilstaan wat ‘n belangrike bydrae gemaak het tot ons verstaan van kommunikasie. Pieterse se keuse van die kerk as ‘n kommunikatiewe gemeenskap is gebaseer op Habermas se teorie, naamlik *“die ideaal van vrye mense wat sonder enige oorheersing waarlik met mekaar kommunikeer”* (1991:18). Die basis hiervan is die uitgangspunt dat die mens vry is en dus geleentheid moet hê om sy of haar moontlikhede uit te druk en uit te leef. Hy noem hierdie ideaal in die kommunikasie *“Herrschaftsfreie Kommunikation”.* Pieterse gaan voort om te bevestig dat dit hier gaan om ‘n ideaal wat nêrens verwesenlik word nie, maar wat ook nie net ‘n wensdroom is nie. Dis ‘n begeerte in ons kommunikasie om in ons soeke na onderlinge begrip reeds te hoop om iets van die ideaal te laat waar word. Dis duidelik dat senders (mededelers) en ontvangers volgens hierdie teorie op gelyke voet verkeer en die vryheid het om kommunikasiehandelinge te begin of te eindig (Pieterse, 1991:18).

Hieruit volg die volgende konsep van die teorie dat uit die onderlinge begrip ooreenstemming voortvloei wat die gespreksgenote beweeg tot aktiewe optrede. Maar die aksie is ook weer kommunikatiewe handelinge om die situasie te verander om sodoende die ideaal te bereik. Habermas se “Herrschaftsfreie Kommunikation” word deur ander praktiese teoloë soos Rolf Zerfass vasgelê in die teologiese begrip “koninkryk van God”.

Met die teorie van Habermas in gedagte kan gesê word dat hierdie ideaal binne die geloofsgemeenskap van gelowiges funksioneer waar daar volgens koninkrykswaardes gekommunikeer word. Dit het ten doel om die geloof te kommunikeer met die ideaal om die koninkryk van God te laat kom in die lewens van die hoorders in die gemeente en in die gemeenskap.

## 6.3 KONINKRYKSWAARDES

By die bepaling van ‘n kommunikasieteorie sal die koninkrykswaardes die deurslag moet gee. Pieterse noem as eerste vereiste: koninkrykswaardes waar ‘n nie-outoritêre kommunikasie geld, naamlik dat mense as vrye subjekte op gelyke voet met mekaar kan kommunikeer. Die

dialoogrolle moet wisselbaar wees, sodat elke persoon ‘n gelyke kans kan hê om in die proses handelend op te tree (1991:8).

Daar is egter kritiek van Van Zyl wat tot versigtigheid maan dat kommunikasie nie altyd nie-outoritêr kan wees nie (1995:50). Hy ondersteun Dreyer se siening dat elke mens ‘n gelyke kans moet hê om handelend op te tree, maar dat dit nie konsekwent toegepas kan word in die verhouding God en mens nie (1991:604).

Die rede wat Van Zyl aanvoer is*: “omdat daar wel ‘n moment aanbreek waar die mens met al sy vrae en antwoorde sal swyg en gelowig sal luister na die gesagvolle aanspraak van God“.* Van Zyl stel voor dat die term outoritêr liefs nie gebruik word nie en sluit aan by Louw (1980b:16) om die term te verander na direktief. Hy haal Louw aan*: “Op huisbesoek staan die predikant beslis nie neutraal nie. Dit mag ons nie onverskillig laat of iemand in vryheid kies vir die waarheid of die leuen, ander mense dien of skaad, die lewe of die dood tegemoet tree nie”* (Louw, 1980b:17). Ek oordeel dat Pieterse op die voetspoor van Habermas nie die gesag of spreke van God regtig op gelyke voet met die mens se spreke plaas nie. God se spreke bly uniek soos bevestig in die inkarnasie van Jesus Christus, die Vleesgeworde Woord.

**6.3.1 Onvoorwaardelike vryheid**

Die tweede vereiste binne die ryk van God veronderstel ‘n onvoorwaardelike vryheid by die deelnemende partye waar elkeen vry is om self oor ‘n saak te besluit en in eie verantwoordelikheid tot ‘n besluit te kom. Van Zyl bevraagteken ook hierdie stelling dat die mens vry is om self te besluit oor ‘n saak. Hy oordeel dat die gelowiges vanweë die verbond en verbondsbeloftes nooit vry kan wees nie. Die gelowige is vry binne gebondenheid en vry met verantwoordelikheid. God maak voortdurend ‘n appél op ‘n mens se lewe (1995:51).

Ek is van mening dat daar wel ‘n vryheid binne die geloofsverhouding met God bestaan en dat die keuses en handelinge van die mens, veral as nuwe mens van God, wel vanuit ‘n gebonde-vryheid sal geskied. Dit beteken na my beskeie mening nie dat die mens die vryheid het om teen GOD se raad en wil te besluit asof die mens op gelyke voet met God verkeer nie. God bly die Verhewe en Almagtige God met Wie die gelowige nie eers in die verbond op gelyke voet verkeer nie. Hy bly God en die gelowiges, volk van God. Hierdie handelinge in vryheid hou verband met die mens se optrede teenoor ‘n ander mens op gelyke voet.

### 6.3.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die derde vereiste vra ‘n onvoorwaardelike aanvaarding van die ander se volwaardige menswees en ‘n erkenning van die ander se reg op ‘n outentieke bestaan. Dit sou die verloop van enige gesprek beslis beïnvloed indien daar nie ‘n eerlike aanvaarding van mekaar as gespreksgenote is nie. Indien daar vanuit ‘n hoogmoedigheid met ‘n ander gepraat word, is die kans skraal dat ware gesprek kan plaasvind. Vanuit die gesigshoek van onwaardigheid, kan die gesprek nie werklik in die oopte vloei nie. Die afstand of kloof tussen die partye, maak die gesprek vlak en geforseerd tot niksseggende woorde.

### 6.3.3 Die mens as wese van God

‘n Vierde vereiste lê op die vlak van die antropologie waar die mens in die lig van die Skrif gesien word as wese wat deur God geskape is. Dit dui die betrokkenheid van die mens op God aan. Die sonde het die mens in sy verhoudinge geskaad, maar hy leef in die hoop op grond van die bevrydingsboodskap in die evangelie van Jesus Christus, dat die herskepte mens as nuwe mens gevorm word na die beeld van God. Die kommunikasie wat geskaad en aan bande gelê is tussen God en mens in die paradys, deur die ongehoorsaamheid van die mens, kon slegs herstel word deur die kommunikasie van God in die hemel deur die Vleesgeworde Woord, Jesus Christus. Christus is die Woord en Hoop vir die gebreekte gespreksverhouding.

### 6.3.4 Gepaste kommunikasie

As laaste vereiste stel Pieterse dat die kommunikasieteorie wat gepas is, die evangelie as heilsgebeure in mense se lewens kan laat geskied. Dit moet ‘n teorie wees wat horisontaal en vertikaal oop is. *“Dit moet ruimte bied vir ‘n egte en waaragtige ontmoeting tussen mense en God”* (1991:10).

In die lig van die vermelde vereistes of maatstawwe val die keuse vir hierdie studie op ‘n dialogiese kommunikasieteorie (Vergelyk Pieterse en Wester, in Pieterse[ed.] 2001).

## 7. PREDIKING AS KOMMUNIKASIE

In die inleiding van hierdie studie, is daar kortweg gemeld van die prediking wat ietwat in die spervuur is om verskeie redes maar veral omdat die prediking nie meer as die indrukwekkendste kommunikasiemedium beskou word nie. (Vos, 1996:1-3). Vanuit Habermas se kommunikatiewe handelingsteorie soos reeds bespreek, gaan ons poog om die lig te laat val op die prediking as

kommunikatiewe handeling nie soseer vanaf die gesigshoek van die leraar nie, maar veral vanuit die situasie van die gemeente as ontvangers of hoorders, maar ook as aktiewe senders wat die boodskap van die reddende God aan die wêreld moet oordra en voorleef.

## 7.1 DEFINISIES

### 7.1.1 Prediking

Prediking word die derde gestalte van die Woord genoem, naas Christus se vleeswording as eerste gestalte en die Heilige Skrif as tweede gestalte (Dingemans, 1991:34).

Die vraag wat hier aan die orde gestel word, is die vraag wat met prediking bedoel word. Die woord prediking word afgelei van die Latynse woord: PRAEDICATIO. Dit stem ooreen met die Griekse woord: KERUGMA. In wese beteken dit “om te praat“ of “om in die openbaar ‘n boodskap met volmag“ oor te dra, gewoonlik van ‘n gesagvolle persoon (Davis, 1977:106-108). Ten opsigte van die gemeente sou dit na die leraar as gestuurde verwys wat die Hemelse Koning se opdrag aan die gemeente moet oordra. Davis beklemtoon drie woorde wat in die Nuwe Testament van belang is wat met prediking in verband gebring word: naamlik kerugma, didache en euangelizein. Terwyl die woord kerugma verwys na die proklamering van die Woord met volmag, dui didache op die leer aspek, op die lering. Hoewel didache nie werklik as prediking beskou is nie, was dit tog belangrik in die onderrig van die gemeente. Dingemans voeg hierby die woorde “martyrion” of getuienis asook “homilia” of ontmoeting, interaksie (1991:37). Tans, volgens Davis is die woord “prediking “ nie so beperk nie en omvat dit alle vorme van spraak in die openbare bediening van die gemeente. Lering word ingesluit. Wat euangelizein betref, verklaar Davis dat dit ‘n tegniese term vir die woord prediking is. Loots maak die afleiding dat die een wat die boodskap stuur, die meeste gesag dra. Dan volg die inhoud van die boodskap, dan die persone aan wie die boodskap gerig word en laastens die boodskapper (1986:69-70). Davis formuleer die volgende definisie van prediking: *“The proclamation of the gospel is a form of speech which results from the nature of the gospel as Gods own Word and from the purpose of the gospel to reach and reclaim the lost. It takes the form of an announcement that waits to be heard and believed, a direct call from God to be answered, a personal offer to be embraced, a personal promise to be trusted and acted upon”* (Davis, 1977:108).

Alston (jr) bevestig dat prediking nog die oorvertel van die teks is, nog die vertoon van die prediker se intelligente vaardigheid met eksegese (2002:113). Vir hom is prediking die teologiese opdrag om te verklaar wat die evangelie is, om die betekenis daarvan te ontbloot en die appél van die goeie tyding aan die lewens van mense te vas te maak. *”It seeks to enliven the point of*

*intersection where the ancient biblical text, the history of Christian discourse and the realities of particular people meet".* De Villiers se definisie is *: " Prediking is die bediening van die Woord van God aan 'n gemeente in sy konkrete situasie"* (1977:5).

Pieterse verklaar dat christelike prediking sy grondslag en inhoud vind in Jesus Christus deur Wie God Homself geopenbaar het (1986:7). Die grondwaarheid is dat Jesus nie alleen die boodskap van God na die aarde gebring het nie, Hy is die Woord van God. Joh. 1:1-18. Prediking is die verkondiging van die Waarheid, dat Jesus die Gekruisigde, maar ook die opgestane Here is. Die prediking se wortels lê dus in die Nuwe Testament waar die getuienis aangaande Christus vermeld word. Die Skrifwoord wat die heilsaksie, dit wat geskied het, weergee, vind ons onder andere in 1 Joh. 1:1-3*: "Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus."* Dit is hierdie getuienis wat in die prediking aan die orde gestel word. Dit is soos Pieterse meld dat hierdie getuienis *die "grond vir die apostels se verkondiging en vir alle verkondiging*" (1986:7) is. Die woord " marturein " beteken om 'n getuie te wees. Dit is een van die woorde wat die aksie waarom dit in die evangelie gaan, uitdruk. Alle prediking is dus die interpretasie van hierdie waarheid. Pieterse kies die grondwoorde vir die prediking as: kerugma, didache en paraklese. Die kerugma druk veral die inhoud van die prediking uit, naamlik die aankondiging van die evangelie, die goeie nuus dat Jesus die Christus is, die Verlosser (1986:8).

Volgens Pieterse word die woord "paraklese" in die Nuwe Testament gebruik om 'n dubbele betekenis weer te gee, naamlik vermaning en vertroosting. Die vermaning word gedoen op grond van die verlossing in Christus, sy liefde en sy genade (Rom 12:1). Die paraklese is gerig op die reaksie van die mens op die evangelie, naamlik om vrugte te dra. Dit is 'n woord wat ook troos bied vir die mens in angs of sonde of dwaling om aan te spoor en te vertroos. Hierdie is nie die enigste woorde wat die begrip prediking kan omskryf nie, maar na my oordeel die belangrikste, hoewel Pieterse sê dat die ryke verskeidenheid van woorde in die Nuwe Testament, ernstig geneem moet word en dit voor oë gehou word met die oog op die prediking. Dit kan net die rykdom van die evangelie dien as spreke van God.

### 7.1.2 Dialogiese prediking

Die era van tegniek en elektronika het gelei tot ‘n dialogiese gemeenskap (Baumann, 1988:259). Dit het ook ‘n effek op die prediking. Hy sê dat dialogiese prediking nie die handeling is waar prediker en gemeente met mekaar kommunikeer deur woorde nie, maar dialogiese prediking hang saam met ‘n verhouding. En die eerste verhouding is tussen God en sy gemeente. Die elemente van aanbidding soos in die Nuwe Testament weergegee, word nie weergegee in ‘n klein swart boekie vol voorskrifte nie, maar as dimensies van verhoudinge met die Lewende God en Sy mense (Clowney, 1995:124).

Dialogiese prediking dra die karakter van ‘n tweegesprek waar God as die “Lewende en Kommunikerende“ aan die gemeente te kenne gee dat Hy in ‘n verbondsverbinding met Sy volk in hul situasie wil staan. Dit is duidelik dat die Here’n antwoordende verhouding van hulle kant verwag: tussen Woord en weer-woord (Loots, 1986:96). Ek stem met Loots saam dat prediking in sy wese altyd dialogies van aard moet wees, want so word die hoorder by die kommunikasiegebeure betrek en verhoog die begrips- en die persepsievermoë van die gemeente. Dialogiese prediking is in sy diepste wese daarin gegrond dat God as die Sprekende van die mens verwag om te luister vanuit sy praktiese lewensomstandighede asook vanuit sy Verbondsverhouding met God (Loots, 1986:96; Pieterse, 1986:9). Die dialogiese aard van die prediking lê in die grondstruktuur dat God se openbaring in die Bybel dialogies van aard is. Waar God Hom in die Ou Testament openbaar het aan die profete en leiers het dit altyd in die vorm van ‘n dialoog plaasgevind. God het gespreek en die mens het geantwoord. Dit was God wat vrae gestel het en die mens het geantwoord; of dit was die mens wat vrae gevra het en God het geantwoord. Tussen hierdie heen en weer vloei van woorde het God Hom aan die mens bekend gestel. In die Nuwe Testament verloop Jesus se gesprekke met mense op dieselfde wyse, waar Hy die mense uitlok met vrae of stellings, sodat hulle moet reageer. Dit was uitnemend dialogies van aard. Daar is geen gedwongendheid by Jesus nie, slegs maar die uitnodiging om die Koninkryk van God te betree.

Dit is dus duidelik dat die prediking aan die gemeente ook sodanige dialogiese aard sal vertoon. Cilliers gebruik die term *“verbeeldingryke prediking”.* Prediking is nie die voordra van ‘n aantal sekerhede of waarhede nie, maar ‘n drama waarin die gemeente self die rolspelers is (Cilliers 1998:67-68). Volgens Pieterse *het “dialogiese prediking as doel om ‘n dialoog tusen die teks en die gemeente tot stand te bring - ‘n dialoog waarin die gemeente die ervaring het dat God self deur sy Woord in gesprek met hulle en hul situasie tree”* (1986:10).

In die dialogiese prediking is daar dus nie alleen ‘n interaksie tussen die prediker en God nie, maar ook tussen prediker en gehoor en tussen God en die gemeente (Vos, 1996).

Na my oortuiging blyk dit nodig te wees dat, ten opsigte van dialogiese prediking, die prediker soveel as moontlik by die lewensomstandighede van die gemeente met die prediking moet aansluit. Dit is gewis so dat die Sprekende God deur die prediker met Sy gemeente in hul lewensbestaan wil kommunikeer, maar hier lê ‘n gevaar in dialogiese prediking indien ‘n prediker vrae en oplossings aan die gemeente sou voorhou wat nie op die gemeente van toepassing is nie. Bloot omdat die prediker bewus is dat hy die gemeente in hul persoonlike omstandighede moet ondersteun. Die erge gevolg van prediking sonder grondige kennis van die lidmate se lewensomstandighede, is die lidmate se belangeloosheid by die prediking wat in die “lug dwarrel”. Dit is vir elke prediker van groot erns om te weet hoe groot die verantwoorelikheid is om die Woord van God te verkondig deur uitleg van die teks en die toepassing daarvan in die gelowiges se lewe (Pieterse, 1986:12). Hy noem dit ‘n teksbinding. Dit gaan om die verstaan van die teks vir die mens vandag. Deeglike kontak met lidmate en hul lewensmilieu kan verstarring en “onvrugbare“ prediking teenwerk (Vos, 1996:233). Dit kan voorkom word indien die prediker in afhanklikheid van die Gees ‘n interpretatiewe omgang met die Skrif vanuit die konteks van die gemeente situasie het.

Paulus het die metode van stille of veronderstelde dialoog gebruik deur moontlike vrae wat in die harte van sy hoorders geleef het, te vra. Anders as monologiese gesprekvoering, het Paulus met ‘n sensitiewe oog sy hoorders in die oog gehou en hulle betrek by sy gedagtegang by die oordrag van die evangelie (Loots, 1986:113). Die slaggat om vrae te vra wat nie antwoorde verlang nie, kan vermy word wanneer die prediker altyd onthou dat dit ten diepste gaan om die gesprek tussen God en mens en dat dit die fokuspunt van die prediking is. Dit vra van die prediker om terug te tree sodat sy intrede deur die woord, nie die dialoog tussen God en gemeente in die wiele kan ry nie . Dit is immers die Heilige Gees wat aan die prediking sy dialogiese karakter gee deur dialoog tussen Verlosser en sondaar te skep. Die Heilige Gees voorkom ook dat die prediking in ‘n antwoordende verkondiging verval wat niks meer te sê het as wat die mens vanuit sy omstandighede vra nie. Al word dit beklemtoon dat die prediker sensitief vir die hoorders moet wees, is dit duidelik dat dit nooit die prediking bepaal nie. Die prediking word bepaal deur God se Gees wat die Woord as lig, op die mens se situasie laat skyn, sodat die mens sy raad en hulp by God sal soek. God en sy Woord staan in die sentrum en nie die mens nie (Loots, 1986:114).

#### 7.1.2.1 Die waarde van dialogiese prediking

Dit is baie interessant dat daar in die moderne gemeenskap kerkleiers en gemeentelede is wat skepties staan teenoor dialogiese prediking (Baumann, 1972:263). In die lig van wat reeds gemeld is oor die belangrikheid van sodanige prediking, is die behoefte aanwesig om diegene wat afsydig en krities staan te bemoedig met die feit dat dit nie gaan oor die verwerping van oue tradisies nie, maar oor die noodsaaklikheid om die Woord van God in die konteks van die soekende mens in sy daaglikse bestaan te laat funksioneer (Vergelyk Pieterse [ed.] 2001; Van der Geest in Faber[red.] 1984 :12).

Al sou persone getuienis uit die Skrif aanhaal wat die monologiese prediking sanksioneer, sal dit nie meer die huidige mensegeslag aanspreek nie. So word verwys na die Ou Testamentiese profete wat 'n hele volk moes verwittig van God se voornemens; Petrus wat op Pinksterdag aan duisende die evangelie bring; Jesus wat groot skares gevoed en geleer het. Die redenasie is bloot dat die persoon van die prediker ook 'n rol speel om op so 'n pad van dialoog met die gemeente te stap.

Die waarheid is duidelik en klaar: Die prediking is in die spervuur en die oue moet verander tot dialoog om die volgende redes :

**a) Belangstelling**

Dialogiese prediking skep 'n hoë vlak van belangstelling by die hoorders. Dit betrek die gemeente by die gedagtegang in plaas daarvan dat hulle passief bly soos in 'n konsert of uitvoering om bloot applous of kritiek aan die einde te lewer. Daar vind identifikasie tussen prediker en hoorder plaas.

**b) Verheldering.**

Die geleentheid tot misverstande word grootliks uitgeskakel deur die betrokkenheid en vrymoedigheid van die lidmate. Die gespreksituasie bied die geleentheid om onsekerhede en vae begrippe vroeg te verhelder deur verduideliking, sodat die hoorder nie die rigting of essensie van die gesprek verloor nie. Gedagtes word helder in die lig van die openlike gesprek wat om die aandag van albei deelnemers vra.

**c) Waagmoed**

Dit is nogal wat die evangelie se eise betref ‘n groot voordeel. Hierdie vorm van prediking gee aan lidmate die motivering maar ook die krag om sake wat moeilik is om uit te voer, in die oë te kyk en deur te voer. As voorbeeld gebeur dit dat wat die prediker in sy preek oor plakkers se behuising sê dalk nie ‘n groot impak op die lidmaat maak nie, totdat die gemeentelid in dieselfde kerkbank enkele indringende opmerkings maak. Meteens is die ander se aandag by die spreker wat die erns van die saak van die prediker bevestig. Hierdie saak of optrede is baie belangrik, omdat mense maklik afskakel indien ‘n saak binne hul verwysingsraamwerk vreemd of onnodig blyk te wees.

**d) Geloof word versterk**

Waar lidmate betrek word om deel te hê aan die prediking van die gemeente, word dit ‘n gulde geleentheid vir lering en verdieping van hul verhouding met God in geloof. Praktiese geloof wat in dade omskakel word lidmate se lewenswyse. Hulle is nie meer passiewe lidmate wat wag om bedien te word nie, maar besef hul verantwoordelikheid om self werkers in God se koninkryk te wees. Hulle het ‘n plek en plig om ander te leer. Daar is waarhede wat hulle met ander wil deel wat hulle self ook ontvang het. ’n Groot waarheid in die opvoedkunde is dat die mens die beste leer wanneer hy ander leer. Die grootste waarde van dialogiese prediking is die verandering wat dit bring in die lewe van die deelnemers. Waar die evangelie van Christus mense se lewens verander en dialogiese prediking hierdie proses ondersteun, hoef daar geen verdere redes gesoek te word om die waarde van dialogiese prediking te verdedig nie (Vergelyk ook Vos, 1996).

**7.1.3 Gemeentelike dialoog**

Net enkele gedagtes oor gemeentelike dialoog aangesien die saak wel volledig aan die orde in die studie kom. Daar is drie rigtings wat gemeentelike dialoog kan volg: of tydens die erediens; of voor die erediens of selfs daarna. Gemeentelike dialoog is volgens Baumann ’n vorm of wyse van terugvoer (feedback) of saampraat van die gemeente (1972:266). Dit is baie voordelig vir die aanbidder, want hy ervaar dat dissipelskap veel meer om die lyf het as om in ‘n kerkbank te sit en luister. Daar is nou kans tot deelname aan die gesprek, wat voorheen nie bestaan het nie. Die lidmaat word nou deel van die proses wat hy geniet. Hy neem deel, dink saam, antwoord, getuig en groei in sy geloof. Vir hierdie lidmate wat deelneem aan die dialogiese gebeure in die erediens, word die erediens en veral die prediking, lewe-gelaaide momente waar die Heilige Gees die geloofswaarhede en die nuwe lewe in Christus versterk.

#### 7.1.3.1 Dialoog voor die prediking

Informele en formele huisbesoek kom wel breedvoerig aan die orde, daarom sal hier net enkele aanmerkings gemaak word, aangesien die praktyk van huisbesoek nie ter sake is nie. Gedurende die week kan die prediker Sondag se preekteks reeds met gemeentelede tydens huisbesoek bespreek. Dit word nie alleen gedoen om die lede te onderrig om te luister nie, maar om hulle te help om die dieptes van die hoorders se hart te leer ken. Hy leer deur die teks te deel met hulle wat op die stadspleine beweeg.

‘n Leesrooster met Skrifgedeeltes vir die week wat aansluit by die volgende Sondag se boodskap, word deur die leraar voorsien. Daar is dagstukkies met vrae vir kinders en volwassenes wat deur die preek belig word. In ‘n sekere sin word die preek deur die hele gemeente ondersoek en gepreek (Baumann, 1972:266).

Daar is die preekmaakgroep wat op ‘n weeklikse basis die prediker bystaan met die voorbereiding van die erediens (Pieterse 1986:160). Die liturgie sowel as die preek word deur die groep bespreek en beplan. Daar word deeglik nagevors oor die teks en sy betekenis en dan wat die teks vir die gemeente sou sê. Reeds by die voorbereiding van die preek deur hierdie groep, moet die dialogiese aard van die prediking vasgelê word, deur die brandende vrae in die gemeenskap aan die orde te stel. Pieterse noem dit ingeboude dialoog (1986:160), deur vrae te stel wat uit die Woord beantwoord moet word. Die voordeel van hierdie metode is dat die wêreld van die gemeentelede in die prediking betrek word en waar hulle weer gedwing word om op die appél van die Woord te reageer. Dit was Jesus se styl.

Gebed is van groot belang by hierdie groep vanweë die besef dat die Woord van God aan die orde moet kom. God moet spreek sodat die mens kan antwoord. Al nadeel is dat die groep nie noodwendig die hart van die totale gemeente ken nie. Die voordele van so ‘n werkgroep is veel hoër as ‘n gemeente sonder sodanige hulp vir die leraar.

Die saamsoek, saampraat en saambid, hou groot krag vir die preekgroep in. Dit kan aanvaar word dat onderlinge verhoudinge gebou word, asook en veral hul verhouding met God. Daar kom ’n verwagting by die gemeente vir Sondag, die dag van die Woord.

#### 7.1.3.2 Dialoog tydens die prediking

Hier word die gemeente in die erediens betrokke gemaak. Hier word twee moontlikhede aangedui:

**a) Stop my as jy ‘n vraag wil vra.**

Aan die begin van die preek nooi die prediker die gemeente om hom gedurende die preek met die opsteek van ‘n hand te stop, indien hulle ‘n vraag wil vra. Sou iemand ‘n vraag vra, stop hy die preek, beantwoord die vraag of gee ‘n verduideliking en gaan voort met die preek. Dis opmerklik dat Baumann nie baie gemaklik is met hierdie vorm van dialoog nie, want hy voel so ‘n gespreksmetode moet die uitsondering wees en nie die reël nie (1972:268). Dit hou verband met die praktyk dat enkele lidmate die gemeente moeg kan maak met hul vrae en slimmighede en so die boodskap ondermyn. Indien dit gebeur dat enkeles die erediens domineer, moet hierdie praktyk getermineer word. Tog kan die metode vrugbaar wees waar die gemeente ondersteunend inskakel in die proses om die evangelie te verstaan. De Villiers maak ‘n belangrike punt dat die evangelie in die erediens mense tot God roep, maar ook mense tot mense, sodat sinvolle deelname aan die erediens hulle help tot sinvolle ervaring van die Christelike lewe (1977:14).

**b) Help my preek**

Hier word ‘n swartbord of oorhoofse projektor benodig. Dit word so geplaas dat die hele gemeente dit kan sien. Ander moderne apparaat kan gebruik word. Die Skrifgedeelte word gelees. Die prediker vra dan wat die onderwerp van die gelese gedeelte is. Alle moontlike voorstelle word op die bord aangeteken. Konsensus volg oor die onderwerp, waarna vrae gevra word oor wat die gedeelte sê van die onderwerp. Gevolgtrekkings word aangeteken. Die boodskap word uitgespel soos lidmate dit bespreek. Daarna volg die illustrasies wat die preek moet verlig. Dit kan verhale wees of ervarings. Hierna word die waarhede wat die gemeente moet leer aangestip. Dit lê nie in die vermoë van elke prediker om hierdie metode te volg nie. Dit verg deeglike voorbereiding van die Skrifgedeelte deur die prediker, sodat hy die gemeente met die proses kan begelei tot suiwer verstaan van die Woord. Die waarde van hierdie proses lê in die leiding van die prediker wat die gemeente help om die Bybel reg te bestudeer en reg te verstaan. Tegelykertyd betrek hy die gemeente in die proses om die boodskap voor te berei. Ook dié metode sal nie elke week herhaal kan word nie.

#### 7.1.3.3 Dialoog na die prediking of gedeelde dialoog

Pieterse bewoord hierdie wyse van dialoog of kommunikasie as gedeelde dialoog en sê dat die werklike interaksie tussen die prediker en gemeente wat in die preekgebeure reeds in die spreke van die prediker en die luister van die gemeente deur ‘n nie-verbale interaksie geskied het, loop na die prediking uit op ‘n verbale gesprek tussen die gemeentelede onderling en tussen die gemeente en die prediker (1986:163). Direk na die preek of erediens kry die gemeentelede ‘n geleentheid om vrae te stel of gedagtes uit te spreek. Dit is ’n voordelige wyse om geruis, soos misverstande uit te skakel. Die ander voordeel is dat gemeentelede met mekaar oor die prediking kommunikeer. Dit bied aan die prediker die geleentheid om die Woord in sy rykdom met die gemeente te deel. Tereg sê Pieterse dat die prediker en die gemeente ‘n gedeelde verantwoordelikheid het wat die preek se inhoud betref. Hulle het deel gehad aan die voorbereiding van die preek deur kommunikasie met die prediker tydens huisbesoek of in die pastoraat of Bybelstudie. Die prediker sal hulle dus in ag moet neem met die voorbereiding van die boodskap (1986:163).

Dit is die weg wat meer leraars volg. Gewoonlik is die boodskap kort, waarna die leraar aan die gemeente die geleentheid bied om in groepe met vrae of wenke of kommentaar die boodskap te bespreek. Dit kan voordelig wees, maar dan moet die gemeente nie te groot wees nie. Dit sou ideaal funksioneer tydens ‘n Sondagaandbyeenkoms, indien die temas van sodanige aard is dat dit aktueel is. Na my oordeel word die aand-byeenkomste grootliks deur jongmense bygewoon wat beteken dat die temas en besprekings binne hul belangstellingsveld en bevatlikheid moet wees. Wat hierdie proses betref is die preek die bespreking.

Daar kan van gonsgroepe gebruik gemaak word na die preek om die preek te bespreek. Die prediker moet seker maak dat hy die reaksies van die groepe evalueer om seker te maak dat die doel en boodskap van die preek verstaan is. Selfs preekmaakgroepe behoort na die erediens of in die week te vergader om die preek te bespreek by wyse van ‘n nagesprek. Dit sou uitstekend wees as die gesprek ook tydens huisbesoek of ander byeenkomste van die gemeente, kon plaasvind.

God word gelukkig nie beperk deur die praktyke van die mens nie. Sy boodskap van verlossing bly dieselfde, maar dis die predikers wat ‘n versperring kan lê in die weg van die kommunikasie van die Woord. Dialogiese prediking besit die vermoëns om ‘n vaal en treurige diens op ‘n Sondag om te keer tot ‘n lewegewende ervaring waar gelowiges die evangelie met nuwe ore en ‘n opgewondenheid hoor omdat die Koning se Woord weer nuut klink. Dit kan mense verander deur die Heilige Gees van meelopers en toeskouers tot deelnemers en dissipels.

### 7.1.4 Aktuele prediking

Wanneer gepraat word van aktuele prediking, is die veronderstelling dat die Woord aan die mens van die hede so oorgedra word dat hy God sal hoor in sy of haar eie unieke omstandighede. (Smuts, 1985:95). Die probleem met hierdie begrip is: predikers is geneig om die WOORD aktueel te wil maak, terwyl die Woord reeds aktueel is, omdat dit God se Woord is. Dit is reeds 'n aktuele Woord omdat die Lewende God in die konkrete lewe van die mens ingryp. Die mens kan nie die Woord aktueel wil maak nie, ons kan maar net luister en ons verwonder oor God se stem wat die ore van die mens bereik. Hiervoor moet die prediker sy oor en hart naby God se Woord hou. Dit is dus nie die aktualiteit van die mens se omstandighede wat die prediker noop om die Woord van God daarby aan te pas nie maar die Woord wat as 'n toring binne in die tyd staan (d'Assenville, 1976:92).

Hierdie waarheid sluit nie die prediker as dienaar van die Here God uit nie, nog minder die gemeente.

Jonker onderskei tussen twee grade van konkretisering. Eerstens moet die prediker die inhoud van sy teks konkreet uitspel met die oog op die meer gemeenskaplike situasie van sy gemeentelede (1976 : 121). Daar sal dus aan die gemeente gesê moet word wat Christus vir hulle in hul situasie beteken (Pieterse, 1986:18). Navolging van Christus sal nie met vaaghede geteken kan word nie, maar die hoorder moet weet hoe om Hom in die konkrete lewe aan te neem en te volg.

Die tweede graad van konkretisering sien Jonker as: dat die evangelie ook gekonkretiseer moet word met die oog op spesifieke probleme en omstandighede van bepaalde groepe in die gemeente. Dit kan leeftyd of beroepsgroepe ensovoorts wees. By die eerste definisie handel dit oor algemene sake, terwyl die tweede meer spesifieke sake of omstandighede in gedagte het. Hierdie soort prediking kan moeilik in die algemene samekoms van die gemeente in die erediens geskied. Dit hoort tuis by kleingroepe of gesprekke.

Pieterse voer in verband met aktuele prediking aan dat: *"Die finale konkretisering van die teks geskied deur die gemeente*. *Die gemeente is 'n interpreterende gemeenskap van gelowiges wat onder die leiding van die Gees saam eers ten volle begryp*" (Pieterse, 1986:18). Die prediking open perspektiewe vir die gemeente, stimuleer hul in 'n sekere rigting. Wanneer die gemeente onder die leiding van die Heilige Gees uitgaan in die alledaagse lewe en dit wat God aan hulle gesê het, konkreet maak in hul lewe en gemeenskap, word die teks finaal konkreet gemaak

(Pieterse soos aangehaal in De Klerk 1979:35). Dit vra van die prediker om die Woord wat hy van God ontvang het, in verstaanbare woorde en taal oor te dra, deur rekening te hou met die bevatlikheid van die hoorders en hul eksistensiële omstandighede. De Villiers noem dit priesterlike prediking. Soos die priester uit die heiligdom moes tree om die mens te ontmoet, so moet die prediker uit die heiligdom van die Woord tree om die gemeente te ontmoet (1977:10).
Die mens se lewe is nie so geïsoleerd van die res van die gemeenskap soos dit soms voorgestel word nie (Jonker, 1976:120). Deur die massamedia en die openbare lewe word mense in 'n groot mate gelyk gestel, sodat die uiteenlopendhede van die mense en hul omstandighede nie so vreemd of verskillend van mekaar is nie. Hulle is nie so onbekend met mekaar se leefwêreld as wat soms voorgegee word nie. Konkretisering van die mens se nood bestaan dus nie net daarin dat die mens bepaalde probleme in die gemeenskap ondervind nie, maar dui op die gemeenskaplikheid van alle mense, naamlik dat ons sondaars is en verlang na die vergifnis en genade van God. Die luisterende gemeente dekodeer die aktuele Woord van God dan in hul eie omstandighede onder die leiding van die Heilige Gees.

## 7.2 DIE GEMEENTE EN PREDIKING

In die laaste vyf en twintig jaar het heelwat studie ook in ons land oor gemeentes en gemeentebou plaasgevind en het talle gemeentes inderdaad vernuwende aksies en veranderings laat plaasvind omdat daar werklik 'n behoefte aan vernuwing, veral in die erediens was. Hierdie soeke na vernuwing wil ek glo het onder leiding van die Heilige Gees en volgens Skrifbeginsels geskied, hoewel die voorneme tot vernuwing in die erediens nie oral met groot vreugde of goedkeuring geskied het nie. Die reaksie op vernuwing in die erediens het getoon dat daar by sommige leraars asook by sommige lidmate 'n skerp reaksie teen hierdie "nuwe" rigting was. Die gemeente is die Here se vergadering en vanweë die hoor van die Woord vorm en rig dit die lewe van die gemeente. Daar kan geen geestelike herlewing in die kerk wees, alvorens die waarde en krag van die prediking nie herstel is nie (Clowney, 1995:130). Vergelyk 2 Tim. 4:1-4.

Aan die ander kant het soveel meer lidmate besef dat die erediens se liturgie, asook die meelewing en betrokkenheid van lidmate in die erediens, nie maar die ou pad van monoloog kan bly volg nie. Dit het grootliks met die mondigheid van die lidmaat asook die ontwikkeling in die tegnologie saamgehang, spesifiek die koms en invloed van die televisie. Die monologiese aard van die prediking spreek lidmate nie meer so aan dat dit 'n effektiewe wyse van gesprekvoering is nie. Gelowiges wil God nie net in die erediens deur die Woord hoor nie, hulle wil ook met God kommunikeer. Dit is opvallend dat veral die jonger mense nie meer te vinde is vir die voortbestaan van die erediens in sy huidige gestalte nie. Dit is dalk eenvoudig om maar saam te kla oor die gerigtheid van die jong geslag om die erediens volgens hulle smaak te wil

inrig en die indruk te skep dat dit goed is om die erediens ook soos die moderne modes gedurig in 'n nuwe uitrusting te klee volgens die smaak en styl van die dag. In eerlikheid moet ek sê dat dit nie die bedoeling van die jeug is om die gespreksgebeure in die erediens te vervlak nie, want hulle het 'n egte behoefte om met God in die erediens kontak te maak. Vir hulle is dit nodig en belangrik om 'n ontmoeting met God in die gemeenskap van die gelowiges te beleef. Na my oordeel laat die gereformeerde erediens met sy gesprekskarakter voldoende geleentheid vir mondige gelowiges om God deur die Woord- gesprek in die erediens te ontmoet.

Daar word daarom aandag gegee aan die aard, struktuur, ontstaan en opbou van die gemeente. Tog het daar sekere belangrike aksente wat aandag moes verdien het, soos sistematiese huisbesoek en aktuele prediking en veral die verband met mekaar, nie die gewigtige aandag ontvang wat so'n belangrike saak verdien nie. Na my oordeel moet die tuiskoms van die boodskap by die gemeentelede dringende aandag ontvang. Pieterse vra die vraag of die preek 'n effek op die lewens van gemeentelede het? Hoe hoor en vertolk die gemeente die boodskap van die preek? Wat hier van belang is, is die vraag of die gemeente deelnemers aan die preekgebeure is en wat is die aard van hul deelname? Hoe sien ons die gemeente en of 'n kerkmodel 'n invloed het op die tuiskoms van die preek by die gemeente? Hy bevestig verder dat *"daar 'n noue verband tussen die opset en funksionering van die gemeente en die tuiskoms van die preek by die gemeentelede is"* (1991:1).

Pieterse verklaar dat die ontmoeting tussen teks en die gemeentesituasie in die meditasie plaasvind (1986:23). Dit is in sy studeerkamer in sy bewussyn waar die teks vir die hede konkreet gemaak word. Hy definieer meditasie as die proses waarin die konfrontasie tussen die teks en die gemeentesituasie plaasvind en deur die aanspreke deur die Woord die boodskap uitkristalliseer wat in die taal van die huidige gemeente onder woorde gebring word. Die meditasie is die plek waar die teks van die verlede met die situasie van die hede in konflik tree. Maar dis ook by die meditasie waar die teks en die hede mekaar ontmoet en omhels, sodat die Woord lewende woord kan wees. "*Eksegese en die gemeentesituasie verkeer in 'n voortdurende wisselwerking in die meditasie"* (1986:24). Dit is belangrik om te onthou dat die prediking wat die Woord in die konkrete situasie van die gemeente tot woorde bring, aan die teks verbonde bly *"soos 'n naelstring"* (1986:25).

### 7.2.1 KRITIESE VRAE OOR GEMEENTE EN PREDIKING

#### 7.2.1.1 God se Woord

Wanneer die saak van die prediking as kommunikasie aan die orde kom, is die eerste en belangrike vraag na God se spreke in die prediking (Pieterse, 1991:2).

Die belangrike vraag wat gevra word is of dit in die prediking gaan om die Woord van God en in watter mate die menslike woord of spreke gelyk gestel kan word met die Woord van God? Het ons met die Woord van God te doen of is dit mensewoorde?

Waar Paulus met die Tessalonisense rondom die saak van sy prediking in 1 Tess. 2:13 praat, sê hy: "*Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aanvaar het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie maar die Woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys*". W.Hendriksen se verklaring in sy kommentaar op 1 en 2 Tessalonisense, behels dat die gemeente inderdaad die prediking van Paulus aanvaar het as die Woord van God. Die vrug hiervan was die feit dat die goddelike woord vrug gedra het in die lewens van die mense. Die Woord was aan die werk, want die mense het reeds hul afgode weggewys en na Christus gekom en selfs te midde van vervolging die nuwe geloof vreugdevol bely. Die Woord was effektief in die lewe van die hoorders. Dit beteken net een ding: dit was die Woord van God. God self is aan die werk. Hier is geen bekwaamheid van mense ter sprake nie. Calvyn sê in sy kommentaar dat die Tessalonisense vanweë die goddelike werking binne hulle as gevolg van die geloof, verseker kon weet dat die woorde wat hulle van Paulus gehoor het nie verbygaande klanke van mensewoorde was nie, maar die lewendmakende Woord van God.

H Bavinck verklaar dat God altyd by sy Woord teenwoordig is en dit dra deur sy almagtige en alomteenwoordige krag. Dit is altyd Hy wat Self deur watter vorm of middel ookal sy Woord tot die mense bring (1967:439). Hy sê verder dat net soos die Skrif eenmaal deur die Heilige Gees geïnspireer is en voortdurend deur die Gees gedra, bewaar en bekragtig word, so is dit ook met die Woord van God gesteld wat uit die Skrif geneem en op een of ander wyse aan die mense gepreek word.

Dit blyk korrek te wees om in die lig van die bovermelde te konkludeer deur te sê dat prediking die Woord van God is deurdat dit deur die Heilige Gees in die prediker en hoorder se lewens gedra en bekragtig word. Dit is te verstane dat die mensewoorde van die preek nooit presies

identies met God se Skrifwoord gestel kan word nie, maar dit verkondig die Woord van God wat deur die gelowiges aanvaar word (P.J.C. Loots, 1986:74).

In die prediking gaan dit om God se Woord wat deur die prediking in mensewoorde tot God se Woord word. (Loots, 1986:74). Loots voel daarom dat dit nie vir die predikant nodig is om deur allerlei truuks die Woord lewend en aktueel aan die gemeente te bring nie, want die Woord is lewend in sigself en word deur die Heilige Gees tot ware Woordgebeure gemaak. Hierdie feit hef aan die ander kant nie die prediker se verantwoordelikheid op om na die beste van sy vermoë God se stem te hoor en sy beste te lewer om die Woord aan die gemeente oor te dra nie. Met die Woord as bron, bely ons dat God Hom geopenbaar het en Hom as 'n aanwesige en sprekende God laat ken. God het hom geopenbaar in die heilsgeskiedenis van sy volk Israel, daarna deur Sy Seun Jesus Christus. Vandag spreek Hy tot ons deur sy Woord en Gees. Dit beteken God is sprekend aanwesig in die prediking van die Woord in die boesem van die gemeente. Dit word moontlik deur Jesus se redding aan die kruis en sy opstanding en deur die verligting van die Heilige Gees*." God is dus teenwoordig in ons midde en ontmoet ons as lewende Heer in die handelinge van die kommunikasie van die Evangelie"* (Pieterse, 1991:2).

**7.2.1.2 Die gemeente se oorsprong**

Die gemeente se oorsprong lê in die inkarnasie van Jesus Christus vanweë die sonde van die mensheid (Heyns, 1977:34). Die ontstaan en bestaan van die gemeente is dus ten nouste verbind aan die verlossing in Christus. Tereg sê Pieterse dat die gemeente 'n gemeenskap is wat rondom die wesentlike gebeure van die roeping, aanvaarding en ervaring van die heil in Christus vorm aanneem" (1991:2 ). Wie dus "in Christus" is, is opgeneem in die liggaaam van Christus. Dit is die grond vir die eenheid en gelykheid van alle gemeentelede, asook vir die betrokkenheid van lede aan alle aktiwiteite in die gemeente. Hiervoor word hulle toegerus met die gawes van die Heilige Gees.

**7.2.1.3 Gemeente se opdrag**

Gedagtig aan die opdrag van Christus in Mat. 28 :19 "*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*" en die belofte dat Christus al die dae tot die voleinding van die wêreld by Sy kerk sal wees, noop die gemeente dat haar boodskap aan die wêreld die boodskap sal wees van God se versoening met die wêreld deur Sy Seun. Runia bevestig dat die belofte grond onder die voete van die prediker sowel as die gemeente plaas om op 'n sinvolle manier met die wêreld besig te wees (1981:84). Die gemeente se spreke is dus

gerig na binne om mekaar as gelowiges in geloof op te bou, maar aan die ander kant moet die gemeente ook met die wêreld kommunikeer deur Woord en diens. Met netwerke van verhoudinge na binne en na buite, is die gemeente 'n dinamiese kommunikatiewe gemeenskap (Pieterse, 1991:92–94). Ons sou nie van die gemeente kon praat, los van die prediking nie. Die gemeente van Christus word deur die prediking gekonstitueer en gekontinueer (Runia, 1981:36; Trimp 1985:15).

**a) Die erediens in die wêreld**

Of die gemeente regtig as verloste gemeenskap effektief en doelgerig op die wêreld gerig is, is 'n groot vraag. Dit wil eerder blyk asof die erediens wêreldvreemd geraak het (Nel, 1990:172). Nel vra die vraag of die erediens nie net so wêreldvreemd geword het as wat die wêreld erediensvreemd geraak het nie? Die vraag wat hiermee saamhang is of dit slegs die wêreld se skuld is dat hulle nie in die erediens kom nie, of kom die wêreld nie omdat die erediens oor vele jare nie in die wêreld kom nie. Die wêreld het dit opgemerk en daarop gereageer tot skade vir die kerk en die wêreld. Die vraag handel gewis ook daaroor of die *"akkommodasie van die behoeftes van die mense van hierdie wêreld in die erediens"* (Nel 1990:173) raakgesien is? Vir hierdie studie is dit belangrike vrae, omdat die kerk nie in isolasie met die wêreld mag leef nie, omrede Christus se opdrag baie duidelik aan die gelowiges is om die wêreld binne te tree met die evangelie van versoening.

**b) Die wêreld in die erediens**

Dit mag vreemd klink maar die erediens mag nie wêreldloos bedink word nie. Tydens die erediens mag die kerk nie die wêreld vergeet asof die wêreld nie dieselfde grond as die kerk mag betree nie. God word dus van die wêreld weerhou asof God net die Gawe aan die kerk is. Dit is 'n aantasting van die wese en roeping van die kerk.

In die lig van die waarheid dat die erediens die ontmoeting of gespreksgebeure is tussen God en gemeente, kan God nooit wêreldloos wees nie. Hy is die Skepper en Onderhouer van Sy ganse skepping. Deur Jesus Christus het God Sy arms van genade om die wêreld kom slaan. Sy liefde is gerig op die ganse wêreld. Nêrens het God die wêreld afgeskei van Sy liefde of omgee nie. Gedagtig aan die wese van die mens as sondaar wat gered moet word, hou God nooit op om deur Sy Gees die wêreld op te soek in Sy liefde nie. Dit bring mee dat die gemeente selfs in haar intieme tyd van die erediens, nie die wêreld mag uitsluit nie. Die erediens is dan 'n geleentheid waar die gemeente namens die wêreld die Here dien - die wêreld wat nog ver en ongehoorsaam leef en God nognie wil dien nie (Nel, 1990:174). Die gemeente mag nie vergeet dat die erediens

‘n viering is van God se verlossing nie. Wanneer die wêreld nie genooi word om deel te hê aan die fees nie verloor die erediens sy g[G]ees. Dit beteken nie ‘n ondergrawing of onderskatting van die erediens nie maar dat die kerk soos die wêreld op weg is na die voleinding waar elke knie voor God sal buig en elke tong sal bely dat Jesus die Waarheid is. Dit is tog opmerklik dat die Here Jesus gesê het dat deur die eenheid in liefde wat in die gemeente sigbaar is, die wêreld sal weet dat die gelowiges God se kinders is. Ander Skrifuitsprake waar die eenheid en die onderlinge verhoudings in die gemeente voorgehou word as essensieel, is die oproep om so te leef met die oog op die wêreld. So word God se Koningskap bevestig deur die gemeente in die wêreld.

Die gemeente vergeet te maklik dat sy ook uit die wêreld kom. Die gemeente is steeds mense wat in die wêreld leef. Die gemeente *“dra die wêreld die kerkgebou binne”* (Nel 1990:175). Die lidmate betree die erediens elkeen met sy eie wêreld. Aan elkeen sit die sonde soos ysterstukkies aan ‘n magneet. Wie nou kerk is, was eens van die wêreld. In die erediens vergader nie alleen mense wat uit die wêreld verlos is nie, hier is geredde mense wat tog ook nog baie van die wêreld met hulle saamdra en in hulle omdra. Juis hierom is ‘n erediens weg van die wêreld nie moontlik nie. Die erediens wat eintlik op God behoort gerig te wees, is nooit sonder ’n gerigtheid ook op die mens in die wêreld nie. Die gemeentes is God se plan om die wêreld te behou en terug te win. In dié sin is die wêreld die oorsaak van die kerk se bestaan (Nel, 1990:177). Hy gaan voort om te konkludeer dat indien ‘n gemeente die wêreld sou uitskakel, dit een van die eerste tekens is dat ‘n bepaalde gemeente die reg van sy bestaan verloën. Ons kan dit met pyn aanvaar dat die kerk nie so ernstig is met haar roeping as getuies van God se versoening met die wêreld, as wat ons opdrag van Christus is nie.

C.P. Wagner onderskei ten opsigte van hierdie stelling tussen modaliteit en sodaliteit (1984:144). Modaliteit verwys na die funksiegerigthede, terwyl sodaliteit na die gemeenskap, die broederskap van die gemeente verduidelik. Wagner noem dit ook gemeentelike strukture en missionêre strukture. Hy gee toe dat die begrip modaliteit nie juis ‘n teologiese woord is nie, maar bekend is op die terrein van die antropologie, medisyne en musiek. Maar hy gebruik die terme in die verband soos hierbo verklaar. Modaliteit verwys eintlik na ‘n munisipale struktuur. ‘n Kenmerk hiervan is dat dit ’n mens-georiënteerde struktuur is. Inwoners word gebore in ‘n stad of dorp en hoef nie aansoek om inwonerskap te doen nie. As nuwe intrekkers word hulle outomaties inwoners van die omgewing. Deur konsensus in sake, word die gemeenskap gelukkig gehou.
Die sodale struktuur is verskillend. Dis nie mens-georiënteerd nie, maar ’n taakgerigte struktuur. Hier word van mense verwag om aansoek te doen tot lidmaatskap. Hulle kan selfs voorregte geweier word. Indien hierdie deelnemers nie presteer of hul opdrag of taak uitvoer nie, moet hulle gaan. Dissipline is ‘n hoë prioriteit.

Pas Wagner hierdie gedagtes toe op die kerk, dan is die modale struktuur ‘n verwysing na die plaaslike gemeente of gemeentes. Dit is mens-georiënteerd. Mense word deur geboorte lede van die kerk of omdat die ouers lidmate is. Dissipline is laag.

Die sodale of missionêre struktuur is iets totaal verkillend, want dit is taak-georiënteerd. Niemand word outomaties deur geboorte ‘n lid nie. Dissipline is baie belangrik. Hier is die taak belangriker as die mens wat die taak moet uitvoer.

Die modale sisteem was die kerklike sisteem van die Nuwe Testament, wat ook die styl in die sinagoge was. Hieruit het die kerk se sisteem gegroei (Wagner, 1984:144).

## 7.3 DIE PREDIKING SE AMBIVALENSIE

### 7.3.1 Die Gees spreek

Daar kan nie van die prediking gepraat word sonder die werk van die Heilige Gees nie. Dit is ‘n feit dat die Gees se rol en betekenis in die prediking dikwels onderskat word, of selfs oorskat word soos by charismatiese groepe en pinksterbewegings wat die Heilige Gees losmaak van die Woord en sakramente en Hom ‘n eie werking gee (Smuts[red.], 1988:8).

Dit is die verkondiging van die Woord van God wat prediking sy karakter gee. Dit het ten doel om die hoorder tot ‘n lewende ontmoeting met God te lei. Hierdie twee gedagtes van spreke en ontmoeting dui op gesprek wat die prediking se dialogiese aard bevestig. Prediking het dan ook ‘n dubbelvoudige karater. Dit bestaan daarin dat die bediening van die Woord ‘n Goddelike en menslike handeling is. So verstaan is dit in die eerste instansie God self wat deur die Heilige Gees die Woord tot die gemeente spreek. Daar waar die gemeente biddend rondom die Woord vergader en God vertrou, daar word die Woord gehoor deur die werking van die Heilige Gees. Die gemeente moet as betrokke gesien word, want God wil tot die gemeente spreek. In hulle verbondenheid aan die Woord en die Gees staan leraar en gemeente langs mekaar en albei het ‘n verantwoordelikheid om te luister (Labuschagne, 1982:22). In die ontmoetingsgebeure van die erediens reageer die mens op God se werk in Christus deur die krag van die Heilige Gees (Smuts[red.],1988:6).

### 7.3.2 Die prediker spreek

*"Prediking is die bediening van die Woord van God aan 'n bepaalde vergaderde gemeente."* (Jonker, 1976:79). Hierdie woord dra 'n unieke karakter en is daarom te onderskei van enige ander vorm van omgang met God se Woord. Dit is nóg lesing nóg diskoers nóg Bybelstudie of watter ander vorm daar mag wees. Dit is die lewende bediening van God se Woord. Daarom dra die prediking in die erediens 'n unieke gebeurtenis-karakter. Dit is die gebeurtenis waar'n geroepene van die Here Jesus Christus, toegerus met die gesag van die Heilige Gees met die Woord van God na die gemeente toe gaan om dit in die Naam van Christus in die midde van die versamelde gemeente te proklameer.

Die prediker staan dus as gestuurde gesant van God voor die gemeente van die Here God en nie in sy eie hoedanigheid om met sy eie kennis of krag die gemeente toe te rus nie.

Die gedagte kan dalk bestaan dat dit die leraar, as gestuurde van die Here is, wat die gemeente moet lei om die Woord van God te hoor. Dit sou 'n verwatering van die Gees se werk beteken en 'n miskenning van die Gees se verligting van die mens om die Woord te hoor en te verstaan. Sweazy beweer tereg*: "When his sermons imply that those who disagree with him are resisting God, they are entitled to be irritated. The people in the pews read the same Bible he does, and pray as earnestly for guidance. There is nothing in ordination that creates an oracle"* (1976:26).

In die erediens is daar twee betrokkenes - God en mens. Albei is noodsaaklik vir die verwerkliking van 'n erediens. Aan die een kant kan die grootheid van God so oorbeklemtoon word dat die mens *"'n swyende toeskouer word van die groot heilsdade van God - 'n gevaar wat die kerk bedreig het voor die Reformasie."* (Dressel a.w. Smuts, 1988:5). Aan die ander kant kan die mens so oorbeklemtoon word dat God op die agtergrond skuif. Dit kan 'n gevaar word indien eredienste as eksperimente geag te word waar die mens en sy smake op die voorgrond moet staan. Die aandeel van die gemeente in die ontmoeting met God is 'n wesenlike element van die erediens, maar dit mag nooit uit verband geruk word nie.

Dit is dus die teks wat spreek, maar ook die gemeente wat spreek. Volgens Cilliers is dit juis die een-stemmigheid van al die stemme waar die Woord geskied (2004).

### 7.3.3 Kommunikasie- punt tussen spreker en hooder

Dit is juis op hierdie punt waar daar in ons dag soveel kritiek ingebring word teen die preek op Sondag. Die vraag word gevra of die prediking op Sondae soos ons dit ken in die meeste

gemeentes werklik tot effektiewe kommunikasie kan lei? Dit is dus nodig om daarop te dui dat elke kommunikasiegebeurtenis tussen mense volgens 'n eenvoudige patroon plaasvind, naamlik die spreker (ook uitsender genoem) wat sy boodskap rig aan die hoorder (ontvanger).

Ek wil aansluit by die skema wat Pieterse gee van 'n gesprek waar hy toon dat 'n gesprek 'n verhouding tussen twee of meer persone is wat deur wederkerige praat en luister verloop (1985:29). Die volgende is van belang:

a) Situasie. 'n Gesprek vind in 'n bepaalde situasie plaas. Die onderwerp onder bespreking word deur die situasie bepaal. Die verloop van die gesprek asook die stemminge van die deelnemers word beïnvloed deur die invloed van die situasie.

b) Intersubjektiwiteit. Vir 'n geslaagde gesprek is dit belangrik dat die gespreksgenote op gelyke voet met mekaar verkeer. Elkeen moet die kans kry om subjek van die gesprek te kan wees. Met ander woorde, elkeen moet sy sê kan sê.

c) Inhoud. 'n Gesprek is nooit inhoudloos nie. Daar word altyd oor 'n onderwerp gesels. Die inhoud word bepaal deur die verhouding van die gespreksgenote. So sal vriende oor alles en wat gemaklik met mekaar gesels. 'n Leraar sal met sy lidmaat oor geloofsake gesels of as hul verhouding een van vriendskap is, sal hulle selfs oor sport gesels. Die verhouding gee inhoud aan die gesprek.

d) Die pole: konvensioneel/spontaan. Konvensioneel verwys daarna dat 'n gesprek altyd tot 'n bepaalde tipe behoort, naamlik 'n gesprek tussen vriende, kollegas by die werk met 'n werksopdrag, 'n pastorale gesprek of 'n opvoedkundige gesprek. Elke tipe gesprek skryf bepaalde gedragsreëls voor volgens die gebruik (konvensie) in die samelewing.

'n Gesprek het ook die ander pool nodig om 'n ware gesprek te kan wees en dit is spontaniteit. Daar moet ruimte wees vir die emosionele uitinge soos syspronge en byvoeg of in die rede val. Ons sou kon sê dat goeie kommunikasie daar plaasvind waar die ontvanger ten beste kan hoor en op die boodskap kan antwoord. Geslaagde kommunikasie is iets wat van twee kante kom, naamlik in die vorm van woord en antwoord. Sou daar versteurings of onduidelikhede wees in die sender se woord is die kans goed dat die ontvanger nie sinvol kan antwoord nie. Die geleentheid tot vrugbare kommunikasie word dan in die wiele gery. Dit is dan van kardinale belang dat die sender wat bewus moet bly van die moontlikhede tot mislukking in kommunikasie, gereeld sal

seker maak dat die ontvanger hom goed hoor en die boodskap duidelik ontvang. Dit bring mee dat die sender betyds versteurings in die kommunikasie proses kan regstel of kan uitskakel. Dit geskied langs die weg van die antwoord of ook genoem terugkoppeling (feedback). Die reaksie van die ontvanger is vir kommunikasiedoeleindes van kardinale belang. Die heen en weer beweeg in die gesprek is die wese van kommunikasie (Jonker, 1976:80). Volgens die wet van goeie kommunikasie, kan met sekerheid aanvaar word dat die mees geslaagde kommunikasie tussen twee persone plaasvind wanneer hulle in ‘n persoonlike verhouding met mekaar kommunikeer. Die logiese is dat, anders as in ‘n groot groep van persone, die twee gespreksgenote mekaar se bedoelings die beste kan peil en dadelik alle misverstande of versteurings uit die weg kan ruim om mekaar reg te kan begryp. So ‘n gesprek het die potensiaal om verhoudings tussen mense te bou, deurdat die gespreksgenote oopmaak voor mekaar om selfs die dieptes van hul hart te ontbloot. ‘n Dialogiese gesprek bring die moontlikhede van verwerking en aanvaarding. Hierdie feit onderstreep die belangrikheid vir aktuele prediking waar die prediker as sender van God se boodskap moet seker maak dat die Woord wat hy met die hoorder in die erediens gedeel het, reg gehoor en verstaan word en dat die Woord deur die hoorder aanvaar is insoverre dit God se Woord is. Die doel is om die lidmaat te help om sy of haar verhouding met God deur kommunikasie te bou. Die lidmaat het ook die verantwoordelikheid om te luister na die stem van die Here en God se boodskap te hoor. Die lidmaat moet dus ook in erns die versteurings uitskakel wat die kommunikasie met God kan belemmer.

Persoonlike huisbesoek aan die huis van die lidmaat word net meer nodig indien die kommuniksasieteorie toegepas word, veral omdat aktuele prediking nie sonder die basis van goeie kennis van die hoorder kan geskied nie. ‘n Verdere rede is juis omdat prediking verdink word as swak kommunikasie omdat die hoorder nie goeie geleentheid kry om die speker of prediker te vra om sekere onduidelikhede op te klaar nie (Smuts [red.], 1988:10). Dit word ‘n negatiewe ervaring waar gemeentelede as onmondige toeskouers beskou word en hulle nie duidelikheid het oor hulle deelname aan die Woordgebeure nie. Behalwe deelname aan die liturgiese momente van gebed, skuldbelydenis en sang en die luister na die Woordverkondiging, kan lidmate ook betrokke wees by die voorbereiding van die diens en prediking (Smuts, 1988:13). Die kritiek is gemik op die feit dat prediking vanaf die kansel hoogs monologies van aard is en die lidmaat in die erediens in’n groot mate uitgeskakel voel om regtig deel te neem aan die gesprek. Ons het reeds gesê dat die prediking nie ‘n gesprek is soos tussen mense nie, maar dat dit God is wat deur die prediker met Sy gemeente praat. Maar in die gesprek van God met Sy gemeente, kom die mens met ‘n adres, by God ter sprake wat deur die Woord bedien moet word. *“In die dialoog van die erediens spreek God en die aanbiddende gemeente om die beurt by monde van die liturg”* (De Villiers, 1977:10). God spreek tot die mens juis in welke omstandighede ookal om

die mens op te bou en tot vreugde in Christus as Verlosser te stem. Barth (Inleiding tot sy Römerbrief) het geweldig klem gelê op eksegese en nogmaals eksegese van die Skrif met die oog op die prediking, maar vergeet dat die preek 'n kommunikasieproses is waarin daar 'n ontmoeting tussen teks en hoorder moet plaasvind (Müller, 1990:145).

Die leraar is dus deel van die gemeente waar prediker en gemeentelid in hul verhouding tot mekaar in 'n kommunikatiewe verhouding staan. Daar is 'n gemeenskaplikheid en 'n wedersydse verbondenheid aan mekaar op grond van die werking van die Heilige Gees wat hulle in 'n kommunikasieverhouding tot mekaar te staan bring. In die lig van die kommunikatiewe verhouding tussen gemeente en prediker is dit veilig om te sê dat die kommunikasie nie eers realiseer wanneer die leraar die kansel bestyg het nie, maar dat die spreke reeds begin het waar die leraar met huisbesoek in die gemeente besig was en is. Prediking is uitleg van die Skrif in die aktuele situasie van die gemeente (Jonker, 1976:48). Dit is profetiese verkondiging van wat die Woord van God in hierdie dag aan hierdie bepaalde gemeente sê.

Die predikant moet in staat wees om die Skrif te eksegetiseer, maar hy moet ook sy gehoor eksegetiseer, die gemeente aan wie hy die boodskap oordra (Goedhart 1984:58). Hy gebruik spesifiek die woord " eksegetiseer" dubbel, omdat daar vele parallelle aangedui kan word. Die Skrif, sowel as die gemeente staan nie los van mekaar nie, maar het 'n konteks, 'n leefwêreld as agtergrond. Soos die prediker deskundig moet luister na die Skrif, moet hy ook deskundig leer luister na sy gehoor. Die uitleg van die teksgedeelte word medebepaal deur die moment wanneer gepreek word. Die omstandighede van die lidmate tydens die erediens, byvoorbeeld oorlog of vrede, voorspoed of ongelukkigheid is die moment wat deur die prediker geken moet word, sodat hy onder leiding van die Gees, die Woord in die omstandighede van die lidmaat kan laat spreek as troos of lering of vermaning ensovoorts. Die omstandighede is nie slegs die buite-wêreld nie, maar ook die binne-wêreld, die eintlike leefwêreld van die gemeentelede wat die erediens ervaar. Die Woord van God is nie tydgebonde nie, maar tydsbetrokke (Jonker, 1976:49). Die prediking laat die teks op 'n nuwe wyse gehoor word in die bestaan van die mense. Ek is van oordeel dat hierdie waarheid baie belangrik is in die geval van ongelowiges wat uit die wêreld vol verwarring kom, op soek na leiding of lig. Dit sal nie veel beteken as die dogmas van die kerk verkondig word, maar die prediker toon geen kennis of begrip van die omstandighede van die mens nie. Om te preek is 'n waagstuk. So maklik kan die afleiding gemaak word dat die mens en sy behoeftes in die sentrum van die erediens staan en die evangelie om die mens wentel. Die doel van die evangelie is niks anders as die verheerliking van God nie, Sy vrede, genade en verkiesende liefde. Die hele evangelie is vol van God (Jonker, 1976:62).

Al is die mens se behoeftes baie belangrik, kan dit nooit die middelpunt van die evangelie wees nie, want egte evangelieverkondiging is altyd teosentries. Daar moet daarteen gewaak word dat die prediking nie te antroposentries is nie. Die Bybel gee geen ruimte daarvoor nie. Dit is deurgaans God wat in die Bybel in die middelpunt staan (Smuts [red.] 1988:32). Die kritiek is geldig dat ons prediking dikwels nie verkondiging van die evangelie is, waar Christus in Sy liefde en oordeel aan die gemeente voorgestel word nie. Daar is oormaat moraliserende en piëtistiese toesprake wat geensins die reddende en bevrydende mag van Jesus Christus bevestig nie. Die fout wat deur predikers gemaak word, is dat hulle nie op die teks konsentreer, oor wat die teks oor God sê nie, maar op wat die teks oor die mens en sy handelinge sê. Die aandag word dan van God afgetrek na die mens toe. Die klem verkuif van die boodskap na die situasie van die mens.

Pieterse verwoord dit soos volg: *"Die erediens waarbinne die preek plaasvind, is 'n kommunikasiesisteem wat sentraal in die kommunikasienetwerk van die gemeente as geheel bestaan. Die verhoudinge wat daarbuite opgebou en onderhou word, is belangrik vir die gebeure in die erediens self. Vir geslaagde kommunikasie in die preek is persoonlike kontak, vertroue en sfeer uiters belangrik"* (1986:109). Hy vervolg deur te sê dat persoonlike kontak wat die vertroue moet bou alleen daargestel kan word deur gereelde besoeke en gereelde omgang van die prediker met die gemeente. Die geestelike leier sal self die mense wat in die erediens opdaag, persoonlik moet ken. Met huisbesoek en by groepsbyeenkomste sal die prediker en gemeente nader aan mekaar moet beweeg ten einde die kommunikasie in die erediens langs die weg van die Woord te verbeter. Die onus lê nie alleen by die prediker om kontak met gemeentelede uit te bou nie, maar ook by gemeentelede om mekaar goed te ken en so by te dra om die kommunikasiegeleenthede binne die erediens te verbreed. Daar word dus van hierdie kommunikasiegroepe verwag om in mekaar se leefwêrelde in te beweeg. Dit is 'n feit dat egte koinonia alleen moontlik is waar daar egte kommunikasie is (Pieterse, 1986:112).

### 7.3.4 Volgehoue kommunikasie

Die logiese gevolgtrekking is dus dat die leraar ook kommunikeer selfs wanneer hy nie in die erediens as liturg diens doen nie. Dit is 'n waarheid wat ook die gemeente as kommunikatiewe gemeenskap raak, naamlik dat die gemeente se kommunikasie nie eindig wanneer die gemeente die kerkgebou verlaat nie. Heel tereg sê Labuschagne, (1982:25) dat die kommunikasie wat voor die erediens in die gemeentelike lewe aan die gang is, word in die erediens en ook daarna voortgesit.

Prediking is daarom 'n kommunikasiegebeurtenis wat nie geïsoleer kan of mag word van die kommunikasieproses wat hom in die hele gemeentelike lewe afspeel nie, aldus Labuschagne.

## 8. KERKBESKOUING

Van groot belang is ons kerkbeskouing of ekklesiologie waar die vraag gestel word hoe ons die gemeente sien, want die prediking word in hierdie gemeenskap gehoor. Die prediking het 'n adres, naamlik die gemeente. Daarom is dit nodig om 'n duidelike beeld te hê wie die gemeente is. Met die feit dat die prediking kommuniksaie is, word die gemeente van twee kante belig, naamlik teologies en kommunikatief vanuit die hoek van die prediking. Omdat die prediking as kommunikasie van die evangelie geskied, moet dit in 'n kommunikatiewe sisteem plaasvind. Die gemeente is veral 'n kommunikatiewe gemeenskap en word dus 'n baie vrugbare terrein vir die oordrag van die Boodskap (Pieterse, 1988:85).

### 8.1 'n Prakties-teologiese ekklesiologie

Vanuit die aard van die Praktiese Teologie, kan daar nie maar bloot uit die dogmatiek na die gemeente of kerk gekyk en sekere kenmerke aangestip word nie, maar die teologiese kenmerke sal vanuit die prediking aangestip moet word om die wese van die kerk of gemeente aan te dui. In die verloop van die studie sal daar verwys word na gemeente en kerk, waar die woord kerk meestal die konnotasie dra van hierargie of oorlaaide strukture, terwyl die woord gemeente, veeleer die begrip dra van gemeenskap en ondersteuning, die benadering van die gemeente as kommunikatiewe sisteem. Elke gemeente is wel volledig kerk.

### 8.2 Die Woord skep

Die Bybel lê die oorsprong of ontstaan van die kerk bloot deur te bevestig dat die gemeente in aansyn geroep word deur die verkondiging van die Goeie Tyding, dat Jesus die Verlosser van die wêreld is. Die Gekruisigde het oorwin oor die bose en sondige wêreld (Louw, 1980:149; Pieterse [red.], 1990:29). Dit is onomwonde so dat dit die kern saak van die gemeente is in haar spreke teenoor die wêreld. Die Woord bring dus die gemeente in gesprek met God, maar dit bring die gemeente ook in gesprek met die wêreld. Trimp (1985:15) sê dat die gemeente deur die prediking gekonstitueer en gekontinueer word. Dit is dan verstaanbaar waarom die Reformasie die verkondiging van die Woord as die eerste kenmerk van die kerk van Jesus Christus vasgelê het. Dit word ook in ons belydenisskrifte veranker. Die prediking van die Woord van God in die gemeente maak die kerk sigbaar, herkenbaar. Dit beteken dat die gemeente 'n luistergemeenskap en 'n woordgemeenskap is. Soos Trimp dit stel: "Waar die

WOORD is, kom die gehoor. Waar die GEHOOR is, kom die geloof in die woord van die belofte (1985:15). Waar die GELOOF is, regeer die genade. Die prediking is nie kultuurgebonde of volksgebonde nie, in die betekenis daarvan dat die prediking nie deur eie kostelikhede vervang kan word nie. Die feit dat die prediking sentraal staan asook die gemeente, is normatiewe gegewenhede van God aan die verloste kinders van God. So sal dit ‘n gegewenhed bly totdat Christus weer kom om alles aan God te onderwerp en God dan alles in almal sal wees. Die Woord en die gemeente is saam met God op weg na die voleinding.

**8.3 Die gemeente is ‘n gemeenskap**

Die gemeente is ‘n gemeenskap van gelowiges wat in gemeenskap met God en met mekaar leef. Christus is die Hoof wat die gemeente deur Sy Woord en Gees regeer. Iets meer oor die werk van die Heilige Gees. Hier is ‘n misterie, naamlik die Gees is aan die werk, maar so ook die kerk. Die eerste misterie is dat die Gees van God aan die werk is in die kerk (Burger, 1991:28).

**8.3.1 Die Woord en die Gees skep die kerk.**

Christengelowiges het deur al die eeue geglo en bely dat die kerk ‘n unieke, uitsonderlike en eiesoortige gemeenskap is wat deur God self in die lewe geroep en in stand gehou word. Daar word eintlik bely dat die kerk, kragtens sy skepping op Pinksterdag, ‘n werk van die Heilige Gees is en wat daarna deur die Woord en Gees gekontinueer word (Burger, 1991:27-28). Dit verwerp die vrees wat soms in die gedagtes van mense ontstaan dat die kerk se voortbestaan deur menslike optrede beëindig kan word of dat instandhoudings-truuks nodig word om die kerk van ondergang te red. Die verhaal van enkele gemeentes wat in lidmaattal gekrimp het vanweë geografiese redes, naamlik dat die stad se groei in woongebiede die lidmate uitgedryf het na die voorstede of selfs verder, asook die finansiële drukte wat kleiner gemeentes ervaar vanweë die probleem van werkloosheid, het tot gevolg gehad dat sommige gemeentes wel moes terugstig of saamsmelt. Heel gepas sê Louw dat die kerk nie koorsagtig moet raak deur te begin sloop nie. Daar moet besef word dat Christus die kerk na buite gestoot het en daarom het die kerk geen selfbeskerming nodig nie, want deel van die kerk se belydenis is *“dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde”* (1980:32) is. Dit bevestig die roeping van die kerk om nie terug te deins van die nuwe kultuursituasie in die stad nie, maar om in innige kommunikasie met God die eensame stadsmense in hul betontuistes bewus te maak van God wat in hul woonstel “vlees” kom word het. Dit is in hierdie nood waar die prediking onder leiding van die Heilige Gees die koudheid van die stad kan troef.

### 8.3.2 Die gemeente is 'n unieke gemeenskap

Dit lê dan ten grondslag dat hoewel Christus die hoof van die gemeente is en die gemeente sy lewe op Christus rig, vanweë Sy verlossing en oorwinning oor die magte van die duisternis is dit eintlik die Heilige Gees wat aan die gemeente lewe, krag, dinamiek en energie gee. Dit bring mee dat die gemeente 'n unieke gemeenskap is, want dis belangrik om te verstaan dat dit nie die lidmate is of die aard van die gemeentelike byeenkomste of selfs prosesse van die gemeentes wat die kerk uniek maak nie, maar die feit dat dit in en deur die krag van die Heilige Gees bestaan. Die gemeente is daarom nie 'n ding of iets nie. Die gemeente is 'n gebeurtenis en 'n ontmoeting. Die gemeente is die ontmoeting tussen genade en sonde, maar dan 'n spesifieke ontmoeting van versoening, vergifnis en liefde waarbinne God en mens met mekaar gemeenskap het. Dis 'n gemeenskap wat van God se kant af genade behels en van die mens se kant af geloof deur die werking van die Heilige Gees. Dit is die dinamietkrag van die Gees van God wat hierdie gebeure ten grondslag lê (Louw, 1980:148).

### 8.3.3 Volharding van die kerk

Wat hierby aansluit wat die werk van die Heilige Gees betref, is die belydenis vanaf die Reformasie dat die kerk onvernietigbaar is. Deur die werk van die Gees bely ons dat God se kerk as oorwinnaars leef, as mense wat kan volhard. Dit is juis omdat ons glo dat die gemeente nie blote mensewerk is nie, maar gestig is en in stand gehou word deur die Gees, dat ons Luther se woorde kan glo dat selfs die hel se woede nie die kerk sal kan verwoes nie.

Dit is hierdie versekering dat die Gees bewaar dat die gelowiges veilig en beskermd voel. Ek sou reken dat in 'n tyd waar daar ernstige aanslae op die waarheid en geldigheid van die Skrif is, en die kerk as uit pas met die wêreld verkla word, dit van groot belang is dat die gelowiges hierdie troos van die Gees aan hul harte bind en groter erns maak met gemeente-wees.

### 8.3.4 Die Gees bring ekstra dimensie

As skepping van die Gees leef die kerk in 'n oop werlikheid. Die kerk leef nie in 'n vreemde vakuum nie, maar leef tog ook volgens die reëls en wette van die geskape werklikheid, maar die verskil is dat die Gees 'n ekstra dimensie in die bestaan van die kerk inbring. Burger stel dit dat die *"teenwoordigheid van die Gees in die midde van die gemeente, moet ons daaraan herinner dat ons ons wese daarin vind dat ons die ongelooflike glo, die ondenkbare dink en die onmoontlike verwag"* (1991:28). Ons sou kon sê dat die Gees die menslik-onmoontlike vermag, al sou die mens sidder voor die onmoontlike opdragte van God en Sy koninkryk.

### 8.3.5 Die werk van die mens as kerk

Die tweede misterie of sou die woord onverstaanbaarheid beter pas, is die realiteit dat die kerk nie alleen 'n GEES-telike werklikheid is nie, maar ook 'n mens-like werklikheid. Dit is 'n gemeenskap wat bestaan uit doodgewone aardse mense. Die verskil tussen Christus se werk en die van die Gees is dat Christus die mens uit sy verlossingstaak uitsluit. Hy doen dit in ons plek, in die sin dat Sy werk plaasvervangend is. Met die Gees is dit anders.

Wanneer die Gees op Pinksterdag op die mense uitgestort word, sluit Hy nie die mens uit nie, maar sluit hom of haar juis in. Burger huiwer voor hierdie misterie wanneer hy verklaar dat ons nie regtig weet hoe die Gees die verband lê nie, want aan die een kant is die Gees besig; en aan die ander kant is die mens aan die werk. Dit is egter nie aparte of losstaande aksies nie. Wat wel gesê kan word, is dat die kerk meer is as sy menslike kant. Wanneer 'n mens nuut gemaak word deur die Gees, word die menswees nie opgehef nie, hulle bly mense. Maar aan die ander kant maak die Gees sondaars nuwe mense, sodat hulle mense kan wees, al is dit dan ook nuwe mense.

Burger is heeltemal reg waar hy verklaar dat menslike onverantwoordelikheid dikwels verbloem en verontskuldig word met verwysings na die pneumatologiese werklikheid van die kerk se bestaan. Anders gestel word die werksaamheid van die GEES as verskoning aangevoer vir die mens se luiheid en slordigheid. Die teenwoordigheid van die Gees onthef ons nie van ons verantwoordelikheid nie (1991:30).

### 8.3.6 Uniek deur geloof

Wat die gemeente uniek maak as gemeenskap en duidelik van ander gemeenskappe onderskei, is haar geloofsverhouding tot haar Verlosser Jesus Christus. Dit is in die midde van hierdie gemeenskap waar God deur sy Woord en Gees mense se harte nuut maak en hulle tot ware geloof in Christus bring; hulle uit die wêreld as Sy volk bymekaar roep en hulle dring tot getuies in woord en daad; om hulle te leer om God se koninkryksbeginsels voor te leef en om hulle te versorg met beloftes van seën tot aan die voleinding toe. Hierdie gehoorsaamheid aan God se Woordbeginsels en die erkenning van Christus as Heer, maak die gemeente enig in die wêreld (Pieterse, 1988:87).

### 8.4 Die gemeente is verbondsgemeenskap

Dit is God se liefde wat die mens omvou in 'n verbond van genade. Verbond beteken gemeenskap. 'n Verbondsgemeenskap dui op gemeenskap met God en dan ook met mekaar as gelowiges, as lede van die verbond wat God met die mens sluit. Die gemeente is 'n verbondsgemeenskap wat deur die verlossing in Christus 'n nuwe gemeenskap is. Die Verbond is God se inisiatief wat aan die mens Sy genade wil illustreer deur die verbondsteken van bloed. Hierdie teken moet die mens daaraan herinner dat God die mens liefhet, maar ook die mens se wederliefde begeer. God se Woord vestig 'n unieke vorm van kommunikasie, naamlik verbondskommunikasie wat die mens in sy nood ontmoet en met hom in gesprek wil tree (Louw, 1984:24-25).

Dit is dus nie vreemd dat God ook die Verbond in standhou met die belofte dat Hy as Roepende God die mens deur Sy Gees sal bring tot luister en aksie om deur geloof lid van die Verbond te word nie. Deur die Gees roep God na die mens om in 'n blywende gesprek met God te tree en die aanbod van genade in geloof te aanvaar. Die geloof of vertroue in God as Verbondsgod is ook 'n aanvaarding om met God in gesprek te bly. Ons het hier dus 'n kommunikasiegebeure waardeur God handelend deur die Gees binne die konteks van die gemeente en met behulp van die Woord, die mens in sy konkrete situasie ontmoet (Louw, 1984:44).

### 8.5 Die gemeente is 'n belydenisgemeenskap

Deur die geloof in Christus is die gemeente ook 'n belydende gemeenskap waar geloof die enigste voorwaarde tot lidmaatskap is. Daar word van die gelowige verwag om in die erediens in die openbaar te verklaar dat hy of sy in Christus as Verlosser glo. Pieterse dui daarop dat hierdie belydenis tegelyk 'n keuse en 'n beslissing is waar beloof word om in woord en daad vir Christus en die evangelie te leef (1991:87). Die hoogtepunt van die gemeente se gemeenskap is om Sondae in die erediens gemeenskap met God en met mekaar te bely en te vier.

Die fees draai om die Woord, gebed en sakrament. Jesus Christus word bely en die verlossing gevier.

### 8.6 Die gemeente is 'n diensgemeenskap

Louw stel die dienskarakter van die kerk so helder waar hy sê: *"die kerk is nooit 'n doel op sigself nie, dit is nie die laaste toevlugsoord vir sielsaliges op 'n eiland nie, dit is nie die ghetto vir enkele armoediges van gees nie, maar 'n uitstralende, atomiese kern wat op 'n dinamiese en energieke*

*wyse die omgewing verander"* (1980:151). Hierdie gemeenskap met God bring die gemeente in lof voor God. Sonder die Godverheerliking verloor die nuwe gemeenskap in die alledaagse lewe sy krag, vreugde, uithouvermoë, geduld en hoop en word dit 'n sosiaal-maatskaplike diensorganisasie waar mense in eie krag dapper moet stry vir die verbetering van die omgewing (Louw, 1980:151). Die kerk is nie 'n instelling van geestelike dogmas en leerstellings wat bloot die mens moet help of aanmoedig om 'n hoë geestelike ervaring in die godsdiens te beleef nie (Nel, 1994:36). Die kerk se eenheid is ook veranker in haar diens. Dit kan nie anders wees as die Here Jesus van Homself sê dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense (Matt. 20:28). Die kerk se diens word dus bepaal deur die diens van Christus, met ander woorde, in die diens van die kerk word die diens van Christus weerspieël (Nel, 1994:37). Dit kan gevolglik nie 'n diens wees bloot om medemenslikheids-oorwegings nie, maar moet voortvloei uit 'n eerlike deelname aan en persoonlike betrokkenheid by die nood en lyding van mense om Christus ontwil. Die kerk sou selfs omskrywe kan word volgens Heyns (1977:122) as 'n gemeenskap van diensbetoning (2 Kor. 9:1) en in besonder aan die behoeftiges (Hand.11:29). Die diens is nie net gerig op die lede van die kerk nie, maar ook op hulle buite die kerk (Rom.12:20). Deur daadgetuienis bewys die kerk dat Jesus gesterwe en opgestaan het sodat mense nie net geestelik nie, maar ook liggaamlik die volheid van die lewe kan geniet.

### 8.6.1 Diens as opdrag

'n Besondere kenmerk van die kerk is haar dienskarakter wat 'n reaksie is op die roepe van God na die mens in nood. Hierdie diens is eintlik die mens se luister op die genade van God. Dit is die mens se dankbaarheid vir God se bemoeienis met die mens, want ons besef deur die openbaring van die Heilige Gees, ons onvermoë om onsself te kon verlos van die skuld van die ongehoorsaamheid aan God. Geraak deur God se eindelose liefde, wil die nuwe mens dankbaarheid aan God betoon. So het God riglyne in die Woord gegee om die mens te help. Die riglyn is eenvoudig om God en jou medemens lief te hê soos jouself. Hoewel dit klink na 'n alternatiewe pad wat die gelowige kan stap om dankbaarheid te betoon, maak God dit baie duidelik in Sy Woord dat dit Sy opdrag aan die mens is om lief te hê en die naaste in die oog en hart te hou. *"Sonder die naastediens verloor die nuwe gemeenskap in die buitengewone ontmoeting van die erediens, sy oortuigingskrag en word dit 'n liefdelose selfgenot, 'n wêreldvreemde ideologie en 'n stagnante selfregverdiging"* (Louw, 1980:15). Die kerk word nie versplinter in twee groothede van instituut en organisme nie, maar is 'n funksionele, lewende liggaam wat in opdrag funksioneer. Hierdie opdrag vind konkrete gestalte in die roeping van gelowiges wat as konings, profete en priesters in die voorstelinie tussen lig en duisternis opereer (Nel, 1994:46).

Die gemeente is volgens Dingemans instrument van die Gees by die herskepping van die wêreld tot koninkryk van God (1986:61). Daarom is die gemeente gerig op die verlossing van mense. Dit geskied langs die weg van verkondiging, maar ook deur diensverlening in allerlei vorme. Deur die prediking as genademiddel word die verlossing bemiddel aan die gemeente en die wêreld. Dit is die hoofdoel van die gemeente se diens in die wêreld (Pieterse, 1988:89).

Vanuit die prediking in die erediens op 'n Sondag, gaan die gemeente toegerus en opgebou die samelewing in om daar dienende getuies van Christus te wees. Dingemans stel die funksies van die gemeente voor in 'n gemeentemodel met twee brandpunte, naamlik erediens en wêrelddiens. (1986: 8.6.2).

### 8.7 Die geestelike gawes

Die Skrif vertroos die gelowiges met die belofte dat God nooit 'n opdrag aan Sy kerk sal toevertrou sonder om ook daarmee saam Sy besondere toerusting te gee nie, naamlik die krag van die Heilige Gees nie. Dit is die Gees wat die gemeente toerus met gawes om die dienstaak te volvoer. Die gemeente het as opdrag om na binne met gemeente-opbou, en na buite met wêreldgerigtheid, diensbaar te wees onder leiding van die troostende Gees. Elke lidmaat het 'n bepaalde gawe of gawes van die Heilige Gees ontvang om ons in staat te stel om God se opdragte uit te voer en so die gemeente diensbaar te wees en die gemeente as liggaam op te bou. Die besondere ampte wat onder die gesag van die Gees staan, word geroep om die lidmate toe te rus en op te bou vir hul taak na binne en na buite. Die Here God maak gebruik van mense. J.A.Heyns het klem gelê op die gedagte dat die kerk God se diens in die wereld is. Vir Bohren is kerkwees opgesluit in die grondfunksies van die kerk, naamlik getuienis, gemeenskap en diens soos aangehaal deur Pieterse (1990:23).

## 9. EKKLESIOLOGIESE MODELLE

Verskeie kerklike modelle sou aangestip kon word wat seker verteenwoordigend sou wees van die verskillende tipes kerkmodelle. Dit is opvallend dat in elk van die drie belangrikste modelle wat Pieterse meld, een van die drie funksies van die kerk oorheersend is (Pieterse, 1990:24). So speel die kerugmatiese die oorheersende rol by die kerk as herout. In die kerk as liggaam van Christus oorheers die koinonia, terwyl in die kerk as dienskneg, dit die diakonia is wat die dominante faktor is. Tereg maak Pieterse die afleiding dat mens in die algemeen kan sê dat die heersende hoofmodelle van die kerk elkeen basies rondom een oorheersende funksie van die kerk gebou is.

### 9.1 Die kerugmatiese model

By die kerugmatiese model word die basis gelê deur die feit dat die kerk in aansyn geroep word deur die verkondiging van die Woord van God. Dit is duidelik dat dit die taak van die kerk is om die Woord wat gehoor is, naamlik die evangelie van Jesus Christus, te verkondig. Die beeld wat dit ondersteun is die gedagte van die boodskapper van die koning wat ‘n dekreet van die koning in die openbaar moet afkondig. Hierdie model het ook by Barth groot steun geniet, sodat die hele kerklike bediening, asook pastorale handelinge verkondigingsgestaltes geword het. Dit het ook by ons ‘n beduidende rol gespeel.

### 9.2 Die diensmodel

Hoewel die diensmotief van die kerk deel is van die egte kerk, het dit ook by ons afgeskaal vanaf bydraes vir sinodale aksies of oproepe tot die verskraling van die taak van die diakonie as bloot kollektantes wat die gemeente se geldkoffers moet vul om allerlei sake te kan finansier. Met soveel nood op vele terreine van die samelewing het die kerk gefaal om sy priesterlike taak uit te voer. Dit is so asof die kerk en by name die N.G. Kerk na 1994 met die oorname van ‘n swart regering, skielik besef het dat die veld van sorg en medemenslikheid veel groter is as ons eie kerklike terrein en dat ons barmhartigheid ‘n groter Christusvisie moet hê.

#### 9.2.1 Diakonie

Ek wil ek geensins beweer dat ons kerk hierdie aspek van kerkwees totaal verwaarloos het nie, maar ek dink plaaslike gemeentes was nie so maatskaplik betrokke soos wat dit moes wees nie. Dit was asof die taak aan die maatskaplike rade oorgelaat is om die maatskaplike probleme op die breër front aan te spreek of oplossings te vind. Gemeeentes was deur hul diakonie meer ingestel om eie gemeentelike nood te probeer hanteer en nie na die dorp of stad of land se mense se nood uit te reik nie. ’n Moontlike rede hiervoor is die groot klem op die kerugmatiese met ‘n minder ernstige betrokkenheid van die gemeente by die maatskaplike problematiek van ons medemens. Pieterse haal Brienen (1987:177) aan wat sê dat in ons Calvinistiese tradisie die erediens die hoogtepunt in die gemeenskapsbeoefening tussen God en mens is, en die preek die hoogtepunt van die erediens (Pieterse, 1990:25). Heitink soek na die balans tussen God en mens en sê dat die pastor ‘n helpende verhouding met die mense moet aangaan om in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus, saam met hulle ‘n weg in geloofs– en lewensvrae te soek (Heitink, 1983:11; Louw, 1982:8). Dit is dalk te antropologies na my oordeel. Pastoraat is veel meer as net ‘n reaksie op ‘n sondige probleemsituasie, met

ander woorde die pastoraat veronderstel meer as probleemoplossing, gedragsverandering en om mense te konfronteer. *"Dit gaan in die paraklese om die ingaan van die kerugma op die konkrete lewenssituasie van die mens"* (Louw, 1982:12). Die paraklese skep die ruimte waarbinne God en mens mekaar in 'n gespreksituasie ontmoet. Dit gaan om 'n dinamiese gebeure van kommunikasie. Die paraklese werk ook 'n onderlinge verbondenheid tussen gelowiges wat tot onderlinge steun en troos dien (1 Kor. 12:13). Die pastoraat is eintlik kommunikasie van God in Sy ontferming (Louw, 1982:15-16). Die implikasie hiervan is dat die kerk 'n missionêr-diakonale kerk moet wees wat gerig is op die wêreld en die nood van die samelewing (Heitink, 1983:62). Dit beklemtoon na my oordeel ook die profetiese taak van die kerk.

### 9.2.2 Die sosiale situasie

'n Verdere verklaring mag dalk die sosiale situasie by lidmate gewees het, naamlik dat voor die oorname van die swart regering in 1994, die meerderheid blanke gemeentelede deel van die arbeid en beroepsmag was en heel moontlik nie so bedag was op die moeilike leeftoestande van die massas om ons nie. Dit grens na my mening aan onbedagsame optrede asook onverantwoordelikheid, maar ongelukkig ook aan erge liefdeloosheid. Ek het wel baie groot waardering vir die reuse werk wat nog altyd verrig is deur die Christlike-Maatskaplike Rade se maatskaplike werkers, maar die lidmate in die algemeen was bloot betrokke wanneer hulle 'n mens in nood na die Raad of leraar verwys het vir optrede. Persone in nood is gewoonlik aangemeld met die verwagting dat iemand anders betrokke sou raak. Daarmee was talle se plig as afgehandel beskou.

### 9.2.3 Politieke verandering

Sou dit nie wonderlik gewees het as hier geskryf kon word dat die Gees van die Here die hart van die gemeentes verander het of dat die Skrif die gemeentes oortuig het om die seer van die medemense te salf nie, in plaas daarvan dat wêreldse beweegredes daarvoor verantwoordelik is dat verandering in denke en optrede moes plaasvind. Ek beskou dit nie buite die ingrype van God nie, maar dit kon die kerk se beeld as diensknegte van God net meer geloofwaardig gemaak het.

Die situasie is sodanig dat talle blankes hul beroep moes verlaat of hulle werk verloor het, vanweë die huidige politieke bestel waar swart werkers bloot op grond van hul velkleur die werksplekke oorstroom het. Die resultaat hiervan is dat die blankes as werkloses ander moontlikhede moes oorweeg om te kan oorleef. Sommige kon die pad van voorspoed weer

betree, maar dit blyk dat massas nie weer werk kon kry nie en in groot nood verkeer, want gesinne moet versorg word maar die middele ontbreek.

### 9.2.4 God transformeer

Verskeie gemeentes het moontlikhede raakgesien om ‘n hand van liefde en sorg na hul medemens in nood uit te reik. Meteens is daar ‘n besef en ervaring van wat dit behels om nie meer seker te wees van ‘n gereelde inkomste nie. Dit is asof die Here God gemeentes se ore oopgemaak het om die mens van die dag weer opnuut te hoor en ons hande oopgemaak het om weer te dien. Met die lewensveranderinge in ons land en al die gepaardgaande onsekerheid soek al hoe meer mense na die sekerheid in God. Daar is die soeke na hoop en antwoorde wat die kerk dalk kan bied. Die mens benodig die kerk waarbinne hy weer ‘n *“gelaat”* terugkry, wat hom identiteit verskaf en uitdaag tot ‘n sinvolle, kreatiewe verantwoordelikheid (Louw, 1980:138–139). Hy skryf voort dat die kerk dit nie langer kan bekostig om ‘n wêreldvreemde randfiguur te bly wat op private en geïsoleerde behoeftes ingestel is nie, want die tendens om haar nie met politieke en maatskaplike probleme te bemoei nie, kan die implikasie hê dat die kerk nie meer die mens buite die kerk met die evangelie wil konfronteer nie. Die uiteinde hiervan is dat die vervreemde mens nie langer deur ‘n wêreldvreemde kerk lastig geval wil word nie. Die verskil lê daarin dat ons as kerk nie ‘n christelike stempel op die wêreld moet afdruk nie, maar ‘n gestalte van Christus midde in die wêreld moet wees. Die *“kommunikasiemedium vir die Evangelie aan die hedendaagse mens is nie ‘n luidspreker of truprojektorskerm nie, maar ‘n gemeente wat lewende liggaam van Christus is”* (1980:130).

### 9.2.5 Christus as voorbeeld

Christus het wel bewoë geword oor een stad, naamlik Jerusalem, maar in Sy hartseer het Hy die ellende van ‘n ganse mensdom gesien. Die bevestiging daarvan is Sy kruisiging waar Hy God se hart vir ‘n wêreld in ellende geopenbaar het. Hy het nooit aan Homself gedink nie. Sy hart was aangegryp deur die ellende van die mens of dit nou sondenood, siekte of armoede was. Christus het neergebuk en mense opgehelp of genees. Soos Hyself sê: *Ek het nie gekom vir hulle wat gesond is en nie ‘n geneesheer nodig het nie, maar Ek het gekom vir hulle wat siek is* (Luk. 5:31).

## 9.3 Die koinonia model

By gemeentes waar die kerk as liggaam van Christus funksioneer, is die funksie van die koinonia oorheersend. By hierdie model word die gemeente as ‘n gemeenskap beskou. Onderliggend aan

hierdie model is die beeld van die liggaam van Christus waar die Heilige Gees die lidmate saambind in ‘n eenheid. Die liggaam van Christus- model is geskoei op die feit dat die gemeente as ‘n groot familie funksioneer. Egte en hegte gesins, broederlike en persoonlike interaksie versterk die onderlinge band met mekaar. Die grondtekste vir hierdie model word in Romeine 12 en in 1 Kor. 12 gevind. In die briewe van Paulus aan die Efesiërs en die Kolossense word Christus as hoof van die liggaam geteken. Van die kerkvaders en verskeie teoloë het die kerk as ‘n interpersoonlike gemeenskap met ‘n opofferende liefde gesien.

Louw bevestig dat die kerk as ‘n gemeente en gemeenskap van gelowiges nooit selfgerig en ‘n doel in sigself is nie, maar ‘n instrument in Godshand om die wêreld onder Godsheerskappy te bring (1980:141). Die gemeente mag nooit ‘n reservaat vir heilige mense wees wat deur ‘n heining van selfversekerheid omring is nie.

Daar word uitasem gesoek na maniere om gemeentes weer lewend te kry, maar die dorheid word nie goedsmoeds toegeskryf aan ‘n innerlike, geestelike doodsheid nie, maar dikwels aan ‘n gemeentekonsep wat nie oortuigend die lewende Christus verteenwoordig nie.

### 9.3.1 Behoefte aan kleingroepe

Dit is nogal opvallend dat daar ‘n teen-institutere gedrag by lidmate waargeneem word. Dit is moontlik dat die behoefte om nader aan mekaar te leef een van die redes is waarom daar soveel aandrang is om in kleiner groepe te dien. Die liggaam van Christus model kon hierdie rigting versterk het, daarom lidmate se begeerte om in kleiner groepe ingeskakel te wees. Dit het ‘n stroom van selgemeentes of omgeegroepe laat ontwikkel waar die enkeling en die gesin die nabyheid en omgee van ander lidmate persoonlik kon beleef en hulle weer op hulle beurt op ‘n direkte wyse by die lewe van ‘n medebroer of suster betrokke kon raak. Vir baie was dit ‘n verkwikkende ervaring wat met entoesiasme begroet en beleef word, omdat die broerskap of susterskap grootliks kerkwees sinvol kom maak het in die sin van om te behoort en om van kennis geneem te word. Dit is die mens se aard om deel te wees van. Ons is geskape om te behoort, om ingeskakel te word by ander, al sou mense ook weer die heinings om hulle wyd en hoog maak om ander uit te hou of op ‘n afstand te hou .

### 9.3.2 Opmerkings oor selgroepe

Dit is seker nie nodig om ‘n volledige bespreking oor die selgroepe te voer nie, maar die blote feit dat mense in hierdie rigting dink of groepe organiseer en motiveer om by sulke groepe in te skakel, vra dat ons in breë trekke wel lig daarop sal laat val. Die uitgangspunt is dat

gemeentelede nie hul gawes prakties kan uitleef nie op grond van die grootte van sommige gemeentes of vanweë die feit dat die kerk irrelevant geword het. Talle mense beleef die kerk as op die kantlyn van hul lewe, daarom dat baie lidmate nie meer 'n band met die kerk het nie. Soms as hulle kontak met die kerk maak, dan is dit met die kerklike personeel of in besonder die predikant. Die opinie van die kerk skeel mense min. Soren Kierkegaard som die situasie elders op wanneer hy sê dat waar Christus water in wyn verander het, het die kerk daarin geslaag om wyn in water te verander. Kritiek teen die kerk is taamlik algemeen. Ongelukkig is geestelike leiers nie so onskuldig aan die hoon van die wêreld nie. Die argument word geopper dat selfs toegewyde lidmate dikwels onvergenoegd met die kerk voel. Dit is moontlik 'n gevoel wat ontstaan uit skuldgevoelens, omdat mense se programme so vol aktiwiteite is dat daar nie voldoende tyd of ruimte is om die pad van geloof en diens te stap soos vanaf die kansels gepredik word nie.

Daar is erns by lidmate om 'n verskil in die gemeente en wêreld te maak. Soveel wil die beeld afskud dat die kerk 'n volkskerk is, waar dit hulle mening is dat te veel sake gelate aanvaar en agterna gepraat word, in plaas daarvan om sout en lig in die wêreld te wees.

Die kerk is volgens hulle nie onverskrokke en ernstig genoeg om dwalings en sondes uit te wys en te breek nie. Binne hierdie selgroepe is daar die hunkering en erns om heilig te lewe, om Christus te dien en die geloof onderling op te bou. *"Kerkvernuwing word gestrem deurdat baie wat daarby betrokke is, eerder soek na die bevrediging van hul eie behoefte as na gehoorsaamheid aan God. Beloftes van seën en gawes en wondergenesings verdring God se oproep tot heiligmaking"* volgens T.A. Smail (1993: The forgotten Father) soos aangehaal deur Burger (1997:47). Van die argumente wat teoloë aanvoer waarom daar 'n behoefte aan selgroepe is, is dat die kerk hom in 'n moeras bevind en slegs hieruit kan kom, indien gemeentes weer klein word, sodat liefde onderling beleef kan word. Dit is opvallend dat dit nie die leraar sodanig is wat die leier van die selgroep is nie, maar lidmate onder leiding van die Heilige Gees. Ek vind geen probleem daarmee nie, want daar word verlang na volwasse en geestelik-bekwame lidmate wat leiding kan neem om kosbare diensknegte van die Here te kan wees. Die mondigheid van lidmate word aanvaar en uitgebou sodat die kerk se volgelinge toegerus en opgebou kan word.

### 9.3.3 Gevaartekens

Gevaartekens wat die kerk tot optrede noop is as volg:

Interpersoonlike verhoudings is in 'n krisis;

Gemeentes staan magteloos voor die aanslag op huwelik en gesinsverbrokkeling;
Sedelike verwildering voer hoogty; die greep op die jeug;
Verslawing aan alkohol en dwelms;
Dalende lidmaattal;
Onvermoë van geestelike leiers om die gemeente effektief te bedien;
Onderskatting van die krag van die Heilige Gees;
'n Skreiende gebrek aan liefde;
Behoefte aan belewing van God.;
Prediking wat tradisie bou , maar lewe en groei kortwiek;
Huisbesoek wat in onbruik verval.

### 9.3.4 Bybelse beginsels

Vergelyk M. Potgieter (1995:1-28).
Die gemeente as 'n gestalte van lewensgemeenskap van gelowiges, is Jesus se teenwoordigheid op aarde. 'n Persoonlike verhouding met Hom word dus as primêr beklemtoon. Gehoorsaamheid aan die stem van God is essensieel tot groei en getuienis.

Jesus se teenwoordigheid staan in diens van die redding van mense. Wat die praktyk betref, moet Jesus sigbaar gemaak word in dienende liefde aan gelowiges, sowel as aan hulle wat buite die kring van die gemeenskap van die gelowiges leef. Selgroepe word dus aangemoedig om hul geestelike gawes tot diens van mekaar en die wêreld te stel. Ten diepste leef die liggaamsmodel van die Skrif in die gedagtegang van die denkers van die selgroep-gedagte. Toegegee, daar is meriete in die bestaan van kleingroepe, maar ek kan moeilik die uitwerking op die prediking sien, behalwe as elke gelowige die Woord van God sentraal stel om God weer duidelik te hoor en te gehoorsaam. Sodoende glo ek word die Woord lewend onder die werking van die Gees van God en die gelowiges beweeg die wêreld binne as boodskappers van die Ewige Koning om Sy genade af te kondig.

## 9.4 Die Transformasiemodel

Eie aan ons tyd, is dit nie vreemd dat hierdie model van kerkwees ontstaan het nie. Soos die liggaam van Christus-model konsentreer op die persoonlike en geestelike nood van die mens, het die transformasiemodel ontstaan uit reaksie teen samelewingstrukture wat besig is om die menswaardigheid van die mens aan te tas. Die bedreiging sluit ook die wêreld in (Hendriks, 1992:29-35). Die model het twee gesigte, naamlik uit die hoek van die bevrydingsteologie en die ekologie. Die bevrydingsteologie het ontstaan vanweë die gevestigde kerke se gelate houding

teenoor die armes en verdruktes wat aan hulle ellende oorgelaat is. Die regeerstelsel van die verlede het onder die begrip apartheid, talle mense van die besluitnemingsproses in die land uitgesluit. Dit is as ‘n vernederende onderdrukking ervaar.

Die ekologiese beweging kom uit die lande van die Eerste wêreld, waar die vrees ontstaan het dat die ekonomiese en militêre “geweld” dreig om die ekologie van die wêreld te vernietig. Ek wil volstaan met enkele opmerkings oor die bevrydingsteologie. Hendriks bevestig dat hierdie model vanweë sy organisatoriese swakheid en sy afkeer aan die konstitusionele aspekte van kerkwees, dit nie werklik sterk op ‘n breër terrein ontwikkel het nie.

Die teologiese onderbou van hierdie model rus op die fondament soos ons dit vind by die skepping van die mens, naamlik dat die mens geskape is na die beeld van God. Elke orde of sisteem waar die mens dus op ‘n onwaardige wyse behandel word, word as verkeerd en sondig bestempel. Die Skrifbeginsel wat toegepas word, is: Mat. 25:31-46. *“Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen”.* So kon die ondersteuners van hierdie rigting verklaar dat God aan die kant van die noodlydendes en armes staan. Jesus word soos Moses in die uittogverhaal die Groot profeet en Leier wat die onderdruktes moet bevry. Die negatiewe van hierdie soort teologie is die feit dat almal wat met die onderdrukte meegevoel betoon, outomaties broer word.

### 9.4.1 Versoening

Die probleem met versoening is dat dit nie soos by die ander kerklike modelle uit genade van God ontvang word nie, of deur die geloof alleen nie, of om deur die Heilige Gees wedergebore te word of tot bekering te kom nie. Versoening is iets wat nagestreef word, selfs deur geweld, want sonde deur onderdrukkende strukture wat mense se menswaardigheid wegneem, word met God se seën met geweld verwyder.

### 9.4.2 Skrifgebruik

Ware geloof word aan jou dade gemeet. Dit is duidelik dat die Skrif net gebruik word waar die saak beklemtoon word. Ons het hier te doen met ‘n verminking van die Woord van God. Die kerk vervul ‘n maatskappy-kritiese en profetiese rol, wat sterk solidêr met die wêreld staan. Die kerk in sy dienskneggestalte is gerig op die nood van die wêreld.

### 9.4.3 Kommunikasie

Die model se kommunikasiestyl is op die wil ingestel, omdat mense emosioneel oorreed word om tot aksie oor te gaan. Die ander kerklike modelle funksioneer sterk op die vlak van kennis en emosie. Wedersydse kommunikasie funksioneer sterk binne die onderskeie groepe, waar baie gepraat, gesing, gebid en gehuil word oor die onreg wat hoog op die liturgiese agenda verskyn. Soos verwag, is die prediking sterk profeties, uitdagend en veroordelend ten opsigte van die onreg. Vir miljoene mense in armoede en verdrukking het hierdie model weer die geloofwaardigheid van die kerk herstel, omdat die onwaardige bestaansreg van die noodlydendes weer op die agenda van die kerk se program verskyn het en die sentrum van die kerk se dienswerk geword het. Hierdie model beleef ‘n groot nadeel op grond van sy eensydige en vernoude gesigshoek van kerkwees, naamlik, sodra die vraagstuk vervaag, val die dryfveer van bestaan weg.

Wat die kerk moet wees en hoe sy haar diens behoort uit te voer, berus by God met Wie die kerk ‘n lewende verhouding het. Niks kan dit vervang nie. Die kerk kan alleen sy pad vind deur te luister na die stem van God (Hendriks, 1992:35).

## 10. WANGESTALTES VAN DIE KERK

Die kerk en veral die gemeentes sal duidelikheid moet kry oor wat haar gestalte in die wêreld moet wees. D. Louw (1980:144-146) waarsku teen wangestaltes van die kerk, naamlik:

<u>Die kerk as voorlesingsaal</u>.

Die Skrif is die belangrikste. Dit bly by uitlê van die Skrif wat die intellek aanspreek sonder ‘n appél op lidmate se getuienis wat hulle passiewe hoorders maak.

<u>Die kerk as ‘n dramateater</u>

Dramas, musiek, opvoerings en optogte oorheers. Dit mag beïndruk, maar oortuig nie.

<u>Die kerk as koöperatiewe onderneming</u>

Die gemeente is voortdurend besig met projekte en beplanning om die kerk se produk te kan verkoop. Hier word die gemeente oorlaai met massas programme, advertensies en groot skemas om mense na Christus te lok. Geestelike kwaliteit ontbreek.

Die kerk as sosiale klub

Die sosiale nood van die mens staan voorop. Behoeftes is belangrik, maar nie oorgawes nie.

Die kerk as politieke party

Klem word gelê op die diakonale funksies van die kerk. Kerk word solidêr met die mens in sy lyding deur aksies te ondersteun wat selfs die politieke mag uitdaag. So 'n gemeente is opgesweep, maar nie noodwendig Geesvervuld nie.

Die kerk as aksie vir super gelowiges

Die klimaat in die kerk is te wêrelds en te algemeen. Hulle soek na die buitengewone. Hulle bly soekend na die ware kerk waar die emosionele ervarings 'n groot rol speel. Hulle is na binne gerig en staan koud teenoor die ander kerke.

Die Woord is baie duidelik oor hoe die gestalte van die kerk in die wêreld moet wees. Dis veel wyser en opbouend om die riglyne van die Bybel te volg en kerk van Christus te wees, as om soveel laste met jou saam te dra soos mense met 'n skeefgetrekte ekklesiologie. Ek sê dit nie in liefdeloosheid nie, want die Bybelse ekklesiologie rondom die kerk as liggaam van Christus, word na my beskeie oordeel sodanig uitgespel dat daar genoeg ruimte vir enige kind van God is om die Here volkome met oorgawe te dien. Daar hoef nie na die buitengewone gesoek te word asof dit in die mens se mag en vermoë is om homself gelukkig te maak deur net by die regte groep mense in te skakel nie. Die Gees van die Here werk in Sy kerk, ook daar waar die mens oordeel dat die gemeente blykbaar leweloos is. Gemeentes sal weer moet besin oor die kerk van die Here as nuwe gemeenskap van gelowiges wat as sout en lig die smaakloosheid van die wêreld moet verdryf. Gemeentelede sal weer daarna moet verlang om die stem van die Here te hoor en in gehoorsaamheid God se wil te doen.

Leraars en kerkrade sal opnuut erns moet maak met ons pastorale arbeid in die gemeente en die wêreld asook om gemeentelede as kosbare gawes van God te koester, as mede bouers in die Ryk van die Ewige Koning. Binne die gestalte van die kerk as liggaam van Christus behoort predikante as draers van die Koning se vredesmanifes, hul lidmate met getroue sorg en omgee te besoek en nie die maklike pad te volg, waar die skape na die herder moet soek nie. 'n Gemaklike bediening bestaan nie. Dit is ook nie waar dat die Here 'n volledige preek met liturgie,

wat die hoorders regop sal laat sit, in die rustyd van die prediker, sal aflewer nie. Soos die Herder van die hemel, sal elke aardse herder moet soek en versorg totdat die Opperherder kom. Binne die ruimte van die gestalte van die liggaamsmodel, as model vir die gemeente, is daar heelwat vryheid, maar ook gebondenheid.

**11. DIE NUWE GEMEENSKAP**

Ek sluit by Louw aan wat die volgende aanstip vir die gemeente as die liggaam van Christus (1980:147). Hy voel verontrus oor die funksionering van die kerk veral in die stedelike opset, maar ek glo dat waarhede wat vir die stad rondom die kerk as liggaam van Christus geld, ook van krag is vir die kerk elders. Die besondere feit wat hy stel, is dat die kerk nie nodig het om buitengewone dinge te doen om die mens in wie se midde die gelowiges leef en werk nie, te beïndruk of aan te spreek nie. Dit handel nie oor allerlei buitengewone ervarings, revolusionêre planne en veldtogte om die mens te probeer bereik nie. Dit vra nie eers ‘n terugkeer na vroeg-christelike of Nuwe Testamentiese eredienspatrone of kerkwees nie. Al wat belangrik is, is dat die kerk funksioneel sal wees. Louw bedoel daarmee dat die kerk terug beweeg na haar “Skriftuurlike wese“, sodat die kerk aan haar doel en bestemming kan beantwoord. *“Dit beteken dat die kerk opnuut die nuwe gemeenskap van inklusiewe (totaal* Christus *omvattend), integrerende (saambindende) en korporatiewe (liggaamsverbondenheid in) geloofsgenote sal wees” (1980:147).* As basis hiervan stel hy die trou van God wat nie gemis word in die kerk nie, want kerkwees is ten diepste verbonde wees aan God. Die beginsel wat geld is gehoorsaamheid aan die Heilige Gees wat die gemeente saaambind onder Christus as Hoof van Sy liggaam. Haar gestalte is diens aan God en die wêreld, deur liefde. Sy bly gerig op die koninkryk van God deur te getuig van God en sy genade in Christus. Die belewing lê in die kragtige teenwoordigheid van God wat saam met die gemeente as feesvierende oorwinnaars op pad is na die ewige heerlikheid van die toekomstige bedeling.

**12. SLOTBESKOUING**

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar ‘n verband bestaan tussen huisbesoek deur die prediker en aktuele prediking deurdat in die geloofskommunikasie die Woord en die Heilige Gees werk om die Woord waar te maak en te laat leef in die situasie van die lidmaat wat kommunikasie met God verlang.

Die inhoud van die kommunikasie is niks anders as Jesus Christus die Lewende Here wat deur die Gees die prediker en lidmaat begelei om in hul kommunikasiegebeure die stem van God te

hoor en te verstaan in die leefwêreld van die hoorder nie. Teks en konteks ontmoet mekaar in die prediking, sonder om die Woord van God af te skaal tot slegs ‘n woord van die mens.

In die hoofstuk het ek aangetoon dat aktuele prediking nie die hoorder se wêreld kan ignoreer of hom tot passiewe hoorder gevange hou nie. Monologiese prediking spreek nie meer die huidige mens aan nie. Daar moet aan hom die geleentheid gebied word om ook sy ervaring met God en Sy Woord met die gemeente te kan deel.

Huisbesoek kan nie sonder meer deur predikers of kerkrade as ondoeltreffend of oud-modies verklaar word nie, omrede lidmate steeds ‘n behoefte het om saam met die leraar in – stemmig met die Woord om te gaan. Dit strook met die gereformeerde beskouing dat die gelowige lidmaat mondig is om selfstandig onder leiding van die Gees die Woord te bestudeer en self ook die openbaring van God te ervaar.

As gestuurdes van God om die Boodskap van hoop aan die wêreld te kommunikeer deur lewe en getuienis, kan dit nie anders as dat die kerk as dienskneg van God die pyn en lyding van die mens met God se salf sal aanraak nie, naamlik Sy liefde en omgee.

Groter betrokkenheid en begeleiding deur die geestelike leiers is nodig om lidmate in staat te stel om die wêreld in sy verwardheid en gewaande voorspoed te konfronteer met die vrede van God soos geopenbaar in Jesus Christus.

Getroue huisbesoek deur die prediker, wat ten doel het om die konteks van die lidmate tot wie die Woord gerig is, te verstaan, kan nie effektief deur klein groepe waar die prediker sporadies betrokke is, vervang word nie.

Die prediking behels die uitleg van die Skrifwoord soos verstaan in die konteks van die ontstaansgebeure van die teks, maar moet ook die mens van vandag op so ‘n wyse aanspreek dat die mens blinkoog die geloofspad kan bewandel omdat die Woord nuut en pakkend spreek van God en Sy betrokkenheid by die mens van die hede.

Die erediens word ‘n kommunikasiegebeure waar die mens God nie net vanaf die kansel deur die gepredikte Woord hoor nie, maar ook deur die Gees beleef wat in sy omstandighede inspreek om hoop en geloof te versterk.

Die volgende hoofstuk behels ‘n empiriese ondersoek waar die waarde en noodsaaklikheid van huisbesoek deur die leraar getoets gaan word teneinde die lidmate se betrokkenheid by die

preekmaakproses te evalueer. Die ondersoek poog verder om die lidmate se belewing van die erediens as kommunikasiegebeure te peil.

# HOOFSTUK TWEE

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 1. INLEIDING

Soos aangedui in die literatuurstudie (6.3.4) is die dialogiese kommunikasieteorie gekies as die ideale gespreksteorie om die onderlinge verhouding tussen God, Sy Woord en die prediker en die lidmaat as hoorders aan te dui. Waar ons deur kennis van die konteks wat die prediker met huisbesoek te wete kom, glo dat dit tot aktuele prediking voer, wil ons die teorie probeer staaf met bevindinge uit die empiriese ondersoek.

Dit is reeds duidelik dat die grondlyne soos deur die grondleggers van die kommunikasiekunde vasgelê, die proses van die kommunikasieteorie as 'n werklikheid bevestig. Die moderne kommunikasietendens skakel monologiese gesprekvoering grootliks uit waar die teorie op die voorwaardes steun van: intermenslike gesprekvoering; dat die gesprek in vryheid en op gelyke voet moet geskied; dat onderlinge begrip ontstaan deur die deel, meedeel en vertolking van die evangelie; en dat ons deur die evangelie ons bestemming as mense bereik. Pieterse noem dit "*bestaanskommunikasie*"waar ons deur die vertolking en aanvaarding van die evangelie ons bestemming as mens bereik (1991:20).

Die dialogiese kommunikasieteorie skakel God, Sy Woord, die prediker en die lidmaat of hoorder as skakels in tydens die prediking waar teks en konteks, soos verwesenlik deur die Heilige Gees (die teks) en die lidmaat (die konteks), mekaar aanvul en die Woordgebeure laat realiseer en kontinueer.

### 2. DIE WOORD EN WEER-WOORD MET HUISBESOEK

Die Woord van God en die antwoord of weerwoord van die gemeente bevind hulle in 'n spanningsveld, soos blyk uit die vele kritiek teen die huidige preeksituasie. Prediking se beperkings as monologiese gesprekvoering het hom ingehaal. Daar is te veel ander geleenthede waar die gemeente die Woord kan hoor, maar dit is met huisbesoek waar die teks en konteks mekaar vry en spontaan kan ontmoet. Hier kan die Woord lewe bring in die wêreld van die hedendaagse mens. Die hermeneutiese proses soos in hoofstuk een uiteengesit, bevestig dat ons met die teks en konteks werk wanneer ons hermeneuties die boodskap van die preekteks in die konteks van die gemeente wil verkondig.

Waar dit gebeur dat die boodskap van die preekteks nie verstaan word in die konteks van die gemeente nie, het ons met ‘n ernstige probleem en tekortkoming in die praktyk te doen. Dit bring die prediking in gedrang. Die effek van huisbesoek deur die prediker om die gemeentesituasie te ken, ten einde die Woord te laat leef vir die hedendaagse mens, om dit ‘n Woordgebeure te laat wees, vereis wel ‘n empiriese ondersoek. Ons wil poog om die effektiwiteit en belangrikheid van huisbesoek deur die prediker te ondersoek asook die belangrikheid daarvan vir lidmate. Die ontstaan, bestaan en inskakeling by kleingroepe bevestig die wêreldwye behoefte na intermenslike kontak (Pieterse, 1991:26).

## 3. NAVORSINGSDOELSTELLING EN ONDERSOEKMETODE

Ek wil empiries ondersoek of die aanspraak van die kommunikasieteorie in verband met huisbesoek en prediking enige grond bied dat dit ‘n voorwaarde vir aktuele prediking is. Daar is van ‘n kwalitatiewe ondersoekmetode gebruik gemaak waar lidmate aan die hand van vyf vrae (sien Bylae A), vrylik en spontaan in ‘n onderhoud in die ruimte van hul eie woning kon kommunikeer. Die lidmate is gerusgestel dat dit nie ‘n ondersoek na hul eie leraar se bedienings-praktyk is nie.

Die ondersoek het in twee gemeentes van die Ring van Heidelberg plaasgevind waarby 24 lidmate betrokke was. Albei gemeentes is op die platteland geleë, maar is deel van groot dorpe naby stede aan die Oos-Rand. ‘n Beduidende getal lidmate is in die stede werksaam, sodat die gemeentelike werksaamhede beduidend beïnvloed word deur die atmosfeer en tendense van die stad. In ‘n redelike mate is die gemeente eintlik net die verblyfdeel van die lidmate se bestaan.

Dit is van betekenis om te bevestig dat albei gemeentes in ‘n oorgangsfase van gemeentewees is, hoewel reg in die beginstadium daarvan. Daar is ‘n beweging van die herder-kuddemodel na die liggaamsmodel. Die een gemeente is in die greep van ‘n multi-kulturele omgewing gewikkel, vanweë die verhuising van blanke lidmate en ook heelwat jongmense. Die ander gemeente vertoon ‘n ouerige gesig, hoewel daar heelwat jongmense in die gemeente woonagtig is.

Die lidmate is voldoende tyd en ruimte gebied om met vrymoedigheid op die vyf vrae te reageer. Daar is met die leraars gereël om elke derde naam of besoekpunt in elke derde wyk van elke blok aan my te voorsien, waarna ek persoonlik die afsprake gereël het om die doel van die besoeke te verduidelik. Al die gesprekke is op magnetiese bande opgeneem en daarna is die verskillende opmerkings en uitsprake van die respondente skriftelik neergestip. Die ondersoeker het persoonlik al die onder-houde gevoer wat die voordeel bied dat dieselfde vrae gevrae en interpretasies gebied is.

Die ondersoeker is wel 'n lidmaat en leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, maar het die vrae en ondersoek so objektief moontlik hanteer en deurgaans probeer om nie 'n invloed op die reaksie of vertolking van die respondente te hê nie. Wat wel 'n invloed kon hê, is die feit dat die respondente in die meerderheid van gevalle hul eie leraar se bedieningspraktyk bespreek het en die ondersoeker hulle daarop moes wys dat die ondersoek veral oor die effek of belangrikheid van huisbesoek in die algemeen handel. Die respondente het in ouderdom gewissel vanaf sestien jaar tot vyf en tagtig jaar. Na my oordeel is die respondente 'n redelike verteenwoordiging van die samestelling van die besondere gemeentes en van gemeentes in die algemeen. Daar is voldoende verteenwoordiging van die enkeling sowel as van gesinne; van baie betrokke by gemeentelike aktiwiteite en die eredienste tot minder betrokke. Daar was jongmense sowel as mense met gevorderde ouderdom deel van die ondersoek.

Hierdie gemeentes is vir die ondersoek gekies omrede hulle as "gesonde" gemeentes funksioneer, deurdat daar goeie verhoudings onderling en met die leraars gehandhaf word. 'n Verdere oorweging was om gemeentes te betrek waar die leraars getrou en sistematies huisbesoek doen en'n hoë premie op die pastoraat plaas. Die woord " gesond " kan wenkbroue laat lig, maar al wat ek hiermee bedoel is dat die ondersoek se resultate nie billik en objektief sou wees indien gemeentes waar leraars nie meer huisbesoek doen of waar daar erge verhou – dingsprobleme bestaan, in die ondersoek betrek sou word nie. Die eenheid en betrokkenheid van die gekose gemeentes se lidmate het baie gewig gedra. Die ondersoek het in die tydperk van September tot Oktober 2005 plaasgevind.

<u>Die vyf vrae van die ondersoek was as volg</u>:

i. Is huisbesoek belangrik en waarom?
ii. Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?
iii. Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?
iv. Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by die wêreld?
v. Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?

## 4. GEMEENTE-ANALISE EN BIOGRAFIESE GEGEWENS

| **GEM** | **VR** | **ML** | **OUDERDOM** | | | | | | | | **OPL** | **BEROEPE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 15+ | 20+ | 30+ | 40+ | 50+ | 60+ | 70+ | 80+ | Skool | Huis v | Prof | Nie-Prof |
| D1 | 7 | 4 | | 1 | | 4 | 2 | 2 | | 2 | | 3 | 3 | 5 |
| N2 | 8 | 5 | 2 | | 4 | 3 | 2 | | 2 | | 2 | 1 | 4 | 6 |
| Totaal | 15 | 9 | 2 | 1 | 4 | 7 | 4 | 2 | 2 | | 2 | 4 | 7 | 11 |

**5. TABEL 1**

**VRAAG 1. IS HUISBESOEK BELANGRIK EN WAAROM?**

**Uitspraak a. Huisbesoek is belangrik om mekaar te ken en verhoudings te bou.**

| | |
|---|---|
| **Persentasie:** | |
| Manlik | 100 |
| Vroulik | 100 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professioneel | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking: Stem saam = 100 % Afwyking = 0 %**

Dit is voor die handliggend dat huisbesoek deur die leraar steeds as 'n belangrike en noodsaaklike aktiwiteit deur lidmate beskou word. Sonder uitsondering toon die gegewens dat lidmate na persoonlike besoeke van die leraars verlang, sodat verhoudings gebou kan word en die leraar hul omstandighede kan ken. Dit is duidelik dat lidmate die persoonlike aandag en geestelike opbou van die leraar verkies bo slegs die prediking op Sondae.

**Uitspraak b. Huisbesoek is netso belangrik soos die prediking van die Woord**

| | |
|---|---|
| **Persentasie:** | |
| Manlik | 77.7 |
| Vroulik | 66.6 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 85.7 |
| Nie-professioneel | 45.4 |
| Huisvroue | 100 |
| Skoliere | 100 |

**Bespreking: Stem saam = 70.8 % Afwyking = 28.2 %**

Die feit dat sommige kerkrade en leraars oordeel dat huisbesoek vervang kan word deur ander kleingroepe blyk nie so deur die meerderheid lidmate en jongmense aanvaar te word nie. Die

afwyking is gering en kan verklaar word deur die feit dat sommige huisbesoek belangriker ag as prediking vanweë die persoonlike impak wat die leraar se besoek op die lidmate se lewensomstandighede het. Hul verkies dat die prediker hul konteks beter ken, sodat die teks hul lewe kan verryk.

**Uitspraak c. Huisbesoek moet veral gerig wees op kerklosses en jongmense.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 77.8 |
| Vroulik | 80 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 85.7 |
| Nie-professioneel | 63.6 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 79 %** **Afwyking = 21 %**

Uit die ondersoek blyk dat 'n groot persentasie lidmate bekommerd is oor diegene wat nie 'n persoonlike verhouding met die Here het nie. Hoewel alle respondente huisbesoek by hulself as belangrik aangedui het, is daar bekommernis oor die kerklosses wat groter sorg van die leraar behoort te ontvang. Die gedagte laat die indruk dat dit die leraar se taak is om ook die kerklosses te bearbei. Die jongmense word ook genoem, omrede daar soveel jongmense wegloop of verdwaal na belydenisaflegging. Hul stem as getuies word stil. Huisbesoek word as die terugroep en aanspoor van die jongmense gesien om nie hul roeping en belydenis in die Here Jesus te versaak nie. Dit is opvallend dat die jongmense in die ondersoek sterk klem laat val het op die noodsaaklikheid om die jeug asook jonggetroudes te bearbei en hulle met kontakbesoeke by die werksaamhede van die gemeente te betrek. Hulle moet veral betrokke gemaak word by die eredienste.

**Uitspraak d. 'n Spreekkamer of selgroep kan nie huisbesoek vervang nie.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 22 |
| Vroulik | 20 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 43 |

| | |
|---|---|
| Nie-professioneel | 0 |
| Huisvrou | 50 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 20,8 %** **Afwyking = 79,2 %**

Dit verbaas ietwat dat die meerderheid gevoel het dat huisbesoek nie so eksklusief is dat die leraar nie ook maar by die kantoor of spreekkamer besoek kan word nie. Dit verbaas my, aangesien die meerderheid soveel klem op die persoonlike besoek van die leraar geplaas het. Huisvroue en professionele persone ondersteun die gedagte dat huisbesoek nie vervang kan word nie. Die professionele persone se gevoel is blykbaar dat hulle die persoonlike versterking wat huisbesoek inhou verkies bo die onpersoonlike kantoor. Die huisbesoek kan 'n soort ontvlugting wees uit die kliniese wêreld van besighede en vergaderings. In die gemeentes is die feit bevestig dat selgroepe hier nie lewenskragtig is nie. Die groot afwyking kan dalk die eerste spore van die stadsmens wees wat in sy huis meer privaat wil wees. Uit die verslae was daar nie soveel bespreking van die saak dat dit noodwendig 'n groot invloed sal hê op die besoek van die leraar nie.

**Uitspraak e. Die lidmate deel in die Woord met huisbesoek.**

| **Persentasie** | |
|---|---|
| Manlik | 77.7 |
| Vroulik | 80 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professioneel | 54.5 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 79 %** **Afwyking = 21 %**

Dit word deurgaans bevestig dat lidmate nie die prediker se huisbesoek beleef as die aflaai van 'n boodskap by besoekpunte nie, maar dat lidmate die geleentheid ten volle ontvang om hul eie sake met die leraar te bespreek. Besoeke word nie afgejaag ter wille van die leraar se vol program nie. Elke lid van die gesin kry geleentheid om insette te lewer wat vir die prediking 'n groot bate is. Selfs klein kinders vorm 'n belangrike deel van die besprekings waar hulle bydraes lewer. Die ondersoek bevestig dat daar nie oor allerlei oppervlakkighede bespreking gevoer word

nie, maar dat kerklike en geestelike sake waarmee lidmate in die wêreld gekonfronteer word op die agenda geplaas word. Kinders en jongmense neem deel en so die hele gesin. Die soort huisbesoek beklemtoon aan kinders dat hulle belangrik in die Koninkryk is. Dit is vir hulle ‘n besondere ervaring om uit die Woord geleer en gerig te word.

**Uitspraak f. Die leraar moedig potensiële kerkraadslede aan tot diens.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 11 |
| Vroulik | 0 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 0 |
| Nie-professioneel | 0 |
| Huisvrou | 0 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 11 %** **Afwyking = 89 %**

‘n Klein persentasie wou die feit konstateer dat huisbesoek ook praktiese en algemene sake kan hanteer. Dit hou dalk verband met die groot tekort aan kerkraadslede in sommige gemeentes. Daar is ‘n ander moontlikheid. Die gevoel is dat die leraar wat die geestelike lewe van sy lidmate ken, by uitstek geskik is om persone wat kwalifiseer te betrek. Talle se werksomstandighede is van so ‘n aard dat hulle moeilik kan dien. Indien pligte van die amp ‘n probleem sou wees, is die leraar beskikbaar om die nodige hulp te verleen. Dit kan van groot hulp wees om lidmate vooraf te begelei tot ampswerk in die kerk. Die afwyking toon dat lidmate se verwagting van huisbesoek nie verder strek as Woordbediening nie.

**Uitspraak g. Huisbesoek bevorder erediensbywoning.**

**Persentasie:**

| | |
|---|---|
| Manlik | 78 |
| Vroulik | 80 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 86 |
| Nie-professioneel | 64 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking : Stem saam = 79 % Afwyking = 21 %**

Daar is by die grootste gedeelte van die respondente geen twyfel dat besoeke deur die leraar erediensbywoning bevorder nie. In die huidige tyd waar die kerk en huisbesoek in die drukgang is, en as "nutteloos" beoordeel word, is dit verblydend dat so 'n groot persentasie lidmate die belangrikheid van huisbesoek aanmerk. Kerkrade wat hul leraars van huisbesoek wil onthef, behoort deeglik van hierdie feit kennis te neem. Opvallend is die professionele lidmate wat so 'n hoë prioriteit aan huisbesoek verleen ten einde die erediens as gemeenskap van gelowiges te vier. Sou dit saamhang met die drukte van die dag op professionele persone wat 'n onsekerheid beleef met beroepsekerheid? Die afwyking wat gering is, is meelewende lidmate wat erken dat hulle nie huisbeoek nodig het om hulle aan te moedig om die eredienste by te woon nie. Hulle het 'n lewende verhouding met die Here.

**Uitspraak h. Huisbesoek laat die leraar goed luister na die leefwêreld van lidmate.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 100 |
| Vroulik | 93 |
| Beroep: | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professionel | 82 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking : Stem saam = 91.7 % Afwyking = 8.3 %**

Vanweë die leraars se klem op die betrokkenheid van al die gesinslede by die Woordervaring met huisbesoek, bevestig hierdie baie positiewe persentasie die belangrikheid van gespreksbetrokkenheid by die Woord en die prediking waar die teks moet inspreek in die leefwêreld van gelowiges. Die prediking kan nie monologies wees waar die hart van gelowiges nie gehoor word nie. By hierdie gemeentes word lidmate opgewonde gemaak oor hulle bydraes tot die beter verstaan en belewing van God se Woord in hul lewe. Hulle ervaar dat God ook deur hulle 'n Woord vir die gemeente het. Dit is baie belangrik vir aktuele prediking.

**Uitspraak i. Huisbesoek bevorder die eenheid van die gemeente.**

**Persentasie:**

| | |
|---|---|
| Manlik | 55.5 |
| Vroulik | 53.3 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 43 |
| Nie-professioneel | 54.5 |
| Huisvrou | 50 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking:** **Stem saam = 54 %** **Afwyking = 46 %**

Deur die leraar se belangstelling in die lidmate om hulle gereeld te besoek, word die eenheidsgevoel onder die lidmate versterk. Die besoeke snoer die gemeente saam in die diens waar hulle wêreld deur die Woord ontbloot word. Die gemeente is bewus van die erns van die prediker om die Woord nie net van die kansel af te laat hoor nie, maar ook in die huise waar die Lig van die Woord behoort te skyn. Gemeentelede het groot waardering vir die leraar wat huisbesoek doen, daarom bemoedig hulle mekaar ook met die Woord wat hulle hoor en bespreek. As geloofsleier vervul die leraar ‘n herderstaak deur aan die kudde wyding te bied wat hulle leer om mekaar lief te hê en op te bou tot dienswerkers van God.

**Uitspraak j. Huisbesoek bied geestelike groei en is ‘n leergeleentheid.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 100 |
| Vroulik | 93 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professioneel | 82 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking:** **Stem saam = 91.7 %** **Afwyking = 8.3 %**

Die positiewe getuienis van die gemeente is geen verrassing nie as in ag geneem word dat daar alreeds vermeld is dat die Woord in die sentrum van die besoeke staan nie. Die erns met die

Woord as Bron van hoop en lewe bring veranderings in die lewe en lewensstyl van die hoorders Waar die besoeke so van die Woord getuig, kan die oes nie in die geestelike lewe van die volk afwesig wees nie. Die erediens is nie die enigste en grootste geleentheid tot groei nie, maar ook die gemaklikheid van die lidmaat se huis word die klaskamer waar God Sy volk leer. Hier word die Woord op 'n besondere wyse ervaar deurdat die Gees die wil van God in eenvoud bekend mak. Dit is 'n feit dat daar soms soveel van die erediens as ontmoetingsgeleentheid verwag word, dat huisbesoek waar lidmate in die spieël van die Bybel hul lewe kan toets, gering geskat word.

Die geringe afwyking kan toegeskryf word aan enkele lidmate wat 'n skewe beeld of persepsie van huisbesoek het, naamlik dat huisbesoek die lidmaat tot plesier moet dien in die sin van gedien te word sonder om self tot diens beweeg te word.

**6. TABEL 2**

**VRAAG 2. SAL JY DIE EREDIENS GETROU BYWOON INDIEN DIE LERAAR GETROU HUISBESOEK DOEN?**

**Uitspraak a. Ons word bemoedig met huisbesoek en nie net van die kansel af nie.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 100 |
| Vroulik | 100 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professioneel | 100 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking : Stem saam = 100 % Afwyking = 0**

Die waarde van die leraar se persoonlike kontak met sy gemeentelede word deur hierdie feite bevestig. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die Woord wat in die huise ingedra word van grootse waarde vir lidmate is. Hierdie lidmate onderskat nie die waarde van die eredienste nie, maar onderstreep dat die gesprek by gesinne of jongmense nie gering geskat mag word nie. Huisbesoek het steeds groot krag en is in aanvraag by lidmate vanweë die behoefte om met die leraar oor God en die Woord in gesprek te tree. Sommige verklaar dat hulle die leraar as God se verteenwoordiger in nood ervaar, met ander woorde as die Here wat self besoek in Sy omgee besoek.

**Uitspraak b. Ons sal die erediens bywoon al word ons nie besoek nie.**

**Persentasie:**

| | |
|---|---|
| Manlik | 66.7 |
| Vroulik | 73 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 71 |
| Nie-professioneel | 45 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 70.8 %** **Afwyking = 29.2 %**

Die rede wat die meeste vermeld, is geleë in die feit dat hulle 'n pad van geloof met die Here stap. Hulle geloof in die Here is nie afhanklik van die aandag wat hulle van die leraar ontvang nie. Dit neem nie die belangrikheid van huisbesoek weg nie, omrede al die respondente dit tog verlang. Daar is enkeles wat aangedui het dat hulle nie die eredieste sal bywoon as die leraar nie besoek nie. Soos elders reeds vermeld hang dit saam met hulle geestelike volwassenheid wat die leraar beskou as die betaalde werker wat almal moet bedien. Die afwyking is baie gering.

**Uitspraak c. Belangrik dat lidmaat en leraar mekaar ken anders ontbreek vrymoedigheid.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 100 |
| Vroulik | 100 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professioneel | 100 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking:** **Stem saam = 100 %** **Afwyking = 0 %**

Die syfer beklemtoon die behoefte om die leraar te ken sodat hy vertrou kan word. Enkele lidmate het wel genoem dat hul nie uit vrye wil die leraar met hul probleme sal nader as hulle hom nie goed ken nie. Ander konstateer dat al ken hulle mekaar nie so goed nie, hulle wel in 'n krisistyd die leraar se hulp sal inroep. Die verwagting of ideaal by almal is dat hulle met groter vrymoedigheid sal skakel indien albei partye mekaar goed ken.

**Uitspraak d. Baie lidmate bly stil of beskuldig die kerk as die leraar nie huisbesoek doen nie.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 11 |
| Vroulik | 6 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 0 |

| | |
|---|---|
| Nie-professioneel | 9 |
| Huisvrou | 25 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 8 %** **Afwyking = 92 %**

Dit blyk dat baie min lidmate bewus is van ander lidmate wat ontevrede is met die leraars se huisbesoek. Dit kan toegeskryf word aan onder andere die getroue besoeke van die leraars in die ondersoek-gemeentes asook die bewys dat die leraars erns maak met huisbesoek. Waar soveel erns bestaan met die bediening van die Woord, is die groot afwyking te verstane. Die opmerking deur enkeles is nie ‘n ernstige klag nie, maar ‘n algemene reaksie by gemeentes waar huisbesoek verwaarloos word. Huisbesoek maak die gemeente rustig en verantwoordelik deur met begrip na die leraar se arbeid te kyk.

**Uitspraak e. Kontak bring effektiewe prediking.**

| | |
|---|---|
| Persentasie : | |
| Manlik | 55.5 |
| Vroulik | 66.5 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 57 |
| Nie-professioneel | 36 |
| Huisvrou | 33 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking;** **Stem saam = 62.5 %** **Afwyking = 37.5 %**

Die belangrike feit is dat leraars huisbesoek as ’n noodsaaklike bedieningsaspek sal ag, nie terwille van besoeke om lidmate tevrede te stel nie, maar terwille van die feitelike kontak om lidmate beter te ken, teneinde hul beter te kan bedien. Kennis by die gespreksituasie bring ‘n voller Woordervaring in die erediens mee.

Daar is positief geantwoord op die vraag of huisbesoek enige waarde vir die prediking inhou. Deurgaans was die antwoord dat ‘n gebrek aan kennis van die lidmaat se leefwêreld, die prediking bo-oor hul koppe sou gaan en nie die harte tref nie. Die afwyking dui op lidmate se groter behoefte aan die bediening van die Woord tuis waar hulle self ook insette kan maak tot die opbou van die gemeente. Die erediens bied nie dieselfde geleentheid tot meespreek vanuit die

Woord as met huisbesoek nie. Daar is dus 'n verwagting dat die leraar se besoek merendeels oor die persoonlike sake van geloof sal handel as oor sake in die algemeen.

**Uitspraak f. Huisbesoek openbaar probleme spoediger.**

**Persentasie:**

| | |
|---|---|
| Manlik | 11 |
| Vroulik | 13 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 14 |
| Nie-professioneel | 9 |
| Huisvrou | 25 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 12.5 %** **Afwyking = 87.5 %**

Daar is lidmate wat nie die vrymoedigheid het om hul persoonlike probleme na die leraar te neem as hulle van mening is dat hulle dit self kan hanteer of dat dit nie so belangrik is om die leraar daarmee te belas nie. Dit is met sulke gevalle waar die leraar met sy besoek die waarneming moet maak of sake haper of deur die huisgenote se eie openbaring dat hulle probleme ondervind. Dit is opvallend dat veral huisvroue hierdie moontlikheid noem. Sou dit dalk verband hou met die feit dat hulle eggenotes nie so gewillig is om die leraar se hulp in te roep nie? Of hou dit verband met die feit dat die gesprek met huisbesoek oor soveel sake handel dat daar 'n beter geleentheid is om hul hart te ontbloot? Die afwyking kan daarop dui dat die lidmate deur die leraar se getroue besoeke vrymoedigheid het om sy hulp in te roep en nie hoef te wag tot hy hulle besoek nie. Laasgenoemde rede is dalk die mees waarskynlike.

**7. TABEL 3**

**<u>VRAAG 3. BELEEF JY GOD BETER IN DIE EREDIENS INDIEN DIE LERAAR JOU BESOEK</u>?**

**Uitspraak a. Die leraar is die verteenwoordiger van God**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 55.5 |
| Vroulik | 66.6 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 57 |
| Nie-professioneel | 36 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking:** **Stem saam = 62.5 %** **Afwyking = 37.5 %**

Die gesag van God dra groot gewig by die huisvroue en skoliere. Vir hulle is dit van waarde dat die leraar as dienskneg van God met gesag beklee is. Dit is duidelik in die persentasieverskil tussen die mans en die vroue. Dit kan een van die redes wees waarom vroue meer by Bybelstudiegroepe en ander geestelike groeigeleenthede betrokke is as mans wat dikwels vanweë werksomstandighede nie so betrokke kan wees nie. Vroue is ook meer as mans bereid om die leraar met geestelike sake te nader. Kennis van die Woord soos deur die leraar meegedeel, sal deur die vroue as gesagvol aanvaar word, omdat hulle sy gesag wat hy van God ontvang het, aanvaar. Die belewing van God in die erediens hoef nie 'n vreemde ervaring te wees nie, want God word in die Woord beleef deur die prediker wat as verteenwoordiger van God Sy Woord spreek.

**Uitspraak b. God word deur die Woord en Gees beleef.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 66.6 |
| Vroulik | 80 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 85.7 |
| Nie-professioneel | 63.6 |
| Huisvrou | 100 |

| | |
|---|---|
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 75 %** **Afwyking = 25 %**

Die feit dat die Woord met huisbesoek voorop gestel word en lidmate 'n gulde geleentheid kry om bydaes te maak tot die Woordervaring in die erediens maak dat die gemeente meer voorbereid is om die Here deur Sy Woord te hoor. Hier sluit teks en konteks by mekaar aan. Die sprekende Woord word 'n horende ervaring omdat God deur Sy Woord en Gees by die gemeente teenwoordig is. Die Bybelboodskap wat reeds met huisbesoek in die situasie van die gelowiges oopgebreek is, leef in die hart van die hoorder omdat God se stem in die Woord welbekend is. Dit 'n ou bekende Woord wat nuut spreek in 'n nuwe situasie.

**Uitspraak c. Die preek moet voete kry in my situasie.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 100 |
| Vroulik | 100 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 100 |
| Nie-professioneel | 100 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 100 %** **Afwyking = 0 %**

Die logiese gevolgtrekking op grond van die vorige opmerkings rondom huisbesoek asook lidmate se inspraak of bydraes tot aktuele prediking, maak dit 'n uitgemaakte saak dat lidmate dit van die prediker verwag om die Woord van God in die taal en verstaanswêreld van die hoorders te klee. Daar kan geen misverstand wees dat aktuele prediking dit vereis dat teks en konteks mekaar in die prediking sonder spanning sal vind. Die versoek van die hoorders is dat die Woord in hulle konteks gehoor en beleef sal word. Dit sal moeilik wees om aan hierdie verwagting te voldoen sonder huisbesoek.

**Uitspraak d. Die erediens is vreemd vir die jeug**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 22 |

| | |
|---|---|
| Vtroulik | 13 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 28.5 |
| Nie-professioneel | 9 |
| Huisvrou | 6.6 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam =16.6 %** **Afwyking = 83.4 %**

Die jongmense in die ondersoek het sodanig gereageer dat die gemeentes deeglik van hul opmerkings moet kennis neem. Hulle wil graag by die beplanning en aanbieding van die erediens betrokke wees. Hulle wil nie passiewe hoorders wees nie. Die prediking moet op die jeug en hulle behoeftes gerig wees, sonder om ander groepe af te skeep. Aparte dienste waar hul eie musiek en aanbiddingstyl kan funksioneer, sal jongmense na die eredienste laat terugkeer. Die klem lê nie soseer op anderse musiek of ritme nie, die musiek moet nie slepend wees nie, maar vrolik en hartlik. Die prediking moet saaklik en eenvoudig wees, verstaanbaar. Hulle beleef die liturgie met ‘n swaar hart, want dis onverstaanbaar. Verouderde kanseltaal maak die erediens ‘n negatiewe ervaring vol verveling. Hulle wil God in die erediens op ‘n egte wyse beleef. Die erediens moet ook vir hulle ‘n Woordgebeure wees waar teks en konteks die Woord laat leef. Gebede sal help, maar huisbesoek en aktuele prediking onder leiding van die Gees, kan jongmense se koppe terugswaai na die Bybel en die erediens toe.

Die syfer van 16 % dui na my mening op die ongevoeligheid of traagheid van die ouer lidmate om die stem van die jeug te hoor. Die gemaksone van ouer lid –mate is dikwels die buffer wat keer dat vernuwing tot voordeel van die jeug kan plaasvind. Uitgediende gebruike en verouderde taal wat nog net mooi klink, maar lankal nie meer verstaan word nie sal moet sterf sodat lidmate saam die Woord as gebeure van die Gees kan beleef.

Dit is dus verstaanbaar dat die ouer lidmate nie met die jeug sal saamstem nie. Die gesigshoek waaruit die twee partye die erediens bekyk, vra groot geduld en liefde. Niemand hoef bedreig te wees nie. Gemeentes sal die jeug in hul versoek tot belewing van God ernstig moet neem. Vir gemeentewees is dit van groot belang.

**8. TABEL 4**

**VRAAG 4. WATTER EFFEK HET HUISBESOEK OP JOU BETROKKENHEID BY DIE NOOD VAN DIE WêRELD?**

**Uitspraak a. Prediking moet die nood skilder.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 77.7 |
| Vroulik | 66.6 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 85.7 |
| Nie-professioneel | 45.4 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam =70.8 %** **Afwyking = 29.2 %**

Gedagtig aan die feit dat lidmate van die N.G. Kerk nie so betrokke is by die nood van mense buite die gemeente nie, is dit tog opmerklik dat so'n groot persentasie wel aangedui het dat die prediking die totale prent van nood moet aanstip. Weereens is die vroue by die huis, wat normaalweg die barmhartigheid in die gemeentes verrig, die grootste ondersteuners van barmhartigheid. Die prediking moet die nood aan die hele gemeente se adres vasknoop om so die hele gemeente op te roep om die hande na die noodlydendes uit te steek. Die motivering moet van die kansel kom, vanwaar die Groot Genade verkondig word. Dit is interessant dat die professionele lidmate die gedagte ondersteun, moontlik omdat diegene in leiersposisies in die gemeenskap deegliker bewus is van die omvang van die nood. Mense wil soms betrokke raak, maar weet nie altyd waar en hoe nie. Dit was sekerlik die gedagte van een van die respondente wat voorgestel het dat die leraar voor moet stap.

**Uitspraak b. Huisbesoek toets jou betrokkenheid**

**Persentasie:**

| | |
|---|---|
| Manlik | 44.4 |
| Vroulik | 53.3 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 71.4 |

| | |
|---|---|
| Nie-professioneel | 27.2 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 50 %** **Afwyking = 50 %**

Dit is nie vreemd dat die vroue weereens hulle solidariteit met die behoeftiges betoon nie. Daar is redelike belangstelling by al die groepe, behalwe by die jeug wat nognie daarop ingestel is om die siekes te versorg en te help nie. Dit wil voorkom asof hierdie syfers 'n so-so situasie in die kerk verteenwoordig. Teen die agtergrond van die kerk as begenadigdes, dui hierdie syfers op 'n situasie waar ons gemeentes nognie die spiraal van nood in ons land raaksien waar sekere siektetoestande die hoogtes opskiet nie. Dit is nog te ver van ons eie lyf. Huisbesoek behoort die ideale geleentheid te wees waar gesinne vanuit die Woord na die nood gaan. Die nood waarvan die gemeentes praat is seker maar in eie kring en nie die pandemies van ons land nie. Dis onverstaanbaar dat lidmate ontmoetings met God verlang, maar hulle soek Hom nie langs die paaie van ons land nie, waar wesies en armes wonder oor die sin van alles nie.

**Uitspraak c. Ons is te onbetrokke en kan meer doen.**

**Persentasies :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 33 |
| Vroulik | 33 |
| Beroepe: | |
| Professioneel | 28.5 |
| Nie-professioneel | 27 |
| Huisvrou | 25 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 25 %** **Afwyking = 75 %**

Die indruk bestaan dat die lidmate van mening is dat hulle reeds aan die oproep voldoen en dit nie nodig is om nog meer betrokke te raak nie. Diegene wat reeds besig is en besef daar moet nog veel meer gedoen word, staan alleen. Hierdie bespreking stem grootliks ooreen met die vorige uitspraak. Persone wat reeds by skole betrokke is sou graag ook by die gesinne en ouers van die kinders by die huis betrokke wou wees om te help. Dit is 'n feit dat die gemeentes se betrokkenheid by die wêreld nie rooskleurig lyk nie. Ons loën die kruisoffer van Christus wat Sy kinders losgekoop het om te dien. Christus word nie net in die rustigheid van 'n kerkgebou

gehoor nie, maar juis op straat tussen die stukkendes. Die gemeentes is te blind vir die wêreld en sy nood.

**Uitspraak d. Gelowiges het 'n impak op die wêreld.**

| | |
|---|---|
| Persentasie : | |
| Manlik | 33 |
| Vroulik | 20 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 42.8 |
| Nie-professioneel | 27 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking : Stem saam =25 % Afwyking = 75 %**

Dit wil voorkom asof gemeentes nie die moed of geloof het om ' n verkil in die wêreld te maak nie. Dit is moeilik om hierdie syfers te verstaan in die lig van die lidmate se ywer om die Woord te hoor en te beleef in die gemeenskap van die heiliges. Die vraag is of dit saamhang met ekonomiese of politieke omstandig- hede waarin blanke lidmate hulself bevind. Die redenasie kan wees dat die blanke se finansiële vermoë so verswak het dat dit nie meer so maklik is om 'n bydrae te maak wat die wêreld kan raak nie. Dalk is hierdie feite deels waar, maar ek glo nie die gemeentes gaan by die geestelike verantwoordelikhede verby kom nie. Christus se opdrag is nie vir mense wat alles in oorvloed het nie, maar is vir Sy kerk wat maar net bywoners is. Politieke denke mag nie die gelowiges daarvan weerhou om die stem van die Woord vir hulself te reserveer nie. Die Boodskap moet uit.

**Uitspraak e. Huisbesoek druk ons uit na die wêreld om mekaar lief te hê.**

| | |
|---|---|
| **Petsentasie :** | |
| Manlik | 33 |
| Vroulik | 53 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 28.5 |
| Nie-professioneel | 27 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 45.8 %** **Afwyking = 54.2 %**

Dit is weereens die vroue en jongmense wat dit duidelik onderstreep dat die Woord wat met huisbesoek met mekaar gedeel word, die lidmate nie net bewus moet maak van mense se nood nie, maar hulle letterlik na buite uitdryf. Verskeie lidmate getuig dat huisbesoek hulle voor die toets gestel het om uit hul eie gemaksone te beweeg en die hand van omgee en genade na ander uit te steek. Die getuienis word onderstreep dat leraars vanweë hulle liefde teenoor lidmate met gebrokenheid, hierdie lidmate se hart in beweging gebring het om ook ander in nood by te staan. Dit is dikwels harte wat self gebreek is wat die hart van ‘n ander verstaan. Die beweging na buite lyk dun.

**9. TABEL 5**

**VRAAG 5. LEWER JY INSETTE TOT DIE PREDIKING IN DIE GEMEENTE?**

**Uitspraak a. Die leraar laai nie net boodskappe af met huisbesoek nie, dis geselstyd.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 77.7 |
| Vroulik | 73.3 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 85.7 |
| Nie-professioneel | 45.4 |
| Huisvrou | 100 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 75 %** **Afwyking = 25 %**

Die effek wat huisbesoek op die prediking het, lê opgesluit in die antwoord op hierdie baie belangrike vraag. Dit is verblydend dat die respondente dit as 'n feit staaf dat die leraar tydens huisbesoek aan hulle ruim geleentheid bied om insette tot die prediking te maak. Daar is selfs 'n opgewonde afwagting om Sondae te hoor wat die gedagtes gaan wees wat die leraar in die prediking gaan sê. Daar is selfs die geval waar die leraar buite sy gewone huisbesoek lidmate besoek om hul insette te verneem met die oog op die prediking. Verskeie ouers en tieners meld die leraar se gebruik om die hele gesin by die Skrifgedeelte en die bespreking daarvan tydens huisbesoek te betrek. Wat bespreek word, word later in die preek weergegee. Die afwyking is die ouer lidmate wat nie meer kinders in die huis het nie. Dit is ook lidmate wat meer op hul eie behoeftes ingestel is. Hulle is tevrede met die gedagte dat die leraar die stem van die Here moet hoor en daarna Sy wil aan die gemeente bekend maak. Hy is die verteenwoordiger van God by die gemeente. Dit verskraal die werk van die Heilige Gees in die gemeente. Dit is my oortuiging dat lidmate almeer bewus raak van hul roeping en voorreg om ook die stem van die Here te hoor en dit met die gemeente deur die prediking te deel.

**Uitspraak b. Betrek die jeug by die erediens.**

**Persentasie :**

| | |
|---|---|
| Manlik | 33 |
| Vroulik | 33 |

| | |
|---|---|
| Beroepe : | |
| Professioneel | 28.6 |
| Nie-professioneel | 27 |
| Huisvrou | 25 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 33 %** **Afwyking = 67 %**

Soos reeds vermeld begeer die jongmense om by die erediens betrek te word. As rede voer hulle aan dat hulle betrokkenheid die wegvloei van die jongmense in 'n groot mate kan stuit. Ek is weereens nie verbaas dat die afwyking so groot is nie. Dieselfde redes bestaan ook hier. Volwasse lidmate voel bedreig deur die jeug se voorstelle, want daar is 'n vrees dat hulle die bekende kan verander tot onbekende. Vir baie is die kerk die laaste vesting wat vir oorlewing gespaar moet word. So baie is al prysgegee. Luister ons na die jeug se pleitrede dan vra hulle net wat die volwassenes beweer hulle ervaar, naamlik 'n Woordgebeure in die erediens. Moontlik kan hulle versoek momentum kry as hulle saam met die leraar die jeug besoek om so om te sien na hul geestelike lewe onder toesig van die leraar. Die jeug se behoeftes is ernstiger as bloot 'n behoefte aan huisbesoek. Anders kan gemeentes op die lange duur al hoe meer die gesig van ouetehuise vertoon. Die afwyking is ontstellend groot omdat hierby lidmate getel word wat nie meer kinders in die huis het nie. Die simpatie met die jeug ontbreek dus verder. Van die vroue het die hoop uitgespreek dat sterker leiding aan jonggetroudes gegee moet word. Die rede is seker omdat moeders 'n intiemer pad met hulle kinders stap.

**Uitspraak c. Betrek die jeug by huisbesoek.**

| **Persentasie :** | |
|---|---|
| Manlik | 55.5 |
| Vroulik | 60 |
| Breoepe : | |
| Professioneel | 57 |
| Nie-professioneel | 45.4 |
| Huisvrou | 75 |
| Skolier | 100 |

**Bespreking :** **Stem saam = 58 %** **Afwyking = 42 %**

Lidmate bedoel goed as hulle voorstel dat jongmense by die huisbesoek van die leraar ingeskakel moet word in ‘n poging om die evangelie aan hulle voor te hou en so te probeer voorkom dat hulle langer van die kerk wegdwaal. Die jeug stem saam. Huisbesoek soos voorgestel, blyk vrugbaar te wees, maar dit is nie maklik uitvoerbaar nie. Die gedagte is positief. Die praktyk moet goed deurdink word.

Aan die ander kant waar kinders by die huisbesoek betrek word, beleef hulle dit as baie spesiaal. Daar is gemeentes waar die kinders nie meer in die pastorale gesprek ingetrek word nie. Kinders verkies dit so terwille van hulle televisieprogramme. Leraars val hierby in want dit voorkom dat ‘n kind met ‘n onrustige gemoed deel bly van die gesprek. Die vraag bestaan of kinders wat in die erediens betrek word so sou optree? Huisbesoek saam met die jeug by die jeug blyk nie so vergesog te wees nie. Jongmense en kinders wat ‘n lewende deel by huisbesoek vorm sal nie onwillig wees om die erediens te besoek nie.

**Uitspraak d. Huisbesoek vind weerklank op die kansel.**

**Persentasie:**

| | |
|---|---|
| Manlik | 77.7 |
| Vroulik | 60 |
| Beroepe : | |
| Professioneel | 63.6 |
| Nie-professioneel | 54.5 |
| Huisvrou | 75 |
| Skolier | 0 |

**Bespreking :** **Stem saam = 66.6 %** **Afwyking = 33.4 %**

Die statistiek dui daarop dat die leraar sy gemeentelede op ‘n deelnemende wyse by die huisbesoek betrek. Dit gee aan lidmate die openheid om ook hul eie sake op die agenda van die besoek te plaas. Dit is by hierdie gesprek waar die leraar sy ore spits en sy hart oopmaak om te luister wat die Here ook vir lidmate sê. Die nodige inligting vloei uit die gesprek. Die sakelys word nie alleen deur die lidmate bepaal nie, maar ook deur die prediker wat die Skriflesing aan die gesin voorhou as Woord van die Here. Hier vind die verlangde dialoog plaas, deurdat die hart van die gemeente ook gehoor word. Inderdaad ontmoet teks en konteks mekaar.

Die afwyking is nie noemenswardig nie, omrede dit lidmate is wat nie behoefte het aan insette tot die prediking nie, want hulle is tevrede dat die leraar deur God voorgesê word. Die instemming

van die meeste lidmate bevestig dat hul ‘n egte belewing van God in die erediens verlang waar die teks in hulle konteks spreek.

Wie huisbesoek so as Woordgebeure beleef het, kan nie weer passief by die erediens betrokke wees nie. Die mans se groter betrokkenheid by die Woordgesprek asook hul insette tot die prediking hou verband met hul posisie as geestelike leier en priester van die gesin. Dit beteken geensins dat die ander gesinslede ‘n ondergeskikte rol by huisbesoek moet speel nie. Elkeen het ‘n lewende rol om te vervul.

## 10. SAMEVATTENDE INTERPRETASIE

In die lig van die ontevredenheid met die prediking in die algemeen, is dit nodig om ‘n prakties-teologiese antwoord te soek vir die oplossing van die probleem. Daar is twee doelstellings nagestreef in die soeke na ‘n antwoord. Eerstens is die leraar se rol en funksie ten opsigte van die pastoraat en spesifiek huisbesoek uitgelig. Die belangrikheid van huisbesoek met die oog op aktuele prediking is onder die loep geneem. In die tweede plek is die lidmaat as hoorder se aandeel in die voorbereiding van die prediking onder bespreking geplaas. Dit was dus nodig om ‘n hermeneutiese aanpak vir die verstaan van die teks vir die prediking en huisbesoek te ondersoek. Die grondleggers van die Hermeneutiek soos Barth en ander geleerdes in die kommunikasiekunde soos Gadamer en Ebeling se standpunte het ‘n groot bydrae gelewer om die ontmoetingsgebeure tussen: God–gemeente–prediker-gemeente beter te verstaan. Dit is hul sieninge wat daartoe bygedra het dat die posisie van die lidmaat in die proses van die verkondiging van die Woord beduidend belangrik geword het. Die saak van die Bybelteks wat die Woord van God is wat aan die gemeente verkondig moet word, is vir ‘n lang tyd as ideaal beskou. Die lidmaat se rol wat die prediking betref was baie yl. Ek het aangedui dat die leraar se rol as eksegeet behels het dat hy die wetenskaplike sy soos tekseksegese moet behartig, terwyl hy ook die konteks van die lidmaat moet eksegetiseer. Dit kan hy doen slegs deur getroue huisbesoek waar hy elke besoekpunt besoek om sodoende die lewenswêreld van die lidmate te ken. Die voordeel van hierdie besoeke is tweërlei, naamlik kennis van die konteks van die lidmaat, maar ook die lidmaat se bydrae deur die Woord vir die prediking. Die belangrikheid van hierdie dialoog is die neerslag wat dit in die prediking verkry waar die Woord in die konteks van die lidmaat oopbreek. Daar is aangedui dat indien die konteks geïgnoreer word, die preek bo-oor die koppe van die lidmate gaan. Daar kan dan moeilik ‘n Woordgebeure in die erediens of tydens huisbesoek plaasvind. Die dialogiese kommunikasieteorie is daarom gekies om die verhouding van prediker tot lidmaat in die kommunikasiegebeure aan te dui. Dit is na my oordeel belangrik dat daar alreeds met huisbesoek ‘n ontmoetingsgebeure tussen God, prediker en lidmaat plaasvind onder die leiding van die Heilige Gees. So het ons dan aangedui dat huisbesoek sowel

as die prediking kommunikasie is waar die Woord van God in die sentrum staan en nie die vrae of probleme van die lidmaat nie. Sekularisme is daarvoor verantwoordelik dat nie alleen die wêreld lastige vrae oor die kerk en erediens vra nie, maar ook lidmate wat in die eeu van groot wonders in die kommunikasietegnologie nie die preek of erediens as ‘n monologiese aktiwiteit van die leraar met opgewondenheid kan ondersteun nie. Dit is hier waar die leraar se huisbesoek so belangrik word as kommunikasiegebeure. Die aantal makro-gemeentes wat swaar steun op selgroepe of ander kleingroepe is ongeveer 5%. Dit beteken dat die oorgrote aantal gemeentes wel vrugbaar huisbesoek kan doen. Die oortuiging is dat kleingroepe nie so voordelig soos huisbesoek is vir die verwesenliking van aktuele prediking nie. Ander moontlikhede is ook bespreek waar die gemeente voor die erediens, tydens die diens of direk na die diens geleentheid kry om aan die prediking deel te neem.

Die gemeente se taak in die wêreld om by die nood van die medemens betrokke te wees, het daartoe gelei dat huisbesoek ook die geleentheid is waar die prediker die lidmate kan aanmoedig of opskerp. Hul eie lewe moet van dankbaarheid getuig. Die gemeente mag nie as draers van die Woord, in isolasie met die wêreld leef nie. Ons het daarop gewys dat die gemeente eintlik uit die wêreld kom en daarom nie die wêreld in die erediens mag vergeet nie. Prediking het ‘n meervoudige aangesig. Aan die een kant is prediking God wat deur Sy Woord en Gees spreek, maar aan die ander kant is dit ook die mens as prediker of lidmaat wat spreek. Dit bevestig die eis aan die prediker om hom deeglik op hoogte te hou wat die teks en die konteks spreek. In die gesprek oor die ekklesiologie is bevind dat daar nie ‘n bepaalde gemeentemodel bestaan wat sonder huisbesoek se insette sou kon klaarkom nie.

Daar is in die literatuurstudie gepoog om die verband tussen huisbesoek en prediking aan te dui. Die leraar se verantwoordelikheid met getroue huisbesoek is na my oordeel die essensiële saak. Die lidmaat het waardering vir die besoeke wat die Woord as agenda openbaar, want dan het die lidmaat geleentheid om ook sy ervarings met God met die prediker tot verryking van die erediens en prediking te deel. Die argument dat huisbesoek oud-modies, afgewater en uitgedien is, hou geen water nie.

Daarna het ons persoonlik ‘n kwalitatiewe ondersoek in twee gemeentes gedoen aan die hand van vyf vrae soos uiteengesit in hoofstuk twee. Aan die hand van die gegewens so verkry, het ek elke uitspraak bespreek. Die afwykings is ook so ver moontlik bespreek en gemotiveer.

Daarna het ek die studie afgesluit met enkele riglyne soos deur die ondersoek uitgewys.

## 11. DIE WISSELWERKING TUSSEN LITERATUUR EN DIE RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Ten einde die bespreking te vergemaklik, word elkeen van die vyf vrae wat in die empiriese ondersoek bespreek is as basis gebruik om die uitsprake in die literatuur met die resultate van die ondersoek te vergelyk.

### 11.1 Huisbesoek is belangrik om mekaar te ken en verhoudings te bou

Al die respondente het oorweldigend positief geantwoord dat huisbesoek baie belangrik is. Dit is opvallend dat ook die jongmense dit beaam het. Tog was daar diegene wat gesê het dat dit veral belangrik is om die kerklosses en die jongmense gereeld te besoek. Hulle waardeer die leraar se besoeke, maar is bereid om toe te laat dat bovermelde groepe meer dikwels besoek word. Daar heers bekommernis oor hierdie persone wat nie die pad van geloof stap nie. Die lidmate het die waarde van die gespreksituasie onderstreep waar hulle die leraar beter kan leer ken en andersom. Huisbesoek is netso belangrik soos die prediking. 'n Spreekkamer of selgroep kan huisbesoek nie vervang nie, want lidmate deel as enkeling en gesin in die Woord tydens huisbesoek. Dit is die oortuiging dat besoeke erediensbywoning bevorder. Met huisbesoek leer die leraar die konteks van sy gemeente ken.

Ons leef tans in 'n kultuur wat minder formeel is en waar mense behoefte het om nader aan mekaar te kom (König, 1998:70-71). Huisbesoek moet die geleentheid wees waar die prediker sy oog en oor oor diegene hou wat die erediens bywoon. Hier moet hy ernstig poog om die mens in sy werklike situasie te bereik (Jonker, 1970:211). In 'n tyd waarin die anonieme mens gedurig op soek is om sy eensaamheid weg te jaag, het hy juis groot behoefte aan die warme gemeenskap van die geloof waarin hy tot rus kom (Müller, 1985:99). Huisbesoek is volgens Deddens 'n onmisbare deel van die amptelike diens, sodat wanneer dit weggelaat sou word, dit onberekenbare skade aan die kerk sou veroorsaak (1988:161).

Dit is met huisbesoek waar die lidmate geestelik groei omdat die Woord in die sentrum staan (Cox, 1985:32). Hy vervolg deur te sê dat predikers inligtingsbronne raadpleeg om die Woord te verstaan, maar nie die bronne raadpleeg om die mens tot wie die Woord gerig word, te verstaan nie. Tereg meld Cilliers dat die teks nie aan die leraar behoort nie, maar aan die gemeente. Om te preek is nie om buitekant of bokant die gemeente te leef nie, dis eerder om in-stemming met die gemeente rondom 'n Bybelteks te vind (2002: HTS Teol. Stud.). Anders praat teks en konteks by mekaar verby (Adams, 1982:35; Goedhart, 1984:58-61).

Sonder huisbesoek is prediking eensydig en monologies (Dingemans, 1991:20). Die huisbesoek van die leraar vestig konkrete prediking wat die lewe van die mens in sy mees verborge samehange verlig en tot sy reg laat kom, sodat iedere lewenssituasie daardeur wesenlik geraak word (Pieterse, 1979:75). Die teks word eers vrugbaar wanneer dit die mens in sy konkrete situasie ontmoet (Pieterse, 1979:97). Dit is alleen moontlik indien huisbesoek nie in kuiersessies of bolangse gesprekke verval nie (Beukes, 1981:69). Een van die grondvoorwaardes vir ‘n lewende gemeenskap, is dat die prediker huisbesoek doen (Heitink, 1982:303). Hendriks sê hy kan en mag nie besig wees net met organisasie of groepswerk of administrasie of liturgie nie. Dit is die dood in die pot (1982:312).

Die leraar se gebrekkige kennis van die gemeente veroorsaak dat hy nie aktueel kan preek nie (Adams, 1982:35). Hy vervolg dat as die leraar nie sy gemeente ken nie hy op die kansel soos ‘n boek sal klink (1982:38).

### 11.2 Sal jy die erediens bywoon al doen die leraar nie huisbesoek nie?

Huisbesoek het ‘n bemoedigende waarde. In onseker tye bring die leraar deur die Woord lig en troos. Dit is insiggewend dat sommige geantwoord het dat hulle steeds die eredienste sal bywoon al word hulle nie gereeld besoek nie, want hulle stap ‘n geloofspad met die Here. Enkeles het verklaar dat hulle nie die eredienste sal besoek as hulle nie besoek word nie. Hierdie houding verklaar hulle geestelike vlak in die sin dat hulle bedien moet word. Volgens De Villiers kan huisbesoek en pastoraat nie geskei word nie (1982:57). Dit is ‘n belangrike feit dat die prediker hom nie slegs op die pastoraat kan verlaat om lidmate te ken nie, want so lewer hy ‘n bepaalde boodskap by ‘n huis af, sonder om met die lydende ‘n gesprek oor Sondag se prediking te voer. Die prediker moet nie so deur die stem van die situasie aangespreek word dat hy te horisontaal luister en nie in die belangrikste plek God se stem hoor nie (Jonker, 1970:214).

Met Habermas se kommunikasieteorie dat gespreksgenote op gelyke voet met mekaar verkeer en in vryheid kommunikeer, kan die lidmate se geloof nie gebou word indien die leraar versuim om huisbesoek te doen nie. Daar is juis ‘n begeerte om in ‘n gespreksituasie die Woord met mekaar as hoorders te kommunikeer. God bou verhoudinge met mense en kommunikeer deur Sy Woord (Clowney, 1995:124). Dit is duidelik dat God ‘n antwoord van die hoorder op Sy spreke verwag, tussen Woord en weer-woord (Loots, 1986;96).

**11.3 Beleef jy God beter in die erediens as die leraar jou besoek?**

Die respondente het op twee wyses geantwoord deur te bevestig dat hulle soms die Here in die erediens deur Sy Woord en Gees ervaar, maar ook wanneer die prediking in die situasie van die gemeentelid voete kry. Baie min lidmate het gereageer op die feit dat die ontmoeting met God op 'n emosionele vlak kan lê. Mootlik het die min belewing van God in die erediens iets te make met König se uitspraak dat lidmate vir die grootste gedeelte van die erediens passief is. Selfs met huisbesoek (1998:65). Vanweë hul onbetrokkenheid, doen hulle nie moeite om hulle in die liturgie in te leef nie, sodat daar min sprake is van 'n ontmoeting met God (König, 1998:50). Ander ervaar die erediens as lewensvreemd (Smuts, 1988:40).

König verklaar verder dat die deursneë lidmaat 'n baie arm godsdienstige lewe voer. Daar is min Bybelstudie of geestelike gesprekke oor die Evangelie (1998:97). Sommige voel nader aan God op die golfbaan as in die erediens (Alston, 2002:31).

Ebeling se mening is dat mens en wêreld God alleen deur die Woord kan ontmoet wanneer die Woord geloof in die hoorder bewerk (Wethmar:1977). Die Woord stel dus geloofsmoontlikhede vry wat 'n invloed ook op die wêreld het (Pieterse, 1979:63).

White stel dit sterk deur te sê dat die pastor se rol groter en wyer is as die fisiese of geestelike gesondheid of sosiale rehabilitasie van mense… sy doel is om die versoening van indiwidue met God te soek (1976:2-4). Hy sê voorts dat die kerk gewoonlik 'n pastor oordeel op grond van sy openbare optredes, maar sy eie gemeente sal hom by verre oordeel oor sy privaat bediening by lidmate.

**11.4 Watter effek het huisbesoek op jou betrokkenheid by die nood van die wêreld?**

Die respondente het verklaar dat hulle van die leraar verwag om die nood te skilder en onder hulle aandag te bring. Huisbesoek moet die geleentheid wees waar jou betrokkenheid by nood in die wêreld getoets word, want die stelling wat enkele lidmate gemaak het, is dat lidmate by verre te onbetrokke by die nood van mense is. Daar was ook nie 'n meerderheidstem wat gevoel het dat huisbesoek hulle na die wêreld toe uitdruk nie.

Alston tipeer die kerk as 'n gemeenskap van behoeftes. Wanneer die gemeente goed funksioneer, dien dit as 'n skakel tussen God se vernuwende werk in die wêreld en die behoeftes van mense. Indien die viering van die evangelie nie gekoppel word aan die nood van mense nie, word die kerklike lewe vrugteloos, 'n roetine, irrelevant en baie vervelig (2002:69). Jonker se

opmerking is ook belangrik as hy sê dat die prediker nie vrae en probleme verkondig nie, maar die Woord van God vir die mens met sy vrae en probleme (1970:214). Die gemeente leef nie in isolasie nie en bestaan nie ter wille van haarself nie (Louw, 1980:141). Gemeentes leef tot eer van God en tot redding van die wêreld (Pieterse, 1991:92).

Die nood en seer van die wêreld moet die hart van die lidmaat aanraak en in beweging bring om die salf van die Woord as geneesmiddel aan te bied (Müller, 1985:94-95; Jonker, 1976:121). Die opdrag van Christus in Mat. 28:19 noop die gemeente om haar boodskap van versoening tussen God en mens aan die wêreld te verkondig (Runia, 1981:84).

Die gemeente se spreke is na binne gerig om die gelowiges op te bou, maar moet ook met die wêreld kommunikeer deur Woord en diens. Met netwerke van verhoudinge na binne en na buite, is die gemeente ‘n dinamiese kommunikatiewe gemeenskap (Pieterse 1991:92-94). Nel vra die vraag of die erediens netso wêreldvreemd geword het as wat die wêreld erediensvreemd geword het? Is die behoeftes van die wêreld raakgesien? (Nel, 1990:173). Dit blyk asof die kerk vergeet dat sy uit die wêreld kom.

### 11.5 Is daar geleenthede om insette tot die prediking te lewer?

Met die oog op die dialogies karakter van die prediking, is hierdie vraag baie belangrik. Die reaksie van die respondente in die ondersoek behels ‘n positiewe antwoord waar hulle staaf dat hulle met huisbesoek voldoende geleentheid kry om insette te lewer. Die hele gesin word by die Woordgebeure betrek wat aan huisbesoek ‘n baie hoë waarde toeken deurdat die konteks van die hoorders deur die prediker gelees word.

Die belangrike feit is dat dit nie die vrae en probleme van die lidmate is wat die belangrikste punte op die agenda van huisbesoek is nie, maar God se stem wat gehoor moet word (Jonker 1970:214). Hy verduidelik dat die leraar nie vrae en probleme verkondig nie, maar die Woord van God vir die mens met sy vrae en probleme.

Prediking is nie alleen gerig op die gemeente nie, dit kom ook op uit die gemeente (Pieterse, 1991:49). Die verhouding tussen teks en konteks begelei aktuele prediking (Adams, 1982:35), anders praat teks en konteks by mekaar verby (Goedhart, 1984:58-61).

Omgeegroepe of selgemeentes blyk nie ’n antwoord te wees op die verhouding teks – konteks nie, omrede kleingroepe geneig is om eksklusief en na binne gerig te wees, ‘n familie binne ‘n familie. Alle gemeentelede is nie deel van die omgeegroepe nie (Burger, 1997:155).

Huisbesoek by elke besoekpunt blyk die effektiefste te wees, want ‘n hele gemeente se verskeidenheid word betrek en gehoor tydens huisbesoek.

Daarom moet die prediker ernstig poog om die mens as hoorder, in sy werklike situasie te ken (Jonker, 1970:211). Die prediking moet weer laat gebeur wat eens gebeur het. Dit kan nie geskied deur repetisie van die teks nie (Pieterse, 1979:36). Daar moet ‘n beweging van die geskiede verkondiging na die geskiedende verkondiging plaasvind. (Ebeling soos aangehaal in Pieterse, 1979:75).

Huisbesoek moet dus die brug tussen hoorder en teks wees. Dit mag daarom nie in allerlei bysake verval soos kuiersessies of bolangse gesprekke nie (Beukes, 1981:69). Adams druk homself sterk uit deur aan te voer dat as ‘n leraar nie sy gemeente deur persoonlike besoeke ken nie, hy beswaarlik ‘n goeie prediker kan wees… sodat wanneer hy op die kansel staan hy ook soos ‘n boek sal klink (Adams, 1982:38).

Prediking is ‘n drama waarin die gemeente self die rolspelers is (Cilliers, 1998:67-68). Dit is in hierdie dialoog waar daar nie alleen ‘n interaksie tussen prediker en God plaasvind nie, maar ook tussen prediker en lidmate en tussen God en gemeente (Vos, 1996).

## 12. SAMEVATTEND

Die ondersoek het die standpunte soos weergegee in die literatuur na my oordeel goed ondersteun, naamlik dat dialogiese prediking die lidmate se rol onderskryf. Hulle betrokkenheid by die Woordgebeure tydens huisbesoek maak hulle aandeel tot aktuele prediking onvervangbaar. Die belangrikheid van getroue huisbesoek deur die prediker is deur die literatuur bevestig. Hy kan nie op ‘n gemakliker of meer sinvoller wyse die hele gemeente eksegetiseer met die oog op aktuele prediking nie.

Preekmaakgroepe en omgeegroepe kan van hulp wees, maar kan nie huisbesoek as unieke gespreksgeleentheid vervang nie. Dit is hier by sy woonomgewing waar die lidmaat die verwagting het om die Woord te hoor, maar opgewonde is om self ook te deel wat die Here deur hom vir die gemeente en die wêreld wil sê. So groei die gelowiges in hulle geloof en beleef hulle die Here deur Sy Woord en Gees wat hulle toerus om Sy Woord ‘n weer–woord in die wêreld te laat wees.

Mag leraars weer huisbesoek as unieke geleentheid ten volle benut, sodat die predikers van die Goddelike Woord saam met lidmate die erediens as ‘n Woordgebeure beleef.

# HOOFSTUK DRIE

## RIGLYNE VIR DIE BELANG VAN HUISBESOEK VIR DIE PREDIKING

Ek is bewus daarvan dat hierdie studie nie ‘n nuwe land braak gelê het nie, maar ek is tog van die oortuiging dat huisbesoek en dan veral die rol wat die prediker met huisbesoek vervul om die teks en konteks met mekaar op die kansel te versoen, met hierdie studie uitgewys en beklemtoon is. Die volgende riglyne sien ek as van belang om die prediking te vestig as komunikatiewe gebeure in die erediens.

### 1. DIE KERKORDE

In “Die Kerkorde“ soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2004 word die ampspligte van die leraar in Artikel 9.6 soos volg vasgelê: “*die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek, saam met die kerkraadslede*”. Na my mening noop hierdie kerkordelike besluit kerkrade van gemeentes wat toesig oor hul leraar hou om die besluit van die Sinode in gehoorsaamheid toe te pas. Dit bring mee dat kerkrade verplig is om te herbesin oor die besluit om leraars los te maak van die pastorale plig om veral huisbesoek te doen. Kerkrade behoort in die lig van die versoek en die behoefte van lidmate om geestelik ondersteun te word, self die voorbeeld te stel om getrou huisbesoek te doen. Dit kan die leraars se hande versterk om ‘n hoë prioriteit op huisbesoek te paas

### 2. VISITASIE

Die huisbesoek van die leraars behoort groter erns by die visitatore van die Ring te geniet tydens hul visitasiebesoeke aan die gemeentes. Tydens hul gesprek met die kerkrade en die leraars behoort die huisbesoek van die leraars asook die kerkraad onder die loep geneem te word. Die gebruik het in die verlede gefunksioneer, maar het ‘n stadige dood gesterf, blykbaar as gevolg van die visitatore wat bloot in die algemeen van die leraars se pastoraat verslag doen. Geen feitelike gegewens oor huisbesoek word meer verlang of aangebied deur die visitatore in hul verslag aan die Ringsvergadering nie. Ek is daarvan bewus dat kerkrade outonoom is, maar die erns van huisbesoek vra na beter beheer en kontrole en verslaggewing, nie soos in die sakewêreld met strafmaatreëls nie, maar met begrip en bemoediging of dan vermaning indien nodig wanneer die leraar sy amptelike plig sou versuim. Die vraag leef of verwaarloosde

huisbesoek nie noodwendig tot verwaarloosde opsig en tug by kerkrade lei nie? Ek is van mening dat daar beslis so ‘n afleiding gemaak kan word. Die logiese vraag is wat kerkrade in die plek van getroue huisbesoek kan stel om opsig en toesig oor lidmate uit te oefen?

In die omgeegroepe of selgroepe skakel ‘n beperkte aantal lidmate in wat aan mekaar of die leraars bekend is. Die res van die lidmate kan slegs deur huisbesoek betrek of geken word.

**3. DIALOOG**

Huisbesoek het wel ‘n amptelike karakter vanweë die feit dat die leraar as verteenwoordiger van Christus die lidmate met die Woord besoek. Dit beteken egter nie dat die leraar ‘n gespreksituasie moet skep waar die lidmaat die leraar beleef asof hy of sy op ‘n kansel met ‘n verhewe outoriteit staan nie. Tydens huisbesoek moet leraar en lidmaat in ‘n posisie wees waar albei die Woord van die Here hoor en albei in ‘n dialoog met mekaar en met God tree. Die gesprek moet lei tot ‘n situasie waar die lidmaat vanuit sy konteks die Woord van God hoor. Die leraar aan die ander kant as gespreksgenoot, moet die lidmaat se konteks beleef sodat die Woord as teks en die lidmaat se situasie as konteks mekaar kan ontmoet.

**4. FREKWENSIE VAN BESOEKE**

Daar moet voldoende tyd aan so ‘n besoek afgestaan word, sodat die lidmaat ruim geleentheid gegun word om optimaal aan die gesprek deel te neem. Die leraar se huisbesoeke kan oor ‘n tydperk van agtien maande of twee jaar versprei word indien alle besoeke nie in ‘n periode van twaalf maande afgehandel kan word nie. Die besoeke behoort in ‘n kwartaallikse verslag aan die gemeente se bedieningskommissie of soortgelyke vergadering van ouderlinge vir bespreking voorgelê te word. Die kerkraad moet ‘n volledige verslag tenminste een maal per jaar ontvang met aanbevelings van die ouderlinge. Hierdie stelsel bring mee dat leraar en ouderlinge mekaar ondersteun en so meehelp om die gemeente te bedien. Die prediking sal nie alleen aktueel ervaar word nie, maar gewis ook die lidmate opskerp tot diens in die gemeente en gemeenskap en betrokkenheid by die erediens.

**5. INHOUD VAN GESPREK**

Die inhoud moet na my oordeel die lidmaat se vrae en probleme bevat, asook hul ervarings met God of hul getuienis of diens in die wêreld. Huisbesoek is juis die unieke geleentheid wat die leraar gebied word om die binnewêreld van die lidmaat te kan betree. Lidmate het spontaan verklaar dat hoe meer die leraar hul besoek , hoe groter word die vrymoedigheid om hom in hulle

binnewêreld toe te laat. Dit gee aan hulle vrymoedigheid om hom te skakel in tye van nood. Leraars sal dus met die Woord as Bron en die evangelie van Christus huisbesoek moet doen en alle ander sake wat dalk op die kerkraad se agenda mag wees as veel minder belangrik te ag. Behalwe die geestelike opbou van die gelowiges wat die huisbesoek ten doel het, word die erns van die Woord in die gelowige se daaglikse lewe en die gehoorsaamheid hieraan ook vasgelê. Daar is bekommernis oor die geestelike vlak van die deursneë christengelowige vanweë die feit dat Woordkennis aan die skraalkant blyk te wees. Geestelike dagboeke met kort dagstukkies daarin is redelik gewild by gelowiges. Die redes kan verskil waarom dit gewild is, maar die oorgrote meerderheid lesers maak hiervan gebruik sonder om die Bybelgedeeltes daarmee saam te lees. Dit lei tot Bybelkennisverarming. Huisbesoek kan die erns met die Woord van God deur die dialogiese gesprek versterk.

**6. LERAAR SE PROGRAM**

Dit is een van die grootste struikelblokke in enige leraar se bediening, naamlik om voldoende tyd in sy program in te pas om getrou huisbesoek te doen. Die praktyk dui daarop dat daar soveel ander sake is wat ‘n aanslag op die prediker se program maak dat dit daartoe lei dat huisbesoek afgeskaal word om aan die leraar meer tyd te bied. Ek is bewus daarvan dat selfs leraars se gesinslewe veel minder aandag ontvang as gevolg van werkdrukte. Dit is teen hierdie agtergrond en in belang van die prediking dat kerkrade ‘n prominente rol behoort te spel deur leraars se werksprogram onder oë te neem. Alle kommissies se aktiwiteite en opdragte behoort nie op die lessenaar van die leraar te beland of om hom betrokke te maak met die werk van sodanige kommissies nie. Daar is normaalweg voldoende kundige lidmate wat met graagte en onderskeiding hierdie werksaamhede kan vervul.

Kerkrade sal hulle leraars moet bemoedig en aanmoedig om lidmate te besoek deur voldoende tyd en ruimte daarvoor in te rig. Spesialisasie van leraars behoort nie hiermee in gedrang te kom nie, aangesien alle leraars die bediening van die Woord as belangrikste taak en opdrag van die Here ontvang het. Dit beteken verder dat leraars hul sal moet laat lei deur kerkrade om te help met hul werkslading en verpligtinge. Onbelangrike sake op die lessenaar van die leraar sal moet plek maak vir die Woordgebeure tydens huisbesoek. Die leraar sal hom veral moet toespits op die prediking van die Woord.

**7. JEUG**

Dit sal niks help om met bekommernis te kla oor die jong lidmate wat na belydenisaflegging die eredienste en ander kerklike aktiwiteite opskort nie.

Hul wegraking sal die erns van kerkrade en leraars verg. Die oplossing is redelik kompleks, maar daar is lig in die tonnel. Ek is van oordeel dat die siening van die jeug nie geïgnoreer kan word waar hulle konstateer dat hulle wel 'n egte ontmoeting met God verlang nie. Daar sal met die jongmense in elke gemeente in gesprek gegaan moet word om die hindernisse en die geruis wat die kommunikasie in die erediens kortwiek, uit die weg te ruim. Een van die belangrike sake wat aandag verdien is om die jongmense 'n belangrike party tydens huisbesoek te maak. Hul insette hoe gering ookal moet erken word. Hulle moet deel van die geestelike gesprek wees en bly. Verskonings om nie deel te hê aan die gesprek nie, behoort nie goedsmoeds aanvaar te word nie.

Aparte jeugdienste, kinderdienste vir die laerskoolkinders en kleuterdienste kan al 'n groot stap in die regte rigting wees. Die jeugdienste hoef nie altyd apart te wees nie. Met nagmaal of doop dienste moet die kinders saam met hul ouers die erediens bywoon. Daar is soveel geskeidenheid in die samelewing dat ek huiwerig is om al die eredienste permanent as eksklusief te laat funksioneer. By sulke gesamentlike eredienste word dit van die prediker verwag om met eenvoud en begrip vir die jongmense se bevatlikheid die erediens te lei. Dit geld vir die liturgie netsoveel as die Woordverkondiging. Waar kinders met huisbesoek by die Bybel betrek word, kan die eredienste ook vir hulle 'n geestelike ervaring wees.

My oortuiging is dat die jongmense en veral die tieners in die gemeente op 'n deurlopende en vrugbare wyse betrek moet word by die liturgiese momente asook die prediking. Wat die prediking betref, kan hul bydraes by die gesprek met huisbesoek nie alleen vir die leraar insig bring nie, maar gewis ook aan hulle die vrymoedigheid gee om sinvol aan die erediens deel te neem. Hiedie deelname sien ek ook in 'n wyer verband as net om by die liturgie betrokke te wees. Ek wil dat die jeug die totale erediens as 'n kommunikasiegebeure tussen gelowige en God beleef. Hier speel huisbesoek met 'n dialogiese en kommunikatiewe ingesteldheid 'n deurslaggewende rol. Die jeug dien as 'n besondere klankbord vir die prediking.

Die kategetiese stof wat in die kategese hanteer word, bring nie die kennis van die erediens so onder die kinders se aandag dat dit vir hulle belangrik is nie. Buiten die eksegetiese het huisbesoek dus ook 'n eduktiewe funksie. Dit kan nie anders wees as dat die prediker deur die Gees poog om die Lewende Woord in die lewens van die hoorders te laat lewe nie.

Die jeug moet as kosbaar hanteer word indien ons nie later in die strate van die wêreld na hulle moet gaan soek, omrede soveel ander kompeterende magte hul aandag of lewe opgeëis het nie.

**8. VERTROULIKE GESPREK**

Huisbesoek moet as vertroulik hanteer word, behalwe waar die lidmate die leraar vertrou en toestem dat sekere inligting aan die gemeente bekend gemaak word.

**9. HUISBESOEKPROGRAM**

Die leraar se huisbesoekprogram moet lank voor die besoektyd aan die lidmate bekend gemaak word. Voorbidding vanaf die kansel vir die bepaalde wyk waar die besoeke gaan plaasvind, bring 'n afwagtende ingesteldheid.

**10. NUWE INTREKKERS**

Nuwe intrekkers behoort binne een maand nadat kennis van hul aankoms ontvang is, besoek te word waartydens die praktyk van huisbesoek aan hulle gekommunikeer sal word.

**11. NOOD VAN DIE WÊRELD**

Prediking met die doel om die lidmate se hart op te skerp om by die nood van die wêreld betrokke te raak, sal tydens huisbesoek aangevuur moet word. Dit is hier rondom die Woord waar lidmate hul taak as gelowiges sal moet verantwoord om 'n hart en oop hand te hê vir die buite-kerklikes op die dorpsplein.

**12. HOOPVOLLE VISIE**

Dit is my oortuiging dat met al die vernuwing en veranderings wat ten goede in die gemeentes plaasvind, omrede die tydsomstandighede die kerk noop om haar lewensstyl en bedieninge te ondersoek, huisbesoek deur die prediker steeds as een van die kosbaarste en tydige praktyke van die kerk om gelowiges by die prediking en arbeid op die dorpsplein te betrek, ondersteun sal word. Dit is by hierdie kommunikasiegebeure waar die teks en konteks mekaar omhels om die **ere-diens** aan God te vergestalt.

**BYLAE A**

**VRAAG 1**

Is huisbesoek nodig en waarom?

a) Belangrik of nie en waarom
b) Hoe effektief
c) Wat van die jeug
d) Wie moet besoek word

**VRAAG 2**

Sal jy die erediens getrou bywoon as die leraar nie huisbesoek doen nie?

a) Is kleingroep ‘n oplossing vir huisbesoek
b) Beleef u hom as gesant van God
c) Het jy vrymoedigheid om hom te kontak al besoek die leraar nie

**VRAAG 3**

Beleef jy God beter in die erediens indien besoek?

a) Hoe beleef jy Hom?
b) Frekwensie
c) Aard van huisbesoek

**VRAAG 4**

Effek van besoek maak jou betrokke by die nood van die wereld?

a) Hoor in erediens van nood
b) Maak besoek jou meer betrokke

**VRAAG 5**

Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot huisbesoek ?

a) Hoe lyk sakelys met huisbesoek

b) Gemeentelede se insette

c) Bou verhoudings en eenheid

**BYLAE B** **VERSLAG VAN RESPONDENTE**

**RESPONDENTE EEN**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom ?**

Ja, belangrik. Netso belangrik soos die prediking. Kontak nodig met kerklos en vreemde mense en veral die jeug. Meer huisbesoek in jaar nodig. Kerkkantoor (spreekkamer) nie oplossing, slegs persoonlike besoeke. Ons waardeer die Ds se besoeke, maar kerklosses het dit meer nodig. Huisbesoek verrykend vir ouderling, maar meeste lidmate verkies dat Ds lede alleen besoek. Leraar meet die geestelike vlak deur allerlei vrae oor die lewe en wat die lidmate pla. Lidmate deel in die gesprek uit die Woord

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Kontak baie belangrik vir alle lidmate. Hulle word bemoedig deur gesprek in hul huis, nie net van kansel. Besoek is ontspanne, bou verhoudings en band met leraar. Ons praat makliker by huis. Sal erediens steeds getrou bywoon, want ons stap pad met die Here.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek ?**

Verseker. Hy is verteenwoordiger van God. Dit maak dat hy nie vir of bo-oor ons preek nie, want die boodskap is ook vir hom. Die Here is oral by jou (Ps 16). Die Woord moet aanvaar en verstaan word deur die bekering, dan beleef jy God. God kom deur Woord, nie deur kantlyn – goed soos musiek en "beat" nie.

**Vraag 4 Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by wêreld ?**

Prediking moet nood skilder. Huisbesoek toets jou gawes of gee kennis oor uitreike of betrokkenheid. Kerklosses moet betrek word by aktiwiteite van gemeente. Huisbesoek leer wie is kerklos en hoe om hulle in te trek. Daar is bewyse dat hul opgewonde is om betrek te word .

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Ds laai nie net boodskap af nie. Dis geselstyd oor geestelike en aktuele sake. Ons pleit vir eenvoud en saaklikheid in prediking. Kinders moet dit ook verstaan. Betrek die jeug by

huisbesoek. Erediens is gemakliker met eietydse musiek en aktuele boodskap. Gee aan jeug aparte dienste, want hul soek na egte belewing van God op hul manier deur betrokkenheid in erediens. Jeug moet gaan haal word en betrokke gemaak word.

**RESPONDENTE TWEE**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Ja dis belangrik veral ook vir kinders. Dit moet kuiersessies wees waar kinders ook betrek word. Dit is ook noodsaaaklik vir kerklosses. Huisbesoek breek die vreemdheid tussen gemeente en leraar . Ons geniet die besoek veral as dit informeeel is. Leraar kan potensiële kerkraadslede aanmoedig met huisbesoek. Kerklosses en die jeug moet voorrang geniet met huisbesoek

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Deur besoeke ken leraar ons situasie wat ons aanklop by hom makliker maak. Ons het en sal weer enige tyd by sy huis aanklop. Dit is noodsaaklik dat hy my ken en ek hom en sy huis ken, anders sal ek nie die vrymoedigheid hê om hom te kontak nie.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in die erediens indien leraar jou besoek?**

Dis moeilik om te sê, want soms raak die preek jou en soms gladnie Vreemde besoekende leraar het my geraak met die boodskap. Dit was die anderse liturgie wat my meer getref het as ons eie Ds syne. Ons het God deur ‘n vreemde Ds beleef deur die liturgie en die Woord. Ons eie Ds se boodskappe is kort en op die man af. Hy gesels eerder as preek en dit gee gemeente tyd om te dink. Daar kan meer en hartliker gesing word, want dan beleef ek die Here. Die kinders geniet die stories wat die preek verduidelik. Leraars moet kyk na die ouderdomsgroepe en hul behoeftes;. Preek aktueel. ‘n Preek moet voete kry in my omstandighede. Staak onbelangrike sake soos kleredrag, want die Woord is die belangrikste. As die erediensorde te formeel is, is dit dodelik, want die jeug hoor nie.

**Vraag 4 Het huisbesoek ‘n effek op jou betrokke wees by wêreld?**

Ons hoor gereeld van die kansel van mense se nood. Ons weet nie wie nie, maar uit die boodskap weet ons die leraar ken hulle. Hy het met die hele gemeente kontak om te weet waar probleme is waar lidmate kan help. Die Woord gee die lig op probleme.

**Vraag 5.Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Vanuit die besoek met informele aard en die feit dat almal betrek word, word ons en ons kinders die kans gegun om te reageer op die boodskap. Hul mening sowel as ons mening word gevra

oor waarvan ons hou of nie hou nie in die erediens. Die eredienste is vriendelik omdat die Ds die gemeente ken en ons vir hom. Sy preke bevestig die vertroue wat daar is.

As lidmate gee ons ook preekstof, want ons vra vrae oor ons lewe en die Bybel. Ons hoor dan ook die Woord. Ons Ds se besoeke bring ons gemeente in eenheid.

**RESPONDENTE DRIE**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

‘n Persoonlike besoek van die leraar is baie belangrik, sodat hy sy gemeente kan ken .Geen huisbesoek , dit laat die lede afkoel en wegdwaal. Hulle beleef die kerk gee nie meer om nie. Ds moet belangstel in die mens wat hy bedien om hul sere te kan ken. Dit geld vir grysaards en veral die jeug. Die jeug loop weg omdat hulle die erediens vreemd vind. Daar is baie afleidings wat die jeug van kerk wegtrek. Ds wat nie sy gemeente en die wêreld van sy lidmate ken nie, sal nie die jeug se belangstelling wek om terug te keer kerk toe nie. Die jeug verdien ernstige aandag. My eie kind het op ‘n dag na ‘n ander kerkgroep gegaan, want daar was meer warmte as hier. Sy het gou weer teruggekom.

Dit gaan nie oor lekker kerk nie maar oor die Woord. Ons Ds preek nie oor ons koppe nie, maar vanuit ons situasie, want dis eintlik die Here wat praat. Die boodsap is pinpoint van toepassing op jou.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Ons sal die erediens bywoon al sou die leraar nie huisbesoek doen nie, want ons leef in ‘n verhouding met God. Dis Ds se omgee en sy erns met die Woord wat my dogter laat terug keer het. As hy nie dadelik in nood kan help, bid hy vir jou oor die foon. Jy weet hy kom later .Ons kan nie Sondae met Ds gesels, daarom wag jy vir sy huisbesoek om vrae te vra. Hoe meer huisbesoek, hoe meer vrymoedigheid, want jy het Ds nodig in jou krisistye.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Huisbesoek bind die gemeente, want die Ds wat almal besoek maak die lede bewus van die erns van gemeente te wees asook hul band met mekaar. Sy omgee bind die lede aan mekaar.

**Vraag 4 Het huisbesoek ‘n effek op jou betrokke wees by die wêreld?**

Ek gesels by die werk oor Sondag se boodskap of ons Bybelstudie. As onderwyseres lê die nood van kinders my na aan die hart, of dit emosioneel of materieel is. Ek is betrokke by ‘n voedingskema by skool waar ek kinders moet identifiseer en met vertroue benader om te deel in die versorgingsaksie. Ons doen in die algemeen ver te min as lidmate. Ons is te onbetrokke.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Die leraar het al vrae kom vra oor sekere sake met my werk of sport vir Sondag se preek. Ek het dit geniet om te help en Sondag te hoor wat hy vir die gemeente sê.

**RESPONDENTE VIER**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Dis baie belangrik. Is gelukkig met Ds wat huisbesoek doen. Ons waardeer dit veral omdat ons aan buitewyke van dorp bly. Leraar moet kerklos-lidmate en jongmense besoek wat so maklik verdwyn. Ons sal die leraar nie verkwalik as hy ons nie gereeld besoek nie.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Ons dink nie ons sou soveel vrymoedigheid hê om hom met minder belangrike sake te pla nie, maar sou wel sy hulp soek met ernstige sake. Dat hy ons ken gee tog vrymoedigheid. Indien mense nie besoek word nie, sal baie lidmate stilbly of kerk beskuldig, maar sou nie besoek van Ds verlang of raad vra. Ons sal die erediens besoek al besoek die Ds ons nie. Ons ken die Here en stap 'n pad met Hom.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Ja beslis. Hy kom met die Woord om die geloof op te bou en die gemeente saam te bind .Die Ds is ook mens, hy kan alleen voel. Het ook vriende nodig. Hy preek nie met huisbesoek, maar bespreek ons vrae wat ons nie sal vra by die erediens of biduur nie. Huisbesoek laat ons groei en versterk ons geloof. Ons beleef God nie elke keer nie maar is tog soms naby die Here, want Hy praat mos deur Sy Woord. Ons ken ons Ds se erns met die Woord en vertrou hom en hoor God deur Sy Woord.

**Vraag 4 Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by die wêreld?**

Deur huisbesoek praat God ook met ons maar dan praat ons ook met die Ds oor onseker sake van die Woord , kerk of land. Hy bid daaroor. Ons wat goed betrokke in die gemeente is, weet hy is die verteenwoordiger van God wat ook na die stem van die Here moet luister. Ons weet wat die nood in ons gemeente is, want Ds bid getrou daarvoor, maar ons is nie so betrokke soos hy nie. Dit is ver van God se verwagting van die gemeente. Tog as mense by die werk sukkel dan bid ons of ek deel die preek van Sondag met hulle. By die skool soek al die kinders 'n lekker kerk. Ander wil niks van die kerk weet nie, maar ons praat met hulle en nooi hulle na ons jeugdienste.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Ja huisbesoek is informeel en 'n kuier, waar Ds later wel uit die Bybel lees en ons daarop moet reageer deur te sê wat ons verstaan. Dit het al gebeur dat ons die Woord op 'n sekere wyse ervaar het, dan deel ons dit met hom. Sy besoek is lekker want ons praat kerk en geloof en hy luister. Daarna bid hy oor wat ons gepraat het en soms is dit die saak waaroor Sondag se preek handel.

Leraar moet jongmense gebruik om ander jongmense na kerk te bring. Kerkdienste moet jeugvriendelik wees. Ons vra nie orkes of beat, net egte Woord. Vra baie sang en wil betrokke wees in erediens. Ons wil die Here dien en hoor op ons manier. Kerkstyl te styf. Min vreugde maak alles vervelig want ons verstaan nie die sin van die gebruike (liturgie) nie.

.

**RESPONDENTE VYF**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom ?**

Dis belangrik. Persoonlike kontak is nodig. So word kwellinge opgelos uit die Woord . So word mense gevind wat soek na God. Lidmate hou Ds soms op afstand want daar is vrees hy kom te naby. Ons verlang nie 'n lekker Ds nie, maar hy wat die Woord dra en leer. Lering belangrik om vrae te beantwoord. Deur die pyn te ken en mee te leef, kan niemand op 'n afstand bly nie. Die besoek leer die leraar om ook goed te luister na die leefwêreld van sy lidmaat.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel ?**

Huisbesoek bewys die lidmaat is belangrik. As leraar nie besoek nie sal lede nie betrokke wees nie. Daar moet 'n persoonlike verhouding wees voordat jy jou seer kan deel. Geestelike groei kom deur huisbesoeke. Ek sal leraar kontak as hy my ken. Kontak bring effektiewe prediking wat die gemeente laat luister. Onkunde oor die lidmate maak die preek wetenskaplik, wat onverstaanbaar oorkom.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Ja, want die leraar sê; so sê die Here. Hy lê die teks uit en dan word die lidmaat gebring tot 'n keuse om reg te kies. Huisbesoek beïnvloed jou om die erediens by te woon. Die Ds is 'n rolmodel wat leef soos die Bybel voorskryf. Eenvoudige boodskappe bring verstaan en belewenis. Ons hoor die Woord beter na huisbesoek. Ek kon nie in die openbaar bid nie, maar na kontak met die leraar tydens huisbesoek, het ek veel meer vrymoedigheid om hardop te bid.

**Vraag 4 Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by die wêreld?**

Gelowiges het 'n inpak op die wêreld. Huisbesoek laat jou met vrymoedigheid in die wereld sê: so sê die Here. Daar is een probleem: ons het klaar oor apartheid bely, ons moet nou die evangelie met krag bring. Hoor die nood deur die prediking maar vra leiding van die leraar om saam met die lidmaat na die wêreld te gaan om die nood aan te spreek.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Ons praat saam met Leraar. Hy lees die Bybel wat verband hou met ons gesprek en ons lewer ons eie bydraes. Ons glo ons beteken iets vir hom met die prediking. Saampraat is vir ons 'n

geloofservaring. Dis ‘n ontleding van die gesin en ons omstadighede wat die leraar laat dink oor sy preek. Daar is geen gejaag om huisbesoek af te handel nie. Die boodskappe tref, want die leraar ken die gemeente.

**RESPONDENTE SES**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Sonder huisbesoek kan julle mekaar nie ken nie. Mens raak geheg aan Ds wat huisbesoek doen. Hy werk daaraan om die eenheid van die gemeente te bevorder.Besoeke by my huis maak my opgewonde oor die erediens. Verhoudings word so gebou. Geen huisbesoek sal 'n groot leemte wees, want deur die Woord kom lig en leiding in jou situasie. Tuis kan ons oor alles praat, maar nie in groepe nie. Selgroepe kan nie help om vrymoedigheid te skep nie. Die besoek hoef nie formeel te wees nie. Dit kan net 'n kuier wees waar geleentheid gebied word vir gesprek. So word geestelike groei ervaar. Jonggetroudes en jeug verlang besoeke van leraar.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Al is ek nie op die lys vir huisbeoek nie, sal ons steeds erediens toe gaan. Huisbesoek gee jou wel daardie vrymoedigheid om die Ds te skakel in 'n moeilike tyd .Die jeug kan minder afsydig of onttrekkend wees indien die ampte, maar veral die leraar die jongmense besoek en hulle betrek in die erediens.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Huisbesoek het 'n effek op die erediens en eenheid van die gemeente . Dit bind die lede saam sodat die belewing en meelewing sterk styg. Daar is groei in erediensbywoning . Dit is moeilik om die Ds te pla as jy hom nie goed ken nie. Dis ook waar van die prediking waarna jy nie goed luister nie omdat hy soos 'n vreemde voel wat niks van jou weet nie. Hy preek oor jou kop en ook nie vir homself nie.

**Vraag 4 Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by die wêreld?**

Die gemeente raak al hoe meer betrokke by die wêreld en sy situasie, want die Woord tuis en van die kansel dring ons tot getuies in die wêreld. Die teks by die huis is so persoonlik dat jy dit nie maklik kan ignoreer nie. Jy moet die wêreld en sy nood 'n antwoord gee.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Deur die saampraat uit die Bybel groei jou kennis van God, maar ook van die mense om jou, veral vir die prediker wat deur jou gesprek jou situasie beter leer ken. Dit het 'n effek, want jy hoor op die kansel sekere feite wat die leraar van julle gesprek weergee.

**RESPONDENTE SEWE**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Dis belangrik, maar dit het geen effek op ons erediensbywoning nie want ons het ‘n verhouding met die Here. Huisbesoek moet sonder afspraak en spontaan wees. Ons vertrou die Woord want dit leef in ons leraar se voorbeeld. Ons is al te lank in die gemeente en te naby aan die predikante. Ons kry seer wanneer die leraar seerkry. Ek wil nou net lidmaat wees waar die leraar my moet ken, maar dit moet meer van sy kant kom as my kant.

Daar moet kontak wees van die leraar na die lede toe, veral nuwe intrekkers. Huisbesoek moet ‘n geleentheid wees om harte vir mekaar oop te maak

.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Kennis van lidmate gee jou vrymoedigheid om hom in nood te skakel. Die plig lê ook by die nuwe intrekker om die leraar na sy huis te nooi waar hulle mekaar kan leer ken. Kennis bring vertroue omdat hy soveel nader aan jou leef as wanneer hy bloot op die kansel die Woord bring.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Ons beleef God praat met jou deur die Woord en leraar, maar ook dat hy met ander praat waarvan jy die situasie nie ken nie, maar die Ds ken die feite. Huisbesoek leer die Ds die gemeente se situasie ken. Ons hoor beter as jy Ds ken wat saam met jou voor die Here buig.. Ons vertrou hom omdat hy die Here ken asook my konteks. As draer van die Woord hoor jy eintlik God. Ons beleef God nie beter omdat die Ds ons ken nie. Huisbesoek bring jou nader aan die Here, want die boodskap tuis tref jou hart makliker as op die kansel.

**Vraag 4 Het huisbesoek ‘n effek op jou betrokke wees by die wêreld?**

Ons praat met medewerkers en ander oor die prediking maar nie oor die Ds se besoek nie, behalwe as dit baie spesiaal was. Tog moet ons sê dat geestelike groei deur huisbesoek en die Woord kom. Anders as met Sondag se prediking is ons dan in gesprek waar die Woord se beginsels vasgelê word in ons situasie as gesin. Ek hoor die leraar se stem van troos of vermaning waar ek in situasies kom waar ek mense moet reghelp. Prediking help om die wêreld te bedien.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Huisbesoeke rondom die Woord waar die leraar nie net 'n soort plig nakom nie, maar vrylik gesels vanuit die Woord en ons insette lewer vanuit ons omstandighede, vind soms wel weerklank op die kansel wat jou angstig maak om betrokke te wees by die verstaan van die Bybelse boodskap.

**RESP0NDENTE AGT**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Dis baie belangrik om die leraar op die kansel te ken wat die Woord moet bring, maar ook as mens. Huisbesoek is waardevol, want die Ds moet die gemeente ken. Dit gaan om verhoudinge wat gebou moet word en nie net om besig te wees nie. Ds is so nodig vir my geestelike lewe soos ek die dokter en ander broers en susters nodig het. Dit moedig lidmate aan om eredienste by te woon en skep verwagtinge vir Sondag. Ek beleef huisbesoek as besoek van die Here wat op my krisis reageer.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Huisbesoek gee vrymoedigheid. Dit leer jou die Ds vertrou. Kerk en huis moet een wees. Sal hom nie vra vir hulp of om hom te ontvang as ek hom nie ken nie, want hy is dan 'n bedreiging. Ek sal steeds kerk toe gaan al word ek nie besoek nie. Ek het behoefte aan gemeenskap van die gelowiges. Dit skort by die jongmense, daarom sal die leraar groter erns moet maak met die jeug se wêreld en hul probleme. Hy sal 'n pad met die jonggetroudes moet stap.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Ek hoor die Here in die erediens omdat ek die verkondiger van die Woord ken as boodskapper van God. Omdat ek hom ken, vertrou ek hom.

**Vraag 4 Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by die wêreld?**

Deur die besoeke het jyself soveel ontvang dat jy ander moet salf. Ek maak gemaklik met mense in nood kontak omdat ek die Here ken. Daar was tye met ernstige hartseer waar leraars my tydig en ontydig besoek het en my so gedra het dat ek die Here ewig dankbaar sal bly. Hulle het my geloof in God gebou. Ek weet vandag hoeveel waarde daar in leraars se besoeke en bystand is. Ek wil daarom die seer van ander ook salf.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Ons albei ontvang van die Here om te deel. So moet ons albei gee om mekaar te versterk. Ek vertel graag hoe goed die Here is. Ek weet dit is hoe ek ander kan bemoedig om die Here te volg.

As die Ds vir my bid met huisbesoek, dan bid ek ook vir hom dat hy die Here sal hoor om ons te lei op die pad van die lewe.

**RESPONDENTE NEGE**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Dis belangrik om die Ds te ken, sodat hy jou kan ken om die Woord aan jou te kan bedien. Dit moet die geloof opbou. Deur die besoek leer jy God en die Woord ken. Meer mense kom kerk toe as die Ds hulle besoek, want hulle wil die Woord hoor. Hulle kom nie na die mens nie, maar wil die Here beleef asof God regtig praat. Ek gaan nie kerk toe uit tradisie nie, maar om die Woord te hoor.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

Ek sal die Here nie vergeet nie al word ek nie so getrou besoek nie. Ek sal bly dien en die eredienste bly besoek. Omdat die Ds my goed ken gaan ek met groot vrymoedigheid na hom toe.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Die leraar leer jou om die Here te ken. Jy ontmoet Hom en hoor Hom deur die preek van die Ds. Ek beleef die Woord as persoonlik vir my omdat ek die Ds ken. Daarom preek hy nie bo-oor my nie. Mense beleef God omdat die Ds God se Woord spreek wat hy ook hoor.

**Vraag 4 Het huisbesoek 'n effek op jou betrokke wees by wêreld?**

Huisbesoek druk ons uit na die wêreld om mekaar lief te hê. Dit swaai ons koppe om nie die wêreld te vergeet nie. Die Ds word deur die Here gestuur om ons daaraan te herinner.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Ek bid gereeld vir die Ds en die kerkraad om die gemeente reg te lei. Hy ken die Here, so weet ek dat hy die Woord reg sal hoor en sal bring om ons harte te versterk. Ons bekommernis is die jongmense wat so wegloop van die kerk af. Die Ds sal hulle meer moet besoek en reghelp.

**RESPONDENT TIEN**

**Vraag 1 Is huisbesoek nodig en waarom?**

Huisbesoek gee insae in die lidmate se lewe. Jy kan nie vertel wat God gedoen het as Ds nie daar is om te luister nie. Deur kennis van jou omstandighede word hy ‘n vriend in nood. Ons praat baie vrylik want ons Ds kom in die hart van sy mense. Ons het hom nodig ook by die huis om ons te lei uit die Woord.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

As die Ds ons nie besoek nie, sal ons nie die eredienste bywoon nie.

Ons het aanvanklik nie so getrou eredienste in die vorige gemeente bygewoon nie, maar met die huidige leraar se getroue besoeke het ons al meer die eredienste bygewoon, behalwe in die winter vanweë my gesondheid. Die leraar stap saam met ons en dit gee vrymoedigheid om hom te nader wanneer daar probleme is.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Dis moeilik om te sê, maar deur die leraar se kontak ken ons hom beter en is die eredienste baie verrykend. Daar is ‘n vertrouensverhouding gebou. Ek dink ons hoor die Woord beter, omdat hy ons situasie verstaan. Hy doen moeite om ons tuis te laat voel en deel te laat wees van die gemeente. Deur sy kontak voel ons nader aan God want hy is mos deur die Here gestuur om ons te lei. Ons is albei afhanklik van God.

**Vraag 4 Het huisbesoek ‘n effek op jou betrokke wees by wêreld?**

Nie veel nie, want ons is pensioenarisse en ons kinders woon oorsee. Ons beweeg nie veel buite nie, want ek is te sieklik.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Daar is geen twyfel dat die Ds ons situasie ken en wil ken nie. In die prediking kom jy agter dat hy die lidmate en hul probleme goed ken. Hy vra altyd hoe dit gaan want hy stel belang in sy mense.

Die nagmaal is 'n belewenis, dis asof die Here baie naby jou is. Deur die Ds se besoeke woon meer mense die eredienste by. Al probleem wat ek soms het is dat die kerktaal in die preke verwarrend is.

**RESPONDENTE ELF**

**Vraag 1. Is huisbesoek nodig en waarom**

Dis baie nodig vir alle lidmate, met groter klem op die jeug. Huisbesoek tussen prediker (van bo) en lidmate (van onder) maak hulle gelyk en so kan goeie verhoudings gebou word. As jy in kerk grootgeword het, bly jy nie weg as die besoeke nie plaasvind nie. Kleingroepe kan nie huisbesoek vervang nie, want mense maak nie so oop soos in hul eie sekuriteitsomgewing nie.

**Vraag 2 Sal jy met vrymoedigheid die leraar in nood skakel?**

In nood kan dit help as lidmaat en prediker mekaar ken , want as hy getrou besoeke doen, sal hy probleme gou optel veral waar lidmaat dalk nie wil deel nie. Probleme laat lid soms uit skaamte die eredienste vermy. Huisbesoek kan dit voorkom. Vreemdheid maak dat predikant net ‘n gesig en stem is wat vreemd bly met wie jy nie sake sal deel nie.

**Vraag 3 Beleef jy God beter in erediens indien leraar besoek?**

Ek beleef God in die erediens met die hulp van die Gees. Dit sal nie verander met of sonder besoek van die Ds nie. Wanneer die Woord reg verkondig word , beleef ek God met my hart en verstand. Maar omdat ek die leraar ken, vertrou ek hom met die Woord.

**Vraag 4 Het huisbesoek’n effek op jou betrokke wees by wêreld?**

Besoeke moedig jou aan om jou hand na die wêreld uit te steek, anders dink jy daar is ander wat dit kan doen, al preek die Ds hoeveel keer daaroor. Huisbesoek maak die nood, jou nood, moontlik omdat die Ds jou persoonlik aanmoedig om betrokke te raak. In my eie lewe het ek die leraar se ondersteuning baie nodig gehad vanweë gesinskrisisse en as ek nie hierdie hulp en bemoediging gehad het nie sou ek sekerlik baie moeilik staande kon bly. Ek wonder of my probleme so sou geloop het as die leraar net vroeër die pad met my gesin geloop het met huisbesoek. Dit kon ander se koppe laat swaai het en soveel seer gespaar het. Daarom is ek betrokke by ander se seer en probeer ek help, al bid ek net saam met hulle.

**Vraag 5 Is daar geleenthede vir insette met betrekking tot prediking?**

Met huisbesoek maak lede hul hart oop en dis die preekstof vir die leraar. Op hierdie wyse leer die Ds sy lede ken. Hy hoor ook hul behoeftes en hy leer hulle wat die Woord in hul situasie

uitspel. Dit maak dat lede weet hulle is van belang. Huisbesoek is by my ‘n gespreksgeleentheid waar ons met vertroue oor sake praat en ek God se wil in my lewe verneem. Ek het baie vrae oor die Woord en ek dink my insette is ‘n bydae aan die prediking vir die leraar. Ek doen nie sy werk nie , hy moet ook self die Here hoor.

**BRONNELYS**

Adams, Jay E 1982. Preaching with purpose. New Jersey: Presbyterian and Reformed publishing company.

Alston (jr), W.M. 2002. The church of the Living God: A Reformed Perspective. London-Westminster: John Knox Press.

Barnard, A.C. 1981. Die erediens. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Baumann, J.D. 1972. An introduction to contemporary preaching. Michigan: Baker Book House.

Bavinck, H. 1967. Gereformeerde Dogmatiek, Deel 4. Kampen: J.H. Kok.

Beukes, M.J. du P. 1981. Huisbesoek: ‘n Handleiding vir ampsdraers. Pretoria: HAUM.

Burger, C. 1991. Die dinamika van ‘n christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. 1997. Familie van God. Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J. 1998. Die uitwysing van God op die kansel. Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J. 2002. Die geheim van die prediking. H T S Teologiese Studies, Vol. 58.

Cilliers, J. 2004. Die lewende stem van die evangelie. Stellenbosch: Sun Press.

Clowney, E. P. 1995. The church: Contours of christian theology. Illinois: Intervarsity Press .

Cox, J.W. 1985. Preaching. San Francisco: Harper and Row. D‘Assenville, V.E. 1976. Die dwaasheid om te preek. Johannesburg: De Jong.

Davis H G 1958 Design for preaching . Philadelphia : Fortress Press

Deddens, K. 1988. Dient Hem met vreugde: Opstelle over de dienst van de ambtsdragers, Deel 1. Den Haag: Oosterbaan & Le Cointre.

De Klerk, J.J. 1978. Herderkunde. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Klerk, J.J. 1979. Aktuele prediking. Pretroria: NG Kerkboekhandel.

De Villiers, D.W. 1980. Prediking en pastoraat. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.

De Villiers, D.W. 1982. Maak huisbesoek ‘n gesinsprojek. Die Kerk Bode, Vol. 134 No 25 , 30 Junie 1982.

Dingemans, G.D.J [red.]. 1986. In de leerschool van het geloof. Kampen: J.H. Kok.

Dingemans, G.D.J. 1991. Als hoorder onder de hoorders. Kampen: J.H. Kok.

Dreyer, J.S. 1991. Skrifgebruik in die pastorale sorg: ‘n terrein – Verkenning, in Muller, J.C. [red.], Praktiese Teologie in Suid–Afrika 6[2]. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Faber, H [red.]. 1984. Pastoraat - balans en perspektief 2. Kampen: J.H. Kok.

Goedhart, G.L. 1984. Gemeente Opbouw. Kampen: J.H. Kok.

Graafland, C. 1989. Kinderen van een moeder. Kampen: J.H. Kok.

Hanekom, T.N. 1964. Kerk en kerkbegrip by Calvyn. NGTT 5.

Heitink, G. 1982. Het protestantse huisbezoek vroeger en nu. PrakTH 9.

Heitink, G. 1983. Gids voor het pastoraat 1. Theologie en Gemeente. Kampen: J.H. Kok.

Hendriks, A. 1982. Huisbezoek in het Nederlandse Katholieke pastoraat. Prak TH 9.

Hendriks, J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing. Wellington: Hugenote – uitgewers.

Heyns, J.A. 1966. Die evangelie in krisis. Kaapstad.

Heyns, J.A. Sekularistiese Teologie. Bulletin van die SAVCW, No18, April 1969.

Heyns, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Jaarboek 2004 van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Jaargang 155. CUM.

Jonker, W.D. 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria: N G Kerk Boekhandel.

König, A. 1966. Gedagtes oor die kerk by Calvyn. NGTT 7.

König, A. 1998. Vernuwe of verdwyn. Kaapstad: Lux Verbi.

Labuschagne, F.J. 1982. Kommunikasieproblematiek rondom die prediking. B.D – verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Loots, P.J.C. 1986. Die radio as kommunikasiemedium in diens van die prediking. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Louw, D.J. 1980. Die stad in die mens. Pretoria: N G Kerkboekhandel .

Louw, D.J. 1980b. Op soek na die huisgenote van die geloof: Riglyne vir huisbesoek. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Louw, D.J. 1982. Pastoraat en lyding. Teologie Aktueel No 1. Kaapstad: N G Kerkuitgewers.

Louw, D.J. 1984. Pastoraat in eskatologiese perspektief No 3 Teologie Aktueel. Kaapstad: N G Kerkuitgewers.

Muller, B.A. 1985. Prediking en gemeente in Smuts, A.J. Die Woord aan die werk. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Muller, B.A. 1990. In gesprek oor die erediens. Huldigingsbundel. Kaapstad: N G Kerkboekhandel .

Nel, M. [red.]. 1990. In gesprek oor die erediens. Huldigingsbundel. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Nel, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House: Orion Uitgewers.

Palmer, P. 1981. Company of strangers. New York: Crossroads.

Pieterse, H.J.C. 1979. Skrifverstaan en prediking. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1986. Verwoording en prediking. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1988. Die Woord in die werklikheid, 'n Teologie van die prediking. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1990. In gesprek oor die erediens. Huldigings Bundel. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Doornfontein: Perskor.

Pieterse, H.J.C. [ ed.]. 2001. Desmond Tutu's Message. Leiden – Boston – Koln: Brill.

Pieterse, H.J.C. 2005. Hoe kom God aan die woord in die prediking? Die probleemstelling. Praktiese Teologie in Suid–Afrika 20 [1].

Plomp, J. 1969. De kerklijke tucht by Calvyn. Kampen: J.H. Kok.

Potgieter, M. 1995. 'n Nuwe Bybelse lewenswyse. George: Drukkor.

Rossouw, P.J. 1988. Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Runia, R. 1981. Heeft preken nog zin? Kampen: J.H. Kok.

Smuts, A.J. [red.]. 1985. Die woord aan die werk Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Sweazey, G.E. 1905. Preaching the good news. New Jersey: Prentice – Hall.

Theron, J.P.J. 1982. Huisbesoek in die N G Kerk: 'n Prakties – Teologiese ondersoek. D. TH Proefskrif Unisa.

Trimp, C. 1983. De gemeente en haar liturgie. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

Van 't Spijker, W [et al]. 1990. De Kerk: Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van Zyl, P.J. 1995. 'n Prakties – teologiese ondersoek na die Invloed van huisbesoek op erediensbywoning binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. D.D. Proefskrif Universiteit van Pretoria.

Vos, C.J.A. 1996. Die volheid daarvan 1. Pretoria: R.G.N – Uitgewers .

Wagner, C.P. 1984. Leading your church to growth. California: Regal Books.

White, R.E.O. 1976. A guide to pastoral care. London: Pickering & Inglis.